**RUGBY: KEERPUNT OF VLOEK?**


# vrye weekblad

5 - 18 AUGUSTUS • R5,00

**ONAFHANKLIK • ONVERBONDE • ONVERSKROKKE**

CONSTAND LAAT DIE SPOOK WEER LOOP

# kommando's: beskermers word bedreigers



**Kerkbaas se kaperjolle: Net naasteliefde, sê hy**

ISSN 1015-9649

# Die nuwe Toyota Camry 220 reeks. Die volmaakte balans tussen tegnologie en bekostigbaarheid.




*220 SEi*

Wat baat tegniese innovering en luuksheid as jy dit nie kan bekostig nie? Die Toyota Camry 220 bring tegnologie in volmaakte balans met ekonomiese realiteit.

Die enjinruim van al vier 220 modelle lê gelykvol met Toyota se voorfront multiklep-inspuittegnologie. En terwyl 4-silinder enjins tradisioneel vibreer weens inersiekragte, het hierdie kragtige 2,2-liter enjin (wat 'n indrukwekkende 97 kW teen 5 400 r/min lewer) twee ratgedrewe balansaste om die stil soepelheid van 'n 6-silinder motor te verseker.

In al vier 220 modelle is daar ook 'n hoë vlak van luuksheid en verfyning. Want 'n afstandbeheerde immobiliseerder en alarm, sentrale sluitstelsel en kragstuur is standaard.

Die Camry 220SEi bied jou veel meer. Leerafwerking, elektries beheerde vensters en kantspieëls, outomatiese klimaatbeheer, 10-stap verstelbare bestuurdersitplek en hoogteverstelbare kopstutte voor en agter. Alles om die luistergenot van die kompakskyfaanpasbare, 6-spreker klankstelsel met 'n RDS-radiofunksie, en die opsie van bakgemonteerde 6-skyf wisselaar, soveel meer aangenaam te maak.

Om sitplekposisies en kajuitruimte te evalueer is poppe van oor die 1,9 m gebruik. Die resultaat: ruimte in oorvloed. Sitplekrûe is ingekurwe vir meer knieruimte. Die sitplekleibane is van die vloer na die deurdrumpels verskuif vir meer strekplek. Toe het ons die vloerpan laat sak vir meer kopruimte, sodat 5 volwassenes in totale gerief kan ry. Ook die Camry se kattebak het 'n ontsaglike 456 dm³ pakplek. Volgens die motortydskrif Car, wat die ISO blokmeetmetode gebruik, is dit die grootste sedanbak in sy klas.

Maar Toyota doen meer as net motors bou. Elke Camry word gerugsteun deur Toyota se legendariese naverkoopdiens. Plus, 'n unieke 24-uur padhulpprogram tydens jou waarborg.

Watter Camry 220 model jy ook al kies, weet jy vir seker jy kry die volmaakte balans tussen tegnologie en bekostigbaarheid. En tussen jou en jou motor.

**Alles loop reg, altyd reg**

**TOYOTA**


C A M R Y

Die Camry reeks: 200i 5-spoed; 200i 5-spoed (L/V); 200Si 5-spoed; 200Si 4-spoed Outo; 220Si 5-spoed; 220Si 4-spoed Outo; 220SEi 5-spoed; 220SEi 4-spoed Outo; 300SEi 5-spoed; 300SEi 4-spoed Outo. ***Tolvrye Camry Infolyn:*** 0800-139111

LINDSAY SMITHERS-FCB T2307/A



9 Die kommando-spook. Kommando's word landwyd gestig. Mans en vroue kry daar goeie opleiding - en wapens. Dit gaan oor selfverdediging - die beskerming van huis en haard, word gesê. Maar ná genl Constand Viljoen se oproep dat blankes hulle by kommando's moet aansluit, het 'n heel nuwe, sinistere, klem op hierdie verskynsel gekom.



28 Beelde uit Afrika. Houding tel vir baie in dié vasteland. Met die regte houding kan jy 'n Afrika ontdek wat anders, meer avontuurlik en eerliker is as die toeriste-attraksies. Die foto-joernalis Andrew Bannister durf met sy kamera - en die regte houding - Afrika aan.



41 Onderwater lewe 'n ander wêreld. Jacques Cousteau het met sy akwalong lank gelede al die "ekstase van die dieptes" ontdek. Vandag is die toerusting baie meer gesofistikeerd, maar nog steeds getuig die scuba-duikers van die "ontdekkingsreise" wat hulle onderwater beleef.

vrye weekblad

5 AUGUSTUS 1993

TWEEDE REEKS Nº 4

KORTBEGRIP 6

**POLITIEK**
PARTYKRISIS WORD 'N REGERINGSKRISIS 11
GEWELD BREEK DEUR "SIELKUNDIGE" GRENS 13

**AKTUEEL**
TE MIN WATER, TE VEEL MENSE 15
KOOS NELL SE TOEVLUG IS VIR BAIE SOOS 'N HEL 21
TE VEEL MENSE, MIN HOOP 24
TE MIN BEHEER OOR IMMIGRANTE? 25

**OMGEWING**
SIEKTES SAL BEESTE IN WILDTUINE AFMAAI 18

**BOEKE:**
LEM: VERNIETIGINGSDRANG 36
WAS PETER BLUM 'N SKISOFREEN? 37
BOEKE IS GOEIE WAARDE VIR GELD 40

**KUNS EN VERMAAK**
ROGER PALMER SIEN RAAK WAT ONS MISKYK 22
BILL CURRY KEN SY BOESMAN 26
DIE OOMBLIK WAT FRUSTRASIE TOT 'N MOORDTOG SWAAI 45

**RUBRIEK**
BRIEWE VAN ONS LESERS 4
VLIEG IN DIE SALF 8
LEWENSTYL 20
VROUEFRONT 40
POP 44
FILM EN TEATERRESENSIES 46
WYNPROE 50
ONTDEK 'N NUWE EETPLEK 50
FYNPROE 51
KLIPOOG 52
BROLLOKS 53

**SPORT**
BOKSPAN: TE VROEG OM WINDGAT TE WEES 48

**LAASTE SÊ**
LIBERAAL-DEMOKRATIESE ONDERLEG IN DIE GRONDWET 54

# briewe

BRIEWE KORTER AS 300 WOORDE GENIET VOORKEUR
RIG BRIEWE AAN:
DIE BRIEWEREDAKTEUR, VWB POSBUS 177
NEWTOWN 2113



Marianne de Jong en Ryk Hattingh

## Ek sê, ou sus...

*Telana Grootboom van Westhoven skryf:*

Viva! Viva die prostitute van Pointweg Durban, Viva! Nader aan solidariteit met onderdrukte vroue in Suid-Afrika kon die dikgevrete, dofgedrinkte spannetjie in die doofpot by Wits se winterforum nie kom nie. Die uitsprake van die paneel en die gehoor oor feminisme het weereens die Afrikaanse skrywers en letterkundiges se eksklusiwiteit en irrelevansie in die veranderde SA bevestig. Ek sê my bra, wat 'n disaster is die ou spul nie! Die gebrek aan insig, helderheid en commitment staan in skrille kontras met hul groot bekke tydens die struggle van die tagtigs. Nou struggle hulle vir individualisme, middelmatigheid en middelklassigheid.

Soos Dulle Griet: Sy is tog net géén Dolle Mina nie! "Ek behoort aan geen organisasie nie, ek baklei nog altyd op my eie manier my eie battles en ek praat nie namens ander vroue nie, maar o ja, ek voel tog 'n ernstige persoonlike gemis na bruin en swart vrouestemme." Grieta! En om dan nog daardie manlike fantasie-romannetjie *Wit Vis* as feministies te beskou, is om 'n groot spul kak in die doofpot te stop.

Dan het die vrou wat haar verkyker vergeet het ook haar rigting verloor. Sy is baie baie deurmekaar en tóg so bang iemand dink dalk sy is 'n feminis.

Van Ryk Hond, groenman, Oosterse filosoof en ekofeminis kon ons niks anders as esoteriese gebrabbel verwag het nie. Noudat die wêreld behoorlik opgefok is, wil hy hê al die oermoeders moet hul besems gryp en die gemors opruim. Is hy skielik 'n feminis omdat hy 'n vroulike sy het, omdat hy ewe outyds besluit het dat vroue die chaos en die donker in die mens verteenwoordig of omdat Hond die sensors met 'n kaal afkopvrou op die voorblad van daardie boekie in plastic uitgedaag het?

Marianne de Jong kon die bespreking gered het as sy minder steeks was om haar sê te sê. Waarskynlik het die eerstejaarsvlak van die bespreking haar laat moed verloor.

Foeitog, hel, kan iemand die ingeteelde klomp met hul stagnante idees nog ernstig opneem? Sit liewer vinnig 'n deksel op daai pot!

## Stilte asseblief

*Piet van Pretoria skryf:*

Nou die dag besoek ek, my vrou en die kinders die Voortrekkermonument in Pretoria. Ons klim toe met die trappies op na die hoofingang. 'n AWB met 'n volle uniform staan voor die deur. Ek voel opgewonde en nuuskierig. Dis die eerste keer dat ek 'n lewende AWB in uniform sien - voorheen nog net op TV. Miskien is daar nog van hulle. Daar ís toe ook - 'n hele spul in lewende lywe.

"Sou hulle nou die Monument bewaak?" wonder ek.

Twee bejaarde vroue in volle AWB-uniform kom by die groot deure uitgestap. Hulle gaan staan teen 'n muur voor die ingang en steek elk 'n Lexington aan. Nes die Leier - dieselfde blend.

'n Bord by die ingang sê: Stilte. Hou die kinders in toom.

'n Bulderende stem van hoog bo onderbreek die gevraagde stilte.

"Die Boere kom!!"

Die twee bejaarde AWB-vroue raak skielik opgewonde en hulle oë soek na die Boer met die groot stem op die dak van die Monument. Hulle lag en waai na bo. Naderhand vind hulle oë die Boer met die groot stem. Nou waai hulle éérs.

"Piet is darem 'n oulike seun," sê die een.

"So, daar is nog meer van hulle binne," dink ek.

Ek kyk weer na die bordjie: Stilte. Hou kinders in toom. Ter wille van die Nuwe Suid-Afrika sal die bordjie verander moet word na iets soos: Doodse stilte. Hou kinders en AWB's in toom.

Ons stap na binne. Daar is nog AWB's met uniforms. Hulle staan rond, kyk rond. Hulle besoek die Monument - nes ons. Sommige AWB-manne is gewapen - met messe. Die messeskedes aan hul heupe is leeg. Die messe is by hul stewels ingesteek - gereed om te "draw" van die voet af. Een ou grote met 'n massiewe pens kom die saal binnegestap. Hy is gedaan - die trappies na bo was te veel vir hom. Stomend en swetend maak hy vir die naaste sitplek. Die ander AWB's staan rond en gsels. Ou Grote kan nie - hy's te moeg. Hy soek na sy asem, maar vind dit nie binne die Monument nie. Die plek raak vir hom te klein en hy gaan hygend na buite. Hy sal moet fiks raak vir die oorlogsveld. Die Boere het hom nodig. Elke man op kommando sal tel. Gelukkig hoef hy nie perd te ry nie.

Die AWB's koop aandenkings - foto's van die Monument en teelepels. 'n Vrou met 'n rooi rok met "army bootse" koop 'n Monumentasbak vir die klaargerookte Lexingtons. 'n Jong meisie met wit romeo bootsies en volle AWB-uniform hang aan haar vriend se skouers. Een van die voëls wat weerskante aan die man se skouers hang, raak los en val op die Monument se vloer.

Hy tel dit op en sy meisie met die wit bootsies en kakie uniform sit die voël weer vas.

Die AWB's verlaat die Monument en stap na hulle motorkarre. 'n Gryskop oom met 'n 9 millimeter op sy heup stap om die karre. Sy regterhand hang gereed bo sy 9 mil.

"Dis veilig. Julle kan maar klim," sê hy.

Almal begin in hulle karre klim. Pette en kêpse bly op die kop. 'n Ou blou Datsun lei die konvooi. Dit lyk na 'n vinnige kar want op die voorruit staan 'n groot PERFORMANCE 2000 geplak. Op die deur pryk 'n gehawende selfgeverfde AWB-wapen. Die bestuurder hak sy Datsun onder sy arm vas. 'n AWB-passasier se arm hang vollengte by die venster uit. Tussen die twee vingers brand 'n Lexington. Die CB's is aangeskakel en hulle toets die radioverbinding. Hulle karre staan die hele pad vol en niemand kan verby kom nie. Uiteindelik is hulle gereed en vertrek, een ná die ander. Ons vergaap ons.

"Dis lekker by die dieretuin," sê my dogter.

"Ja wragtag," sê ek. "Lanklaas só 'n 'live show' gesien."

"Baai," groet die een AWB met 'n "camou" uniform sy maat.

"Kan die Boere mekaar nie in ons moedertaal groet nie?" wonder ek.

Terwyl die AWB konvooi wegry, dink ek vir oulaas: "Al wat ons gemeen het, is ons moedertaal."

"Baai!"



Peter Mokaba

## Jy't geen idee nie

*Karel van der Merwe van Kemptonpark skryf 'n ope brief aan max du preez (sic):*

Dis lanklaas dat ek 'n brief probeer skryf het met soveel "venom".

Jy sal ook oplet dat ek jou naam nie met 'n hoofletter skryf nie. Dis as gevolg van 'n gebrek aan respek.

Nadat jou flentergatkoerantjie sy gat gesien het, seker maar oor geld, het ek reeds besluit dat ek jou en jou gespuis nooit weer sal ondersteun nie.

Maar jy weet mos hoe's 'n mens, hy gaan maar weer terug na sy braaksel. Toe koop ek nou maar uit nuuskierigheid vir die eerste keer jou 8 - 21 Junie uitgawe van *Vrye Weekblad*, en waar jy tot vervelens toe kla oor die arme Afrikaners, en wat jy in jou moer insist om "Afrikane" te noem! En wat vind ek? 'n Groter pot braaksel! Dit het nou uit en uit my mind opgemaak. Nou's dit klaar! Man ek is so bly! Jy't geen idee nie!

Hoekom is jy tog so bitter teenoor die Afrikaners? Waarom so bitter? Is dit omdat hulle opstaan vir hulle regte? Dit kan jy so waar as wragtig net nie hanteer nie!

Jy moet onthou, jy't ook die apartheidkarretjie vir jare en jare gery. Nou skop jy hulle wat jou grootgemaak

en gevoer het onder die gat! Skaam jy jou nie? Nee man, 'n boereseun praat nie so van sy eie mense nie. Ek wonder wat jou pa en ma van jou dink (as hulle nog leef, geen slegte bedoelings nie) as jy so van hulle eie mense praat?

Hoe voel dit om so 'n verraaier van jou eie land te wees? Toemaar ou max, ek weet jy voel vere!

Ons almal weet ook buitendien dat jy so praat van die boere net vir die geld en besef dat jy dit nie regtig bedoel nie, al klink jy so bitter teenoor jou eie mense.

Laat ek jou nog iets verwittig wat jy self weet maar graag nie wil raaksien nie. As die stront die fan strike, sal Mandela en sy swart gevaar nie jou eers vra vir wie jy gestem het, en of jy ook 'n kafferboetie is nie, o nee ou max, hulle gaat jou en ons almal blaas! Word wakker man!

Jy weet jy's die soort ou, dat al wat jou sal bevredig met jou beheptheid oor die Afrikaners is as jy daai slegte bliksemse Peter Mokaba en sy gespuis join en al jou bitterheid uit toyi-toyi totdat julle altwee neerslaan! Miskien sal dit jou frustrasies streel.

Ek sou so baie graag wou sien wat jy sal doen as jou vel skielik oornag swart moet word? Dan sal jy bleddie gou 'n ander tune fluit! Nou's jy grootbek. En ek weet dit gaan tog net oor geld.

Wat 'n ou darem nie alles sal doen om te probeer om die politieke limelight te betree nie! Al kos dit jou trots... Maar dank die vader, jy maak net wind... Ek hoop hierdie kaffermagazine van jou sien nog gouer sy gat as die vorige een. Ek hoop en bid.

My laaste drie briewe het jy ook nie in jou flentergatkoerant geplaas nie, weens jou lamsakkigheid, en hierdie een weet ek ook sal jy nie, maar in elk geval, lees lekker en ek wens jy en jou hele gespuis net die beste necklaces toe!

*(Brief effens verkort - Red.)*

## Afgesit

*HJR Myburg van Pretoria skryf:*

Ek het *Vrye Weekblad* tot dusver interessant gevind en dit graag gelees.

Nadat ek die onderskrif onderaan die artikel "Sien op na Siener" op bladsy 53 van u uitgawe van 22 Julie 1993 gelees het, en u opmerking elders oor Kaptein Buthelezi, stel ek geensins meer in *Vrye Weekblad* belang nie.

Dit sal u blad tot voordeel strek as u die betrokke skrywers vra om hulle eers op hoogte van sake te stel alvorens hulle u blad invaar.

## Soek versekering

*Manie Kriel van Phalaborwa skryf:*

Ek geniet julle poging. Ek wil graag die versekering hê dat julle ná 27 April dieselfde persvryheid sal geniet, indien nie, 'n pro-rata terugbetaling op my intekening?

## Viva, VWB!


*Sybrandus Adema van Oranjezicht, Kaapstad, skryf:*

Drie viva's vír die nuwe *Vrye Weekblad* tydskrif! Alle lof aan die eerste uitgawe van 'n tydskrif wat alles is wat ons, die lesers, belowe is dit sal wees.

Alhoewel ek die heel laaste eksemplaar by die padstalletjie kon kry, dink ek tog *Vrye Weekblad* kan 'n groter omset hê. As selfs my ouers dink die tydskrif is uitstekend, dan móét daar 'n groot mark bestaan. Al wat kort, is 'n promosieveldtog.

Ek hoop *Vrye Weekblad* sal in die toekoms een van die belangrikste tydskrifte in die land word. Julle is ten minste op hoogte van sake en beter voorbereid op die toekomstige Suid-Afrika as die meeste ander tydskrifte en koerante. Meer internasionale nuus, veral van ander Afrika-state, sal egter verwelkom word.

Voorspoed met die tydskrif en mag julle, soos met die *Vrye Weekblad*-koerant, voortgaan om Afrikaans van haar stereotipes te bevry.



**Oswald Pirow**

## Siener se visioene

*Dr Johan F Prins van Northcliff, Johannesburg, skryf:*

Brolloks en Bittergal (*Vrye Weekblad*, 22 Julie 1993) is miskien te hardhandig om Siener van Rensburg af te maak as 'n "flentergat-Boereprofeet". Soos alle sieners word hulle visioene baie keer, selfs deur hulself, verkeerd uitgelê. Miskien kyk ons die feit mis dat ou Siener se voorspellings al klaar in 'n groot mate verwesenlik is.

Dit is tog duidelik dat 'n visioen uit die hemel wat "swart" vyande uitbeeld te doen sal hê met die siel. Verder sal hierdie vyande net vyande wees van wat goed is (of was) in die Afrikaner en nie van alles (die slegte inkluis) wat aan ons toe te skryf is nie. Dit is dus moontlik dat Siener se visioene as volg uitgelê kan word:

Die oorgawe van mag in vreemde hande het al in 1948 gebeur toe ons toegelaat het dat 'n spul Nazi-geïnspireerde Broederbonders die landsregering beheer. Dit is hierdie mense, met hulle swart siele, waarteen Siener gewaarsku het. Dat hulle 'n kniebuiging was voor buitelandse dwang is nie te betwyfel nie: Het Oswald Pirow en sy landsverraaiervolgelinge dan nie al in 1942 besluit dat hulle nie aan die verkiesing sal deelneem nie, maar eerder sal wag op Hitler se "bevryding" nie? Is dit nie dieselfde Oswald Pirow wat ná 1948, aangestel as Prokureur-Generaal deur die huidige regering, die eerste pogings aangewend het om Nelson Mandela skuldig te bevind aan hoogverraad nie? En is dit nie sy sielsnalatenskap wat nou nog hoogty vier in ons land se regswese en "veiligheidsdienste" nie?

Dat dit eintlik dié "swart siele" is wat ons vyande is, en nie die "Engelse" nie, is al bewys deur die smelting van die SAP en ou (ware) NP in die 1930's; ná ou Siener se dood. Toe het "Engelse met ware Boereharte" hulle by die Afrikaner aangesluit. Dat al hierdie "uitgerekte onderhandelinge" toe nie gelei het tot vrede soos verwag nie, is ook bewys; want die "swart siele" het toe oorgeneem in 1948. Dat ons ons moet verootmoedig voor God voordat vrede in ons land sal kom, word bewys deur die huidige gebeure. Opregte Christene is besig om dit te doen. Daarom vind ons dat die vervolging van die Christendom nie meer plaasvind soos dit die geval was vanaf 1948 nie. Dr Beyers Naudé kan nou weer vrylik Gods Woord verkondig.

Dat die stryd teen die "swart gevaar", naamlik die Broederbond en sy skeppinge sedert 1948, nog nie verby is nie, word bewys deur die aktiwiteite van die sogenaamde "Regses". Maar daar is goeie hoop, ou Siener het ook voorspel dat daar in hierdie tyd van verootmoediging 'n leier, die man in die bruin pak klere, na vore sal tree om ons na vrede te lei. Geen mens sal elke dag van sy lewe 'n bruin pak klere dra nie, behalwe as hy daarmee gebore is. Dus is hierdie leier nie 'n witman nie! Laat ons hoop en glo dat die tyd aangebreek het vir Nelson Mandela om ons van die randjie van die afgrond te red.

## Ly jy aan NSSS?

*Raymond Smith van Observatory, Kaapstad, skryf:*

Om te begin, verwys ek na Stefan Naudé van Johannesburg se skrywe in *Vrye Weekblad* van 24 Junie, waarin hy bekommerd is dat *Vrye Weekblad* sy identiteit kan verloor as hy vyandloos word en dat alle intelligente lesers tog weet daar is nie so iets soos objektiewe koerante of tydskrifte nie.

Hy verkies blykbaar om vyande te hê en om subjektief te wil voortneuk. Aan hom wil ek vra, ly jy nou aan die NSSS (Negatiewe Nuwe Suid-Afrika Sindroom) waarin daar klaarblyklik geen lewe sonder vyande of subjektiwiteit kan bestaan nie? Moenie worry nie, ek is nie kwaad vir jou nie, ek is eintlik kwaad vir wat hierdie nougesette samelewing aan ons almal doen. Ons kan nie meer by ons probleme verbykyk nie, nou verlustig ons ons maar in die subjektiewe sorrows van ons sogenaamde vyande. How convenient, simply not interested in possible solutions, or the thought that maybe the world is not quite as bad if only we would bother to look and listen a bit harder. Wat gaan van ons word as ons objektiwiteit uit ons woordeskat skrap?

Ek is eenkeer na my politieke oortuiging gevra en het filosofies geantwoord: "Ek het tot die gevolgtrekking gekom en dit aanvaar, dat daar baie meer grys as swart en wit is." Ewe filosofies volg die reaksie: "Maar sou die baie grys bestaan sonder swart en wit?" Ek het stilgebly weens my onvermoë om 'n geldige antwoord. Vandag, lank ná die vreemdeling se vraag, het ek tog met 'n bevredigende antwoord opgekom. Nou sou ek graag aan die vreemdeling wou sê: "Nee, hulle sou nie bestaan nie, maar dit is nie die begin wat belangrik is nie, dit is wat ons met die res van ons lewe doen wat van belang is."

Die enigste sekerheid omtrent die lewe is verandering en waar daar verandering plaasvind, is daar konflik. Die lewe is dus afhanklik van verandering in sy wese en daarom ook van konflik om 'n balans te verseker in die geheelbeeld. Ons grootste gevaar is dus stagnasie. Aan diegene wat ook aan die NNSS of die SVS (subjektiewe vyandsindroom) ly, wil ek sê, lees 'n goeie boek soos *The Turning Point* deur Fritjof Capra. Dalk ruk dit diegene uit hul kleinwêreld-groef uit en besef hulle daar is lewe hierna.

Aan *Vrye Weekblad* wil ek sê baie geluk met die meer objektiewe formaat en dankie dat julle die intelligente leser self laat besluit wat subjektief en objektief is. ■

# mense en dinge

**O, SOETSTE NAAM:** Denel verklaar 'n beter as verwagte wins vanjaar - na belasting: R235 miljoen. Seker die heel beste rendement wat die DE(klerk)NELson Mandela samevoeging nog opgelewer het.

**STOUTSTE NAAM:** Somchem, 'n filiaal van Denel, besluit om sy goeie jaar te vier met bonusse slegs aan die bestuurslui. Die werkers word beloon deur die trots op hul arbeid.

**POSTUUM:** *Time* se uitsoekrubriek Milestones gedenk die briljante, maar omstrede Eschel Rhoodie (60) se skielike dood op die tennisbaan in Atlanta met 200 woorde - hoofsaaklik oor sy opspraakwekkende Info-skandaalbedrywighede tydens die Vorster-regime.

**STRAF:** Herman Mathee word vir tien jaar geskors omdat hy die helfte van die Comrades per taxi afgelê het. Bruce Fordyce dink Herman is te kwaai gestraf en moes liewer tot nog 'n Comrades agter by die stadiger outjies "gevonnis" word.

**LANGASEM 2:** Koning Goodwill Zwelethini wys hy volg Buthelezi nie net die politiek in nie, maar in langpraat ook - ekstra foltering vir ou Indoenas wat ook maar soos ouderlinge nie kan verhelp om'n uiltjie in die voorste gestoelte te knip nie.

**GETROOS:** Braam Ackerman sê hy het vrede in sy gemoed oor wáár sy vermoorde moeder ná die slagting in die St James kerk in Kenilworth is.

**SLUIPMOORD 1:** Khulekani Mhlongo (26), SR-voorsitter van die Universiteit van Zoeloeland, ANC-aktivis, doodgeskiet. Die universiteitseksamen word hierdeur uitgestel.

**SLUIPMOORD 2:** IVP-leier Shozi word in Kathelhong geskiet en die ANC spreek sy meegevoel uit oor die "barbaarse" daad.

**GROENER:** Alexandra op 13 Augustus wanneer ons eie twee wêreldbokskampioene, Dingaan Thobela en Baby Jake Matlala, gaan help bome plant op Nasionale Boomplantdag.

**AANGESTEL:** Die oud-Bolander wat geografie groener en sensitiewer gemaak het, prof Francois Hanekom van die departement geografie, Unisa, as adjunk-direkteur-generaal van Omgewingsake. Sy klem gaan val op die persepsie van bewaring onder arm mense, omgewingsekonomie en groen politiek.

**S A L SPEAK:** Die nuwe Boeing 474-400 wat van Oktober onder SAL sal vlieg, heet Vulindlela. Dit beteken "simbool van krag" in vele tale.

**OUTEUR:** Uitgewekene Hein Grosskopf, wie se helde John le Carre, Raymond Chandler en Len Deighton is, skryf 'n roman. Dit heet *Artistic Graves*. Dit handel oor 'n bomgooier. Sy oupa het die beroemde *Patrys-hulle* verhale geskryf.

**KONINKLIK:** Oeganda se antieke koninkryk Boeganda word na 26 jaar herstel met die nuwe kabaka Ronald Tumebi, deeglik geskool in Brittanje waar sy pa, koning Freddie, in ballingskap was.


vrye weekblad

REDAKTEUR
MAX DU PREEZ

MEDE-REDAKTEURS
INA VAN DER LINDE
MARTIE MEIRING

POLITIEKE REDAKTEUR
HENNIE SERFONTEIN

KOPIEREDAKTEUR
JOHANNES BRUWER

ONTWERP
ANTON SASSENBERG

BOEKEREDAKTEUR
WILLIAM PRETORIUS

FOTOREDAKTEUR
SALLY SHORKEND

VERSLAGGEWERS
LOUIS KIRSTEIN
ESMA ANDERSON
WALLY MBHELE
CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN
VIRGINIA KEPPLER
BEVERLEY MITCHELL

ADVERTENSIEBESTUURDER
ELIZE VILJOEN

FINANSIËLE BESTUURDER
MARK BEARE

REDAKSIE-ASSISTENT
NICOLETTE VILJOEN

KANTOOR-ASSISTENTE
JOSEPH MOETAESI
VERNON ZULU

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/40168/06) van Breestraat 153, Johannesburg.
Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113,
die telefoonnommer is (011) 836-2151 en die faksnommer 838-5901.
Die Pretoria-kantoor se nommer is (012) 83-4879 en die faksnommer is 83-2181

VRYE WEEKBLAD WORD GEDRUK DEUR PROMEDIA PUBLIKASIES, MARKSTRAAT 324, WALTLOO, PRETORIA.





Dof Fedler in *The Star*

# koerante sê

**BEELD, 27 JULIE**: Die KP se brute verwerping van die konsepgrondwet is nadelig vir Suid-Afrika, maar oneindig nadeliger vir daardie minderheid van die SA bevolking namens wie die KP praat. In effek het die party homself uitgerangeer uit die hoofstroom van die politiek. Van die party se voorneme om sy pypdroom van 'n tot dusver onomlynde blanke tuisland langs ander kanale te bevorder, sal na dese nog minder kom as tevore.

**THE STAR 27 JULIE**: A tiny criminal minority is trying to destroy the very fabric of the new society that the majority is creating. We cannot afford to let them get away with it.

**SOWETAN 29 JULIE.** We believe it is in the interests of all of us to help stop these murderers. It does not matter what camp they come from. It does not matter who they are. By stopping the killers we will be saving our lives and the lives of others.

**WEEKEND ARGUS, 1 AUGUSTUS**: Now he (Chief Mangosuthu Buthelezi) wants to invalidate the election date. This, finally, is madness. The ANC, in association with the government, has made surprising concessions towards a system of regionalism in the new order. Those should be right up Chief Buthelezi's street. Almost all his demands for KwaZulu autonomy are addressed in the draft interim constitution. Yet he chooses to talk civil war. He needs counselling by someone in Inkatha - and soon.

**SUNDAY STAR,1 AUGUSTUS**: But at the end of the day, the IFP is a powerful but small minority that cannot be allowed to delay the only real test of democratic support - a nonracial free and fair election, without which there is no hope whatsoever of peace.

En uit Amerika, die **PHILADELPHIA DAILY NEWS**: Nelson Mandela is a hero. So is FW de Klerk. Mandela is nou doubt nobler. But they are both heroes. Dismissing one of them for what they have done together as honorable adversaries in search of peace disrespects them both. It says a lot more about our American racial hangups than it does about South Africa.

# so sê hulle

*"Ek weet ons vra 'n groot ding. En ons wil tog nie die indruk wek dat ons oorlog soek nie."*
Genl **CONSTAND VILJOEN,** leier van die Afrikaner-Volksfront oor die haalbaarheid van sy droom vir 'n konfederale of federale Afrikanerstaat.

*"Ek sê weer: Ek is 'n baie goeie beoordelaar van perde, maar 'n swak beoordelaar van vroue..."*
**PHILIP TUCKER,** wat besig is om te skei van Anneline Kriel-Tucker.

*"Dit sal 'n tragiese dag wees as die Springbokke nie meer die Springbokke is nie, maar die Proteas word."*
Oud-Springbok **MANNETJIES ROUX,** legendariese rugbyheld van die jare sestig.

*"Ek het begrip daarvoor dat baie mense voel die Springbok is verteenwoordigend van die era van apartheid en dat dit nou tyd is om weg te doen daarmee."*
Oud-Springbok-heelagter **JOHAN HEUNIS.**


*"Kaapstad is 'n pragtige stad, met sy berge en hoë geboue... Ek het goed gevoel voordat dit alles gebeur het... Nou is ek bang... Ek sal nie eens vir 'n miljoen dollar hier bly nie. Sulke dinge kan hier enige tyd gebeur."*
**IRINA BALOEK,** 'n Russiese skeepsdokter wat verlede Sondagaand in die St James-kerk was toe kerkgangers met handgranate bestook en op hulle geskiet is

*"Hou in godsnaam op skiet! Wil jy 'n oorlog begin?"*
Die Kroasiese weermagoffisier **BANKO STANIC** se bevel aan 'n skerpskutter wat losgetrek het op 'n Verenigde Volke-konvooi wat Fojnica, Bosnië binnegegaan het

*"Tensy hy op pad hierheen dood is, moet ek sê dié soort optrede is absoluut walglik."*
**HANS LOMBARD,** seremoniemeester by 'n middagete wat deur die Johannesburgse Persklub gereël is en waar Peter Mokaba nie opgedaag het nie.

*"Dit mag 'n teken van waansin wees, meneer, maar dis nie 'n teken van swakheid nie."*
**BILL CLINTON,** wat argumenteer dat sy optrede ten behoewe van gays in die weermag bewys is van sterk leierskap.

*"Ons slaag nie daarin om 'n einde te maak aan die geweld nie. Ons wou die hele land red. Die geweld kring net wyer uit. Ons moet vrede maak met wat gebeur het, veral in Kaapstad, anders gaan die vredesbootjie sink en vrye verkiesings nie op 27 April plaasvind nie."*
**TOKYO SEXWALE,** voorsitter van die ANC se PWV-streek.



Alistair Findlay in *City Press*

## het jy geweet?

**Sedert 1905 is meer as dertig pogings al aangewend om organe van diere in mense oor te plant. Die langste wat 'n pasiënt al ná so 'n oorplanting gelewe het, is 9 maande. Verlede jaar is 'n bobbejaan se lewer vir die eerste keer oorgeplant op 'n mens - 'n 35-jarige man wat aan hepatitis B gely het. Die man is 70 dae later dood ná 'n hartaanval.**

# liewe land!

**HORMONALE SOPIES**: Jong vroue wat meer as twee sopies 'n dag drink, staan 'n groter kans om borskanker te kry, volgens 'n verslag in die Britse *Journal of the National Cancer Institute.* Navorsing op 34 vroue het gewys alkohol verhoog die vlakke van oestrogeen in die liggaam rondom die ovulasie-tydperk van die menstruele siklus met tot 30 persent. Oestrogeen beïnvloed die groei van borsweefsel, en die vermoede is dat dit 'n rol in borskanker speel.

**BLINDES SAL SIEN:** Brittanje se blindes en swaksiendes sal van Februarie volgende jaar televisie-uitsendings kan "sien" wanneer begin word met 'n ses-maande lange oefenlopie. Vir twee ure per week sal hulle by wyse van 'n spesiale dekodeerder bekend as Audetel, tussendeur die normale dialoog kan luister na 'n beskrywing van die prentjie wat op TV verskyn.

**SONBESTAND:** Die eerste anti-velkanker klere is in Sydney, Australië, bekend gestel. Hemde word met 'n nuwe chemiese middel behandel en verleen tot 22 ure se beskerming teen die son.

**PERDEKRAG:** Perde gaan in die vervolg ingespan word om pos en ander noodsaaklikhede af te lewer aan Sokolnikovo, 500 km suid-oos van Moskou in die Volga. 'n Chroniese gebrek aan brandstof en motoronderdele in die landstreek word die skuld gegee.

**KUNSDIAMANTE:** 'n Nuwe sintetiese materiaal wat harder as 'n diamant is kan binnekort in Brittanje die lig sien. Dis as die wetenskaplikes 'n groot genoeg stuk gemaak kan kry om die teorie te toets.

**ROOKGORDYN:** Pole en Hongarye het die wêreld se strafste rokers.

**VASVAT:** Die SAP het in Junie 59 303 mense gearresteer vir ernstige oortredings. Van hulle het 29 295 vorige oortredings gehad. In dieselfde maand is 22 174 kg dagga deur die polisie gekonfiskeer, 34 434 mandraxpille, 1 287 gram kokaïne, 147 eenhede LSD, 600 gram heroïne en 700 gram hasjisj.

**PLOOIESKOK:** 'n Britse ouma van 50 het in die vroeë oggendure twee motordiewe in haar evaspak verjaag. Hulle het haar verstom aangestaar en begin hardloop. Carol Henderson het eers minute later besef hoekom die diewe laat spaander het toe die bure hul ligte aanskakel.

**_Vrye Weekblad_ trek dié week uit Newtown na Brixton, Johannesburg. Die nuwe straatadres is Scouts Hall, Carolinestraat 91, Brixton. Die posadres bly Posbus 177, Newtown 2113. _Vrye Weekblad_ se nuwe telefoonnommer is: 837-7017 en die faksnommer 837-3567.**

## wil jy weet?

**In die jaar 2 000 gaan 6 Augustus op 'n Sondag val. Een uit elke elf Suid-Afrikaners besit 'n TV-stel, en een uit elke drie 'n radio. Spanje se koning se volle naam is Juan Carlos 1 de Borbon y Borbon. Daar is 1 151 486 000 mense in China. Baie babas van vyf maande kan al eenvoudige optelsomme soos een plus een of twee minus een maak - wetenskaplikes het dit agtergekom deurdat babas langer staar na die verkeerde antwoord as die regte. Net 40 persent van Burundi se burgers kan lees en skryf.**

# Die wêreld durf nie langer huiwer nie



MAX DU PREEZ

"EK dink ons is op die drumpel van die finale oplossing. Die belangrikste vraagstuk wat oorbly, is die kwessie van kaarte."

Is dít wat Constand Viljoen of Mangosuthu Buthelezi oor twee of drie jaar gaan sê? Die woorde is dié van die Serwiese president en argitek van etniese suiwering, Slobodan Milosevic.

Die Westerse liberale demokrasieë het die nadraai van die ineenstorting van kommunisme lomp en onintelligent gehanteer. Gaan hulle dieselfde doen met die ineenstorting van apartheid?

Die tragiese volksmoord in Bosnië-Herzegovina is 'n ernstige aanklag teen veral die nasies van Wes-Europa - dié nasies wat wêreldwyd saam met Amerika gesien word as die bakermat van die demokrasie en respek vir menseregte.

Die Wesmagte het die een ná die ander strategiese oordeelsfout begaan; gehuiwer toe besliste optrede noodsaaklik was; en oor die algemeen lafhartig en apaties opgetree.

Die vraag wat nou in Suid-Afrika ontstaan, is of die Europese Gemeenskap en die Verenigde State dieselfde papbroekige houding jeens Suid-Afrika gaan aanneem noudat daar heelwat tekens is dat dié land ook kan opbreek en in 'n burgeroorlog en etniese suiwering kan vasval.

Die duur les van Bosnië - én Somalië én Angola - is dat intervensie wat te laat kom, min of niks help nie. As 'n oorlog eers uitgebreek het, is 'n mag soos dié in die Golfoorlog nodig om vrede af te dwing. Die enigste taktiek is om die oorlog te voorkom.

DAAR IS 'N BAIE spesiale rede waarom die wêreld by Suid-Afrika betrokke moet wees - of, sterker gestel, waarom Suid-Afrika die wêreld se verantwoordelikheid is. Dié rede is apartheid.

Die morele verdoeming van apartheid was sedert die Tweede Wêreldoorlog die enigste kwessie waaroor die kommunisme en die kapitalisme en alle skakerings van opinie en ideologie tussen-in saamgestem het.

Simplisties gestel is Suid-Afrika die gewete van die wêreld - die een plek waar die konflik tussen blank en swart, die sogenaamde Eerste Wêreld en die Derde Wêreld, sigbaar in één proefbuis saamgevat is. Klas, ras, etnisiteit, noem maar op, met die oorgang na 'n nuwe millenium is ons dié sosiale eksperiment in die wêreld.

'n Rasse-oorlog in Suid-Afrika gaan nie net sy buurlande verswelg nie, dit gaan ook rasseverhoudinge in die res van die wêreld erg nadelig beïnvloed.

Laat dit ook nie vergeet word nie dat Suid-Afrika heel eerste deur Nederland en daarna deur Brittanje gekoloniseer was, en dat die meeste onderdrukkende wanpraktyke, inderdaad die basis vir apartheid, uit dié era kom. Daarby moet 'n mens voeg dat Amerika en Wes-Eurpa dekades lank die blanke regerings van Suid-Afrika as bondgenote - en handelsvennote - beskou en behandel het, terwyl die Sowjet-Unie en die Oos-Blok die swart bevrydingsbewegings aktief gesteun het. Amerika het selfs in 1975/76 saam met Suid-Afrika 'n oorlog teen die Kubane en die Marxistiese MPLA-regering in Angola geveg.

GOED, SO DIE WÊRELD het 'n spesiale plig teenoor Suid-Afrika. Maar wat is die kanse dat Suid-Afrika in 'n soort Bosnië- of Somalië-situasie gaan verval?

Helaas, die kanse word by die dag groter. En waar die internasionale gemeenskap die laaste jaar of wat aan intervensie gedink het in geval die twee groot magsblokke, die ANC en die Nasionale Party-regering, 'n dooiepunt in hul magstryd sou bereik, is die grootste gevaar nou nie dié twee nie, maar die kleiner obstruksioniste: Mangosuthu Buthelezi se Zoeloe-organisasie, Inkatha, en die blanke regses, deesdae saamgesnoer onder generaal Constand Viljoen se Afrikaner Volksfront. Hul populêre steun is baie klein, maar hul geweldpotensiaal is skrikwekkend. Bosnië het gewys getalle is nie juis belangrik nie.

Die patroon en aard van die politieke geweldpleging die laaste weke moet selfs die grootste optimis laat regop sit. Die bloedbad in die Kenilworthse kerk is nie die enigste wat 'n mens ernstig laat wonder wat volgende gaan gebeur nie - die geweld in die Oos-Randse townships, Soweto en die Vaaldriehoek is ewe onheilspellend. Die meer as 500 mense wat die laaste 4 weke in politieke geweld hier gesterf het, maak ons "oorlog" 'n baie meer bloedige een as selfs Bosnië.

Die politieke klimaat waarin dié geweldspatrone nou ontvou, is dat Inkatha en die Volksfront aangekondig het dat hulle nie meer aan die veelparty-onderhandelinge gaan deelneem nie.

Buthelezi dreig die afgelope paar weke al herhaaldelik om 'n afsonderlike onderhandelingsforum saam met die regses te begin, wat, in sy eie woorde, "die eerste stap na 'n burgeroorlog sal wees". Selfs die koning van die Zoeloes, Goodwill Zwelethini, het hom in die laaste twee weke by Buthelezi se bloeddorstige oorlogsdreigemente geskaar.

En verlede week het Viljoen met 'n reeks landwye optredes begin waarin hy blankes en veral Afrikaners gevra het om hulself te bewapen en te laat oplei vir oorlog.

Hier is nog 'n analogie met Bosnië: Inkatha en die Volksfront soek albei 'n vorm van sesessie. Die Volksfront soek 'n soewereine blanke staat binne Suid-Afrika, en Inkatha wil outonomie hê vir hul huidige apartheid-tuisland, KwaZulu, of alternatiewelik die hele provinsie van Natal.

In dié stadium lyk dit of die beplande eerste nasionale verkiesing van 27 April 1994 weens die geweldpleging nie sal kan plaasvind nie. Dit kan op sy beurt weer die meerderheid swartmense wat die ANC, die Kommunisteparty, die PAC en Azapo steun, só frustreer dat hulle ook 'n nuwe bron van geweld word. Dit geld veral die gepolitiseerde swart jeug. Dan is ons nog 'n stap nader aan 'n situasie - soos in Bosnië - waar verskillende gemeenskappe op mekaar gaan jag maak: wit op swart, swart op wit, swart op swart, wit op wit, party teen party.

Hierdie is natuurlik die slegste moontlike scenario. Maar omdat dit 'n moontlike scenario is, durf die internasionale gemeenskap nie wag om te sien of dit gaan gebeur of nie. Ons kan binne enkele maande by 'n punt kom waar 'n grootskeepse kommunale oorlog onafwendbaar is. Dan is dit klaar te laat.

Die kwessie ter sprake is eintlik nou baie eenvoudig en een wat dit maklik maak vir die hele wêreld om hulle daaragter te skaar: die meerderheid Suid-Afrikaners, selfs dié in die Nasionale Party wat die land vyftig jaar lank deur apartheid regeer het, wil 'n demokratiese en oop gemeenskap in 'n verenigde Suid-Afrika hê - maar 'n militante en ondemokratiese minderheid wil dit met geweld voorkom.

Die skrif is duidelik aan die muur. Ons wag op die internasionale gemeenskap. ■






Kommandolede.
(Foto: *Beeld*.)

# Viljoen se kommando-spook

deur louis kirstein

## Kan die regses die kommando's 'kaap' om vir hul politieke doelwitte te veg?



**Onder die foto van die beroemde Kommandoleier genl Koos de la Rey staan genl Constand Viljoen... "Afrikaners moet 'n kombers van beskerming oor hulle trek deur hulself te bewapen, te leer skiet en hulle by die kommando's, die Polisiereserwes en by die Afrikaner Weerstandsbeweging aan te sluit."**
FOTO: SALLY SHORKEND

WORD die kommando's, die AWB en die Polisiereserviste as regse krygsblokke beskou deur die leier van die Afrikaner Volksfront, genl Constand Viljoen, wanneer hy mense aanmoedig om hulle by dié groepe aan te sluit?

Waarom anders sal Viljoen, wat jare lank Suid-Afrika se voorste soldaat was, so 'n beroep doen - gesien in die lig van sy jongste uitsprake dat daar op 27 April aanstaande jaar "groot ellende" kom?

Vrese dat die beroep deel van die regses se tien plae kan vorm om die land in wanorde te dompel en so onregeerbaar te maak word nie gering geskat nie.

Waarnemers skat daar kan meer as 130 000 opgeleide gewapende kommando- en reservistelede landwyd wees wat ten volle vertroud is met die polisie en die weermag se binnewerking.

Presies hoeveel kommandolede daar werklik is, kan nie bekend gemaak word nie, sê genl-maj Chris Serfontein, hoof van leërstafoperasies. Dit is geklassifiseerde inligting.

Hy kan wel bekend maak dat daar 250 kommando's landwyd is van Messina tot by Kaap Agulhas. Dis nou met uitsondering van die tuislande.

NET DIE MINISTER van Verdediging kan 'n kommando stig of ontbind. Dit is nie losse informele strukture nie, beklemtoon Serfontein.

"Die bevelvoerder van die kommando kan nie op sy eie besluit om te gaan oorlog maak nie. Daar is beslis 'n bevelstruktuur van die kommandemente tot by die kommando's."

Serfontein gee egter toe die Leër kan nie op elke kommandovergadering wees om te hoor wat bespreek word nie.

"Ek is nie bekommerd dat Viljoen die mense aanmoedig om by die kommando's aan te sluit nie. Hy moedig nie die regses aan nie, hy moedig die blankes aan om by die kommando's aan te sluit. Die minister van Verdediging doen dieselfde," sê Serfontein. ▶

"Omdat ons a-polities is, sal dit moeilik wees om die kommando's te kaap. Selfs onmoontlik," sê hy.

Die Leër kan niks doen om te keer dat groot getalle regses hulle by die kommando's aansluit nie. "Net soos ons ook nie kan verhoed dat lede van die DP by die kommando's aansluit nie," sê Serfontein. "Hoe sy kop dink, is nie vir ons belangrik nie. As hy getrou is aan dit wat die organisasie moet doen, dan is hy reg," sê hy.

Brig Kassie Kasselman, die Leër se direkteur van operasies, huldig dieselfde mening. As van die kaping van kommando's gepraat word, word daar van groot dinge gepraat - burgerlike ongehoorsaamheid en "revolt", sê hy. Serfontein en Kasselman wou nie sê of so 'n scenario wel moontlik is as die regses meen dat dit tyd vir optrede is nie. Serfontein meen 'n ou wat wil optree, hoef nie noodwendig 'n kommandolid te wees nie.

"Die ouens het nie die vermoë om die kommandomag in die geheel te skaak en 'n bedreiging vir die staat te wees nie. Ek is oortuig daar word te veel van 'n ophef gemaak van die kommandospook. Die spook dat hulle die sogenaamde regse weermag kan word, is oordrewe," sê Serfontein.

DRIE SOORTE vuurwapens word nou aan kommandolede uitgereik, sê Kasselman. Die R1 en twee magasyne, die R4 met vier magasyne aan die reaksiemag en die 9mm sub-masjiengeweer met 50 rondtes aan die vroue.

Dit word nie links en regs uitgedeel nie. Om vir een van die wapens in aanmerking te kom, moet jy 'n opgeleide kommandolid wees, dit veilig kan bewaar en nie deur die polisie onbevoeg verklaar wees om 'n vuurwapen te besit nie, sê Kasselman.

Kommando's se opleiding behels die hantering van vuurwapens, die beskerming van huis en haard en basiese bevel en beheertegnieke, sê hy.

Weermagoffisiere erken egter aan *Vrye Weekblad* hulle vrees dat die kommando's op die platteland deur die regses gekaap kan word. Dié vrees word deur amptelike kanale as ongegrond afgemaak.

In 'n navorsingstuk oor regse groeperinge van die Instituut vir Kriminologie van die Universiteit van Kaapstad wat in 1991 verskyn het, is toe al beweer daar is 'n groot regse aanhang onder die veiligheidsmagte.

Prof Mike Hough van die Instituut vir Strategiese Studies van Tukkies, sê Viljoen se woorde moet dalk meer as 'n praktiese oorweging beskou word. Kommando's werk veral op die platteland waar daar 'n veiligheidsprobleem is. Hough sê 'n sekondêre oorweging is die opleiding en wapens wat gekry word.

"Die ANC is egter krities oor die kommandostelsel en kan dit as 'n moontlike bedreiging op plaaslike vlak beskou."

Dat die kommando's 'n groeigebied vir die regses kan wees, is dalk 'n persoonlike siening van Viljoen, sê Hough. 'n Mens moet onthou die meeste kommandolede is gewone burgerlikes, sê hy. Hulle het ook politieke idees, maar dit hoef nie noodwendig regs te wees nie.

"Ek meen nie die regering sal toelaat dat die kommandostelsel buite beheer raak nie. Wat Viljoen egter met sy uitlatings beoog, weet ek nie," sê Hough.

DIE ANC se media-woordvoerder Carl Niehaus sê Viljoen se uitsprake is baie verontrustend en dit wil voorkom of die stelsel vir destabilisering gebruik wil word.

Niehaus sê dit is tyd dat die kommandostelsel ontbind word of onder toesig van die veiligheidsmagte geplaas word sodat veelpartybeheer daaroor uitgeoefen kan word.

Die bevelvoerder van die AWB se wenkommando's, kol Servaas de Wet, sê niks keer lede van die wenkommando's om hulle ook by die Burgermag-kommando's aan te sluit nie. "Baie van ons lede bly op ver plekke en kan nie altyd die Wenkommando's se oefening bywoon nie. Deur by die kommando's aan te sluit kry hul die nodige opleiding," sê De Wet. ■

# hulle kom van ver af



BLANKE vrese op die platteland het so erg geword dat veeboere met hulle gewere in hul hand moet slaap omdat die regering nie genoeg beskerming kan verleen nie...

Suid-Afrika, 1993? Nee dié beskrywing kom uit 1715, toe die Khoisan die boere op hul plase aangeval het in 'n poging om hulle te verdryf.

Toestemming is toe deur die Kompanjie aan die boere in die Land van Waveren verleen om kommando's te vorm wat net uit burgervrywilligers bestaan.

Vanaf 1739 is kommandodiens verpligtend gemaak - en die kommandokultuur is saam met die trekboere die binneland ingedra.

Vandag se kommando's is georganiseerde ligte infanterie-eenhede wat maklik gemobiliseer kan word om na die binnelandse veiligheid om te sien.

Hul struktuur is gebaseer op 'n bataljon-struktuur wat ooreenstem met die burgermag se teeninsurgensie-bataljons, sê die geskiedenisboeke.

Kommando's se struktuur, grootte en toerusting word bepaal deur die gebied waar hulle is, en hoeveel mense beskikbaar is.

Groot klem word geplaas op kommandolede se kennis van hul gebied en hul kontak met plaaslike inwoners.

Die meeste kommando's word in kommandogroepe van vyf of meer onder 'n brigadestruktuur geplaas. Die grootste deel van die kommando's se mannekrag is vrywilligers in hul derde siklus van reserwemagdiens.

Die meer statiese verdediging is aan hulle opgedra terwyl die bataljons 'n mobiele mag is wat tot beskikking van die kommando's is.

'n Uitvloeisel van die kommando's is die industriële kommando's. Hul mannekrag kom van die personeel van strategiese en ander regeringsdepartemente.

# bewakers van huis en haard

DIE Hoof van Leërstafoperasies, genl-maj Chris Serfontein, sê kommando's is 'n gebiedsmagstelsel wat huis en haard moet beskerm. Of dit nou oorlog of vrede is, dis die kommando se plig om sy gebied te beskerm.

Dié stelsel word ook in ander Afrika-lande aangetref waar 'n soort tuiswagstelsel gebruik word om die dorp te beskerm.

Serfontein meen die kommandostelsel moet vergroot eerder as verklein word. "Daar moet gebiedsbeskerming landwyd wees."

Die verskil tussen die burgermag en die kommando's, sê hy, is dat die Hoof van die Leër burgermaglede na enige brandpunt in die land kan stuur. Die kommando's is gebiedsgebonde.

'n Kommando se gebied is hoofsaaklik op landdrosdistrikgrense gebaseer.

Voor 'n kommando gestig kan word, moet die kommandement eers 'n waardering doen, wat dan vir goedkeuring voorgelê word. Die enigste mens wat 'n kommando kan stig of ontbind, is die minister van Verdediging, sê Serfontein.

Elke kommando is deel van 'n Groep wat op sy beurt onder die bevel van 'n Kommandement is. Daar is tien Kommandemente in die land. "Waar die polisie 'n meer gesentraliseerde struktuur het, is ons gedesentraliseer," sê Serfontein.



botsing in die volgende weke af. Want die regses is besig om verset-aksies rondom die opening van die parlement op 13 September, wanneer wetgewing vir 'n tussentydse regering en TEC's (Uitvoerende Oorgansrade) ingedien word, en die instelling van veelrassige plaaslike rade op 1 Oktober, te beplan en mobiliseer.

Die wyse waarop De Klerk die optrede van Buthelezi en die beoogde regse aanslag hanteer, sal verreikende gevolge hê vir die voortbestaan en eenheid van die NP self, die groeiende wit backlash, die veelparty-onderhandelingsproses en die baie noue verstandhouding tussen die regering en die ANC as hoofvennote in die proses.

Die probleem vir De Klerk is dat die krisis rondom Buthelezi saamval met groeiende kritiek vanuit kabinetsgeledere, gerugsteun deur grassroots-ondersteuners, op die konsep-oorgangsgrondwet wat ter tafel gelê is. Ten grondslag gaan dit nie ver genoeg om magte en funksies aan streeksregerings duidelik uit te spel nie; dit laat nie toe dat streke hul eie grondwette skryf nie; en het dit die moontlikheid dat 'n verkose grondwetgewende liggaam die huidige besluite kan omverwerp.

DIE JAARLANGE verskille binne die kabinet het blykbaar ontwikkel in 'n tromp-op konfrontasie tydens die spesiale bosberaad van die kabinet 'n paar weke gelede waar die skeidslyne tussen die strydende faksies duidelik getrek is.

Die voorbokke onder die kritici sluit in Kobie Coetzee, minister van Justisie en van Verdediging en leier van die NP in die Vrystaat; George Bartlett, minister van Mineraal- en Energiesake en Natalse NP-leier; Danie Schutte, minister van Binnelandse Sake; en Tertius Delport, minister van Plaaslike Regering.

Die drie hoofonderhandelaars moes kwaai deurloop. Hulle is Roelf Meyer, minister van Staatkundige Ontwikkeling en onder-leier in Transvaal; Dawie de Villiers, minister van Openbare Ondernemings en NP-leier van Kaapland; en Leon Wessels, minister van Mannekrag.

Die drie word daarvan beskuldig dat hulle nie sterk genoeg staan in die onderhandelingsproses nie en dat daar te maklik toegewings aan die ANC en sy bondgenote gemaak word.

Trouens, dit is betekenisvol dat Meyer en De Villiers die dag toe die konsepgrondwet ter tafel gelê is, 'n verklaring uitgereik het om te sê die NP en die regering meen die voorstelle gaan nie ver genoeg ten opsigte van streeksregerings en waarborge nie. Die NP is in sy bevraagtekening ondersteun deur die DP en sekere van die Cosag-partye soos Bophutatswana, wat nog by die onderhandelinge is.

Die regeringsonderhandelaars se verweer is dat geen enkele party, ook nie die ANC nie, tevrede is met die konsep-grondwet nie. Dit sal eers in die volgende dae en weke tydens uitgerekte onderhandelinge, en ook in bilaterale gesprekke gefinaliseer kan word.

Die probleem vir De Klerk is egter dat saam ▶

# Tussen die duiwel en die diepblou see



**HENNIE SERFONTEIN** skryf oor FW de Klerk se verskeie dilemmas en moeilike keuses

AS die uitdrukking "tussen die duiwel en die diepblou see" ooit in Suid-Afrika van 'n politikus waar was, is dit vandag waar van Staatspresident FW de Klerk.

Aan sy een flank is Mangosuthu Buthelezi en Inkatha wat onwrikbaar eis dat streke veel sterker outonomie moet hê as wat nou beoog word, en ook 'n vetoreg in die onderhandelinge opeis. Saam met Buthelezi aan dié flank staan die Afrikaner Volksfront - en dié twee gebruik hul losse alliansie tot die maksimum om veral die regering in 'n hoek te dryf.

Aan sy ander flank staan die verteenwoordigers van die meeste kiesers, die ANC en sy bondgenote, gesteun deur die PAC en Azapo. Gesonde verstand sê dié blok se reeds verwaterde voorstelle vir 'n swakker federasie en vir "genoegsame konsensus" as besluitnemingsmetode is redelik, en dit moet swaarder weeg omdat dit van die meerderheidsblok kom. De Klerk se eie onderhandelaars het help formuleer aan dié basiese posisies.

Maar De Klerk se dilemma sny selfs dieper: sy eie party en kabinet is in hul lojaliteit tussen die twee flanke verdeel. En intussen is sy Nasionale Party besig om progressief steun te verloor - dit verteenwoordig vandag minder as die helfte van die wit kiesers, en volgens die RGN dié week het dit net 1 persent swart steun.

DE KLERK SE vriende én vyande het dié week saamgestem dat hy nou midde-in sy grootste persoonlike krisis staan sedert hy die leierskap van die NP en die regering in 1989 oorgeneem het en met sy historiese 2 Februarie 1990-toespraak Suid-Afrika en die wêreld geskud het.

Dié De Klerk-Buthelezi-dooiepunt is besig om die emstige groeiende verdeeldheid in die NP oor die onderhandelingsproses en die verhouding met die IVP op 'n spits te dryf.

Die regering en die Afrikaner Volksfront (AVF) en sy affiliale stuur op 'n kop-teen-kop

met die kritiek op die onderhandelaars daar ook groeiende ontevredenheid onder 'n deel van die kabinet en grassroots-ondersteuners is oor die feit dat die IVP nie langer as 'n bondgenoot van die NP gesien word nie.

Die drie onderhandelings-ministers word openlik daarvan beskuldig dat hulle daarvoor verantwoordelik is dat die leierskap in die regering 'n besluit geneem het om nie voort te gaan met die tradisionele alliansie met die IVP nie en om liewer te konsentreer op die bilaterale gesprekke en verhouding met die ANC.

Dit is bekend dat sekere regering-stratege, verbonde aan die party-organisasie, daarop aanspraak maak dat die IVP en Buthelezi politiek kwesbaar is as die NP hom in sy Natalse vesting aandurf. Dit word gegrond op meningspeilings wat wys dat Buthelezi laaste kom ná Mandela en De Klerk.

Maar die party-leierskap is blykbaar onthuts deur verdere oorlopery van NP-lede na die IVP; groeiende druk uit die Natalse koukus om bande met die IVP te herstel; en die onverwagse groeiende alliansie tussen die IVP en die regse Afrikaner Volksfront.

Dit is daarom nie verbasend nie dat twee van die ontevrede ministers - Bartlett en Schutte - leiersfigure in Natal is. In 'n onderhoud met VWB het Buthelezi dit duidelik gestel dat die verbreking van die tradisionele NP-IVP-alliansie die rede is waarom hulle die regering nou van "kwade trou" beskuldig.

WAT DIE HANTERING van Buthelezi en die IVP betref, sit De Klerk en die regering met 'n groot dilemma. Daar is tot nog toe geglo dat Buthelezi van die onderhandelinge wegbly om ander redes as die regses. Laasgenoemde verwerp federasie en wil 'n onafhanklike volkstaat hê.

In regeringskringe word blykbaar steeds geglo dat Buthelezi net besig is met 'n strategie van berekende "brinkmanship" om maksimale toegewings oor federalisme af te dwing. Daarby is die regering oortuig dat die IVP die sleutel hou tot die ontlonting van die regse bedreiging. Daarom is dit noodsaaklik om die IVP tot elke prys na die onderhandelingstafel terug te bring.

'n Senior minister, bekend vir sy verligte politiek, sê prontuit: "Toe ons onlangs 'n baie belangrike Wes-Europese verteenwoordiger vra of hulle glo dat ons en die ANC alleen die onderhandelingsding moet doen, was die antwoord: Julle kan nog sonder die KP en die PAC, maar nooit sonder die IVP nie".

Die minister sê al is dit waar dat Buthelezi die ondersteuning van net 50 persent van die Zoeloes in Natal het, behels dit steeds drie miljoen mense. "As ons Buthelezi sou ignoreer, dan het ons in Natal 'n burgeroorlog tussen Zoeloe en Zoeloe en in die res van die land 'n burgeroorlog tussen regse Afrikaners en die res".

Daarom sê die minister dat "hoe moeilik" Buthelezi ookal mag voorkom, sy aandrang op waterdigte grondwetlike versekeringe oor federalisme heeltemal geregverdig is. Die minister, wat 'n uitstekende verhouding met die ANC het, sê kaalkop: "Buthelezi is heeltemal reg as hy nie op die goedgunstigheid van 'n toekomstige ANC-meerderheidsregering wil vertrou nie".

Hy beklemtoon dat invloedryke lande in Afrika soos Kenia en Nigerië Buthelezi se aandrang op verskanste federalisme volkome ondersteun.



**'Toe ons onlangs 'n belangrike Europese verteenwoordiger vra of hulle glo dat ons en die ANC alleen die onderhandelingsding moet doen, was die antwoord: Julle kan nog sonder die KP en die PAC, maar nooit sonder die IVP nie'**

VAN DIE ONDERHANDELAARS sê De Klerk het 'n strategiese fout begaan ná sy onverwagse vier-uur lange gesprek in Durban met Buthelezi deur te erken dat hy vasbeslote is om die IVP "tot elke prys" terug te kry by die onderhandelingstafel - selfs al vertraag dit die onderhandelingsproses.

Daardeur het De Klerk toegelaat dat hy politieke gyselaar van Buthelezi geword het. Daar is groeiende vrae onder sekere onderhandelaars of Buthelezi wel van voorneme is om terug te keer na die onderhandelingstafel.

Die ontmoeting met Buthelezi was in baie opsigte 'n vernedering vir De Klerk. Tydens die gesprek, wat ook bygewoon is deur ministers Bartlett, Schutte, Wessels en Delport, moes hy deurloop onder 'n langdurige tirade deur Buthelezi oor veral geweld, die sogenaamde genoegsame konsensus-metode en federalisme.

Dit was 'n slag vir De Klerk toe Buthelezi ondanks vier gesprekke tussen hom en die regering, teen verwagtinge in voortgegaan het met sy hofaansoek om beswaar te maak teen die besluite rondom voldoende konsensus.

DIE OOMBLIK VAN waarheid breek op 30 Augustus vir De Klerk en die NP aan. Dit is die teikendatum waarop die onderhandelingsraad sy besluite oor 'n tussentydse grondwet, 'n handves vir fundamentele regte, en oorgangstrukture moet finaliseer.

Sou Buthelezi steeds afwesig wees, staan De Klerk voor die keuse: óf hy gaan voort sonder die IVP en loop die risiko van 'n skeuring in die kabinet en die NP, óf hy moet bereid wees om die instelling van 'n TEC te vertraag. Maar dit sal die hele onderhandelingsproses in gedrang bring, sy verhoudings met die ANC vertroebel en die opheffing van sanksies vertraag.

Agter die skerms word daar op die hoogste diplomatieke vlak naarstig gewerk om Buthelezi van standpunt te laat verander.

Een junior minister het in 'n onbewaakte oomblik gesê: "As dit daarop sou aankom, dan het ons geen keuse nie as om Buthelezi se water en ligte af te sny en selfs met wetgewing te kom om KwaZulu en die tuislande amptelik af te skaf."

Maar bogemelde senior minister het, toe die dreigement aan hom gestel is, met 'n snork geantwoord: "Ons is nie polities gek nie."

ANC-onderhandelaars soos Cyril Ramaphosa het herhaaldelik gesê die onderhandelaars kan nie toelaat dat hulle onbepaald deur Buthelezi afgedreig word nie.

Die ander dilemma vir die regering is die regses en watter stappe die AVF in die afsienbare toekoms gaan doen. Volgens uitsprake van Constand Viljoen stuur die AVF en die regering binne die volgende ses weke onvermydelik op 'n "kop-teen-kop botsing" af. Viljoen praat van twee treine wat met groot spoed op mekaar afjaag.

Maar hy sê die AVF sal nie vir die botsing verantwoordelik wees nie omdat "die Afrikaner op dié roete geforseer word".

Die regses mobiliseer op 13 September, die openingsdag van die parlement, en op 1 Oktober, die instellingsdag van die geïntegreerde plaaslike rade, as die teikendatums.

Dit word voorafgegaan deur 'n groot volksberaad in Pretoria aan die einde van Augustus, waar 'n finale besluit geneem gaan word oor verdere verset-optredes. Daar word gevra of die AVF rondom die datums van 13 September en 1 Oktober een of ander vorm van "gewapende protes", soos tydens die 1914-Rebellie, beplan.

Dit is betekenisvol dat Tienie Groenewald, een van die vier generaals in die AVF, in 'n private gesprek gesê het 'n militêre staatsgreep is geen realistiese opsie meer nie, maar 'n "militêre ingreep" is steeds 'n moontlikheid.

In regse kringe word beklemtoon dat Viljoen in al sy toesprake, soos ook weer verlede Vrydag in Pretoria-Noord, uit sy pad gaan om wilde oorlogspraatjies die nek in die slaan. Op vrae stel Viljoen dit onomwonde dat daar geen kans vir die regses is om met 'n "militêre junta" die land oor te neem nie.

In regeringskringe word die vrees egter uitgespreek dat Viljoen wel daarin kan slaag om onbesonne optredes deur klein regse groepe te verhoed. Daar word gesê dat Viljoen nie teen die gevolge van oorlog kan waarsku terwyl hy terselfdertyd mense oproep tot militêre paraatheid nie. Dit kan tot regse uitbarstings aanleiding gee. In Pretoria-Noord het hy dubbelsinnig in antwoord op 'n vraag oor watter spesifieke stappe gedoen kan word, gesê: "Moenie dink dit sal wees soos die ou Boere dit gedoen het met kommando's in loopgrawe alom Pretoria nie. 'n Oorlog teen die SA Weermag sal ons nie wen nie. Hy is te sterk. Boonop sal die buiteland ingryp. Daar is egter ander maniere en ek en u ken dit".

Maar Viljoen beklemtoon herhaaldelik dat hoewel die AVF tot oorlog moet oorgaan, "die tyd daarvoor nog nie reg is nie". ■



Die dood op straat - dierlikheid neem oor. (Foto: AP)

# ons winter van geweld

deur martie meiring

## 'Politieke onrus' word verkiesingsterreur

*"Die seisoen van geweld is verby"*
F W de Klerk, 2 Februarie 1990

Augustus 1990 - 702 mense in onrus dood
Maart 1992 - 437 mense dood in onrus
Julie 1993 - meer as 515 mense dood in onrus.

WAS daar ooit 'n seisoen van vrede?

Die meeste politieke kenners meen ons het wel 'n betreklik "rustige" drie jaar gehad en die barometer van geweld het in daardie tyd 'n vaste patroon getoon: dit vlam op sodra indringende politieke besluite geneem is.

Op 6 Augustus 1990 het die ANC met die Pretoria Minuut sy gewapende stryd opgesê. Die vorige maand het Inkatha hom as 'n politieke party verklaar.

In Maart 1992 hou die land 'n referendum vir onderhandelinge en op 2 Julie besluit die Veelparty-onderhandelingsraad tot 'n algemene verkiesing op 27 April 1994.

Elkeen van dié gebeure het 'n vlaag van onrus ontketen.

Op 2 Julie begin die land sy hellevaart na die verkiesing.

Maar nou het die nuwe seisoen van geweld 'n nuwe verskrikking gebring. Naakte terrorisme, mobiele aanvalle, en ewe sinister, hernieude hostelaanvalle, begin ernstige waarskuwingseine stuur. 'n Drumpel is oorgesteek waarin "politieke onrus" nou verkiesingsterreur word.

Twaalf mense word in 'n kerk afgemaai, tientalle ernstig beseer. Op dieselfde aand, aan die ander kant van die land, word agt mense vanuit 'n kombi doodgeskiet, sewe verwond. 'n Dag later word elf inwoners van Powerpark in Soweto deur inwoners van die Nancefield hostel vermoor.

Dis sagte teikens. Meer paniek word so gesaai as deur ander duidelik politieke optrede. Mense▶


### VERKIESING IN GEDRANG

IN die verskiet lê nog 'n "probleem": twee weke voor die verkiesingsdatum word Chris Hani se martelaarskap gedenk. Dié emosionele gebeurtenis sal baie beslis 'n uitwerking hê op die "klimaat" van 'n intense verkiesingstryd.

Die vraag begin spook by leiers: kan dié verkiesing hoegenaamd plaasvind? En hoe?

Twee rigtings word deur die meeste politieke kenners en ook lede van die veiligheidsmagte self aangedui: die instelling van 'n onafhanklike vredeskorps en die veelparty-beheer van die polisie.

In regeringskringe word die onmiddellike aankoms van VN-verkiesingswaarnemers as 'n prioriteit beskou. Anders as die VN-monitors oor geweld, word hierdie verkiesingsmonitors (tot 15 000 van hulle) al amper as reddingsbystand gesien. Die versoek vir 'n VN-vredespan word ook nou ernstig oorweeg.



Aartsbiskop Desmond Tutu, bedroef, in die moordkerk.(Foto: AP)

het vandeesweek in hul tientalle navraag gedoen oor emigrasie na Nieu-Seeland, Kanada en die VSA; inwoners van Daveyton, Katlehong en Thokoza vlug na familie op afgeleë plekke en opnuut word die regering gevra om die hostelle te ontwapen, wagte te plaas en alle vorms van die opsigtelike dra van wapens te stop.

Paniek is die beste wapen in enige stryd - en dit wéét die magte wat nou tot elke prys alle pogings tot 'n onderhandelde skikking moet saboteer. Wie is die gesiglose vyand: 'n ekstremistiese groep aan weerskante van die politieke spektrum? Of 'n ander, goed georganiseerde groep wat moordenaars en misdadigers huur om geweld te saai?

IN 'N OPNAME beskryf die Kommissie vir Menseregte Julie as die ergste onrusmaand in drie jaar. Max Coleman van die kommissie neem die tydperk in drie fases waar. Die eerste fase was van Augustus 1990 tot Augustus 1992 toe die onrus op die PWV-gebied 'n "gesig" gehad het: treinmoorde, hostelaanvalle, veiligheidsmagte se opsigtelike kantkiesery (dit sou Inkatha-gerig wees), totdat die onderhandelingsfase binnegegaan is. Dít nadat geblyk het dat buitelandse beleggings die ergste geraak word deur hierdie onstabiliteit.

Die tweede fase was verlede jaar toe die groter klem op onderhandeling en die opsigtelike afkoeling teenoor Inkatha die regering 'n "beter" gesig gegee het. Maar die onrus het voortgeduur en eienaardig genoeg van die PWV-gebied weggeswaai Natal toe.

Die pendulem bly tussen die twee gebiede swaai. In Julie 1992 was die dodesyfer in die PWV 60 persent, in Natal 30 persent en die res van die land 10 persent. Nou is die prentjie presies andersom en ons betree die derde fase.

Die PWV is die barometer vir die geweldstoestand in die land. In Sebokeng, die Oos-Rand, die Vaalgebied en nou in Soweto, flits die gevaarligte.

Anargie en chaos het oorgeneem in die woorde van die Witwatersrandse streekkommissaris van die polisie, genl Koos Calitz. Vanjaar is 121 polisiemanne reeds gedood. Dertien van hulle is met AK-47's geskiet.

Groot bedrae geld word deur die polisie belowe vir inligting. En, insiggewend, het die ANC hom nou verskeie kere verbind tot hulp in die soeke na geweldenaars. Soos nou ook in die St Jameskerk se massamoord. Dis 'n nuwe en positiewe ontwikkeling. ■

# ONDERWYS BLY IN DIE SLAG

deur johannes ngcobo




VANJAAR sal daar nie eksamen geskryf kan word nie - dis die tragiese en onvermydelike gevolg van die geweld aan die Oos-Rand.

Ntombi Nkosi, onderwyseres in Thokoza, sê skoliere sowel as onderwysers kan dit nie waag om skool toe te kom nie. Selfs in Junie al, toe kinders eksamen moes skryf, kón hulle nie weens die gevare in die strate.

In Daveyton het skoliere nog net soggens vroeg aangemeld en dadelik teruggekeer huis toe uit vrees vir aanvalle op hul huise. Nou gaan geen kinders meer in Daveyton skool toe nie.

Matlakala Mahooa, wat in standerd nege in Daveyton is, sê sy kan uit vrees vir die geweld nie skool toe gaan nie. Sy het ook nie in Junie eksamen geskryf nie, omdat van haar medeskoliere in die tronk was. Sy glo nie sy sal aan die einde van die jaar eksamen skryf nie.

Desmond Thompson van die National Education Co-ordinating Committee (NECC) beskuldig die regering daarvan dat hy voete sleep met die bekamping van geweld in die townships. "As dié geweld in wit gebiede sou plaasvind en onderwys ontwrig, sou die regering baie gou toegesien het dat wit onderwys nie ly nie," sê hy.

# daar's nie water nie

deur martie meiring

## Oor veertig jaar - 'n halwe leeftyd - is ons teen die plafon. Ons sal eenvoudig nie genoeg water hê vir al die mense in die land nie.

*Oumense moenie met water mors nie*
*die kinders moet dit drink.*

NEEM gerus dié parodie ter harte. Ons skaars hulpbron, water, is skaarser as wat u dink. Die grootste deel van die land verkeer in 'n derde seisoen van agtereenvolgende droogte. In die oostelike deel van die land (waar ons ironies die hoogste reënval het) is dit die ergste droogte in die geskiedenis. Waterperke van 300 liter per dag moet aan huishoudings opgedra word; in townships aan die Rand kan slegs drie uur se water per dag toegelaat word, hoofsaaklik omdat dit te duur geword het om water te voorsien aan gebiede waar waterrekenings nie betaal word nie.

Maar dis op die platteland waar droogte nou sy tol eis in menselewens.

Het 'n mens minder as 15 liter per dag tot jou beskikking, ondervind jy droogte. En wanneer 'n landbougebied en 'n gemeenskap onder 'n aanvaarbare perk van watervoorsiening leef, word droogte as 'n amptelike toestand verklaar.

Noodhulp word aan boere verleen - oor die laaste tien jaar is R5,5 miljard deur subsidies aan boere gegee, waarvoor droogte die grootste oorsaak was.

Die staat het ook deur die Departement Gesondheid ingegryp en R440 miljoen vanjaar bewillig vir voedselvoorsiening en maatskaplike opheffing. Maar die staat en ander hulpbronne soos Operasie Honger is weens geldtekort pessimisties oor die vooruitsigte.

**Water word nie minder nie. Mense word meer. Die laaste drie duisend jaar het die wêreld nog altyd sowat 1 357 miljoen kubieke kilometer water tot sy beskikking gehad. 'n Minderheid lande ken nie waternood nie.**

Droogte verontmenslik gemeenskappe. Droogte laat mense bid. En droogte dryf mense van plase na stede - om nog groter ellende en vervreemding te ondervind. Tans, sê monitore van die Independent Trust se Drought Forum, is daar in die buitewyke van Bloemfontein 10 000 plaaswerkers wat kom plak het - en dit, sê hulle, is 'n beskeie syfer.

In KwaZulu loop mense tot twintig kilometer om water te skep; in Lebowa kos 80 liter water al R8, vee vrek in honderdtalle. Siektes, handel en selfs lobola word deur droogte beïnvloed.

Grootboere langs die Oranje, waar ons heel grootste dam, die HF Verwoerd-dam nou ontstellend laag is, kyk hulpeloos na die verdroging van veld, suipings verdwyn, boorgate droog op, vee vrek, gesaaides - as wel gesaai is - verdroog. In Wes-Transvaal soos in Natal en die Oos-Kaap herhaal die prentjie hom; die sitrusoes ly onder 'n dolleë Fanie Botha-dam en in die Oos-Kaap sal ▶

# hoe onstaan die knellende droogtes?

EERSTENS as die reën wegbly. Tweedens as die verbruik te veel toeneem. Soos nou. Verstedeliking en hoër lewenstandaarde eis water, water, water. Die blote opgradering in swart woonbuurte waar spoellatrines byvoorbeeld ingestel word, veroorsaak 'n byna astronomiese toename in geldbesteding van die verbruiker.

Om in 'n subekonomiese behuisingskema waterdienste aan te lê kos altesame R90 per maand vir die huisbewoner - dis dikwels meer as wat hy of sy per maand verdien. Die rioelafvloei vir sulke huise verbruik sowat 90 liter per dag per mens.

Elke keer as jy die spreekwoordelike ketting trek, spoel 9 liter water weg. Daarom dat sommige kundiges ernstig aan die herinstel van putlatrines dink.

As jy 'n "normale" bad neem, verbruik jy sowat 60 liter water.

Beplanning vir die daaglikse waterverbruik in 'n laekoste behuisingskema word op 800 liter per dag bereken.

Baie kritiek word deesdae aan die adres van landbou gerig: verbouing van gewasse in streke waar sulke gewasse luukse - waterverbruikend - is.

Maar dis die landbou wat nou en ook in die toekoms die grootste aanspraak op waterverbruik gaan maak.

Kritiek word deurlopend gelewer teen die geweldige hulp wat aan landbou gegee moet word, maar hier is 'n historiese rede. Die klem op landbou kom van die dertigerjare af toe die Hoover-filosofie in Amerika was dat die "woestyn moet blom". Hier te lande het landbou, ook met dié filosofie in die verbouing van gewasse en die groot klem op voedselvoorsiening, 'n byna emotiewe ding geword.

Vanjaar het te veel reën in die Wes-Kaap koringoeste benadeel (ook 'n rede om hulp aan te vra vir volgende seisoen). Goeie reën in die mieliegebied die afgelope seisoen (hoewel dit tog 'n droë seisoen was) het vir 'n goeie mielieoes gesorg - agt miljoen ton. Maar hoe gaan die mielieboere vanjaar se opbrengs kan skat, of die sitrusboere, of die suikerboere, wat ontstellende swak vooruitsigte het? Hoe moet hulle beplan vir die toekoms? Die riskante aspek van landbou is senutergend, maar dit het al 'n lewensfeit geword en sowel staat as bevolking raak gewoond aan die klagtes en eise van boere.

Bosbou - deur baie as 'n ruggraatbedryf beskou (72 000 mense kry werk daardeur) - veroorsaak bebossing wat op sy beurt waternood veroorsaak.

Mynbou verbruik baie water - maar dit verdien die land se beste inkomste, meer as landbou. Ironies het juis die sluiting van baie Randse myne 'n vlaag van swart werkers laat terugkeer na die geteisterde platteland, waar hulle teenwoordigheid nog 'n groter las op die waternood plaas.

Nywerhede is nie die grootste waterverbruiker nie - maar om een ton staal te vervaardig het jy tog 250 000 liter water nodig. Om een ton papierpulp te maak het jy 30 000 liter water nodig.

**Jaarliks kry ons 590 kubieke kilometer water in die vorm van reën. Net 9 persent daarvan is vir ons bruikbaar - die res verloor ons deur verdamping.**

## waar kom ons water vandaan?

REËNVAL gee die meeste water, maar oneweredig - meer in die ooste as in die weste.

Damme was nog die belangrikste middel om water op te gaar en rondom die opvanggebiede is 'n groot stelsel damme reeds gebou - en steeds word nog meer gebou. Grondwater is in Suid-Afrika problematies, dis karig versprei en die dolomietgrawings kan sinkgate veroorsaak. Tans word sowat 5 400 miljoen kubieke meter grondwater ontgin. Tog kan met beter tegnologie sowat 33 000 miljoen kubieke meter water uit die grond verkry word.

Die hergebruik van water neem wel toe. Tegnieke verbeter om die uitvloeisel van nywerhede en stedelike gebruik benutbaar te maak. Die suiwering van rioelwater is 'n gevestigde tegniek en die publiek se aanvanklike teensinnigheid om sulke water as moontlike drinkwater te aanvaar verdwyn nou.

Onkonvensionele metodes soos om vog uit die atmosfeer te probeer kry, en ontsouting deur verdamping word altyd ondersoek, maar tot hede is slegs die ontsouting van brakwater op byvoorbeeld Bitterfontein en Garies deur 'n proses van tru-osmose realiseerbaar. Dan ook teen 'n koste van R21 per kubieke meter, terwyl Johannesburg water kan voorsien teen R1,50 per kubieke meter. See-ontsouting bly 'n droom (dis tien keer meer sout as brakwater) en ontsouting deur byvoorbeeld kernkrag (Koeberg) stuit ook teen die ongelooflik hoë koste.

---

► die swak subtropiese vrugte-oes ernstige verliese en werkloosheid veroorsaak.

Waar tenkers water ten duurste na droë gebiede in Transkei kon bring, moes hulle nou ophou weens politieke onrus - klipgooiery. In Natal kan die tenkers water net tot in sekere gebiede bring want die meeste van die gehuggies is bo-op heuwels gebou en pypleiding is duur en dikwels onmoontlik.

DIE DEPARTEMENT Waterwese weet hulle moet 'n berekende sielkundige en diplomatiese kommunikasie met die bevolking handhaaf. Om paniek te keer wil hulle nie te doemprofeties klink nie, maar eweneens moet hulle tydig waarsku. In die landbou kom daar 'n stelsel van "sagte" waarskuwings, soos die onlangse mededeling dat die Vaalrivier se afloop oor die laaste twee seisoene só verswak het dat die situasie "kommer wek".

Claus Triebel, direkteur Waterbestuur van die Departement, glo in feitegewing: die invloei van die Vaaldam in '91-'92 was slegs 320 miljoen kubieke meter water, tweede laagste op rekord. Hoewel '92-'93 hoër was, (678 miljoen kubieke meter) is dit nog baie minder as die 2 000 miljoen kubieke meter gemiddeld. Dus: indien nog 'n droë seisoen ervaar word, sal waterbeperking teen Mei aanstaande jaar ingestel moet word. Die goeie nuus (ook 'n "sielkundige" aansporing) is dat die Lesotho Hooglandskema dié dam en gebied teen 1997 darem baie sal help.

Droogte is die leitmotif in die tragedies wat ons volk op die land teister. Bankrotskappe, moedeloosheid, traumatiese ontvolking, hongersnood bring altyd weer die wanhopige frustrasie uit: is daar dan níks wat die mens kan doen om dié natuurmonster hok te slaan nie? Ysbergontginning, see-ontsouting, om wolke te melk? Moontlik, ja - maar onmoontlik duur. G'n ekonomie kan dié energieverbruikende oplossings dra nie.

# waar sal ons heil vandaan kom?

BESLIS vir eers uit die wolke. Maar dit is tegnologie en groter kennis wat ons sal help. Hoewel Suid-Afrika se weervoorspelling gewoonlik vir vyf dae akkuraat is, word die land geknel deur die gebrek aan inligtingstasies - die afstand van digbewoonde gebiede of van die sentra waar nuwe tegnologie toegepas word.

Tog het Waterwese deur stogastiese modelle (dis om waarskynlike reënval agteruit na te vors en dan op historiese kennis modelle te trek) sukses behaal deur byvoorbeeld die Vaalrivier se "prognose" te lees.

Claus Triebel beskou Waterwese se vermoë om vroeë waarskuwingseine te stuur as taamlik gevorderd. Hy noem spesifiek die Lesotho Hooglandskema as 'n voorbeeld van vroeë waarskuwing. Die tydige instelling en benutting van dié bron sal teen 1997 groot verligting en verbetering in nywerheids- en landbougebruik bring. Verdere fases aan die skema sal verwagte waterbronne lewer tot oor twintig jaar.

Méér damme sal gebou moet word. Ons het tans 470 groot damme waarvan 158 Staatsdamme is. Ondanks die kritiek dat damme dikwels om óf politieke óf goeie guns-redes gebou is en eintlik van nul en gener waarde is nie, het damme ons tot dusver in groot mate gered. Die droë Fanie Botha-dam sal nou deur die Ebenhaeser-dam gevoed word. Die tydige opgradering van die Sterkfontein-dam deur die Tugelastelsel is sekerlik die rede waarom die PWV-gebied tans nog goed funksioneer.

Die verbetering van watergehalte deur die suiwering van versouting en besoedeling asook die onttrekking van eutrofikasie (stiktof en fosfate - in groot mate te wyte aan die moderne waspoeiers) help tot groot hoogte om water weer terug in bruikbare stelsels te kry.

Maar méér as enigiets anders sal die stygende prys in rande en sente van water ons dwing om met groter agting na water te kyk. Water in Suid-Afrika is goedkoper as in die meeste ander lande. Dit sal nie meer vir lank so wees nie.

- Die Instituut van Raadgewende Ingenieurs beskou die kwessie van die opleiding van hidrologiese en waterverwante ingenieurs as uiters belangrik. Daar is egter tans 'n tekort en dit blyk dat jongmense dié rigting as te arbeidsintensief en onlonend beskou. Dit, terwyl dié gebied van die grootste uitdagings vir toekomstige tegnologiese kundigheid bied.

Suid-Afrika het in die onlangse verlede weer 'n lewenskragtige rol in die res van Afrika begin speel deur die besoeke en raad van ingenieurs uit Suid-Afrika. Trouens, een van Suid-Afrika se voorste internasionaal erkende wateringenieurs, James Barnard, is nou as volle professor aan die Universiteit van Vancouver aangestel. Wisselwerking met Israel, raad en hulp aan omliggende Afrikastate, die aanvraag na Suid-Afrikaanse kundigheid op internasionale kongresse toon wel die gehalte van ons navorsing en kundigheid.

# ons bevuil ons eie nes

BESOEDELING is die mensgemaakte ramp in ons watervoorsiening. Dis nie net nywerhede wat die misdaad begaan deur water te besoedel en dit ondrinkbaar en onhoudbaar vir mens, dier en visse te maak nie. Huishoudelike besoedeling deur die gebruik van chemikalieë maak water óf duur óf onsuiwerbaar.


# onregverdig?

ONTNEEM ons nie vir Lesotho van sy lewensbelangike bron nie?

Lesotho is watergeseënd. Die hooglandskema neem wel water uit Lesotho, maar gemeet aan wat die skema aan Lesotho teruggee, is al beraam dat Lesotho uit die ooreenkoms 'n 56 persent rendement het: aan toerisme, opgradering van klinieke, werkverskaffing, opleiding en infrastruktuur.

In die toekoms sal ons ook met Zimbabwe moet onderhandel indien ons water van die Zambesi sou benodig. En met ons bevolkingsaanwas soos nou, sal ons dit sekerlik nog benodig.





# el nino?

GERHARD SCHULTZ, hoofdirekteur van die Weerburo en die kenner van El Nino, is hoegenaamd nie beïndruk met El Nino se "reputasie" nie. Die verskynsel - 'n warm seestroom in die Stille Oseaan wat dan deur atmosferiese beïnvloeding droogte kan bring in Suid-Afrika se somerreënvalgebiede, is nie eintlik 'n goeie vroegtydige waarskuwing nie. Eers teen die somer self sal ons weet of El Nino, soos die laaste twee seisoene, nog aktief is en of ons wel weer soos die vorige seisoene droogte gaan ervaar.


Schultz wys egter daarop dat vaste patrone nie werklik kan bestaan nie. In wyer omvang kan tydperke soos dié van 1978 tot 1983 as droogtejare beskryf word, maar in daardie jare was daar wel tye toe dit op plekke goed gereën het. In goeie reëntye was daar onstellende verskynsels van droogte. Deur die verfyning van tegnolgie is daar wel 'n ewige verbetering in weervoorspellings.

## wat kan jy doen?

- Jy kan 'n baksteen in jou latrinebak plaas.
- Jy kan jou krane met groter respek behandel.
- Jy kan jou tuin volgens droogte-eise - en nie eksotiese eise nie - inrig.
- Jy kan water as 'n skaars hulpbron beskou - en dit altyd onthou.

## wat die staat kan doen

- Waterpryse verhoog op 'n glyskaal.
- Fisieke perke instel (deur meganiese instelings wat watervloei beperk)
- Vrywillige perke instel wat deur boetes gereguleer kan word.
- Deur volgehoue opvoedingsprogramme verarmde gebiede, kinders en grootmense oor hul water "maniere" inlig.



Word dié leeus ten koste van mense bewaar?

deur ina van der linde

# Is die natuur 'n luukse?

**Sommige meen wildreservate soos die Krugerwildtuin moet eerder vir veeweiding gebruik word. Ander sê gemeenskappe trek op die ou end meer voordeel uit wildbewaring as beesboerdery**

VAN die eerste vrae as mens praat oor beeste in die Nasionale Krugerwildtuin - soos voorgestel deur Derek Hanekom, landbouwoordvoerder van die ANC, en Louis Liebenberg, medeskrywer van die konsepwerkdokument - is of daar enige ander voorbeelde in Afrika is waar beeste in wildreservate voorkom.

Dadelik dink mens aan Masailand in Oos-Afrika, wat soos 'n misvormde eier regoor die grens tussen Kenia en Tanzanië lê. Dadelik bygesê, dié is nie 'n nasionale bewaringsgebied nie.

Johan van Zyl, dekaan van die fakulteit Landbouwetenskappe aan die Universiteit van Pretoria, was onlangs in die Masai-gebied in Kenia. Hier is nie kommunale grondbesit nie en die hele gebied is verdeel en behoort aan individuele eienaars. Die gebied is nie omhein nie en troppe beeste wei tussen die wild.

Sekere tye van die jaar kom troppe van 'n miljoen wildebeeste uit Tanzanië oor die grasvlaktes gestroom. Maar hulle word nie gejag nie, want die Masai eet glad nie wild nie, en jag net af en toe vir die pret. Dit verklaar waarom wild nog so volop is.

Die legendariese Masai is deel van die toeriste-aantrekkingskrag. Toeriste betaal 'n heffing om hier te kom toer, en die geld word teruggeploeg in die gemeenskap. Van Zyl praat van 'n inkomste van $500 000 in een maand uit toerisme vir een gemeenskap van 600 mense.

Die wild kompeteer wel met die beeste vir weiveld. As daar nie genoeg weiveld vir albei is nie, vrek die diere eenvoudig, beeste en wild albei. Maar dis 'n vrugbare gebied met 'n hoë reënval. Die beeste word nie gedip, ontwurm of teen siektes soos snotsiekte - wildebeeste is die draers hiervan - geïmmuniseer nie. Die beeste het 'n lae produktiwiteit en kalf nie gereeld nie. Vir beeste is dit hier eenvoudig 'n kwessie van aanpas of vrek. Die gevolg is dat die getalle-ewewig tussen beeste en wilde diere gehandhaaf word.

Terselfdertyd is dit 'n grasvlakte met doringbome. Beeswagters kan roofdiere van ver sien

aankom en hul beeste beskerm. Maar die aard van Masailand is besig om vinnig te verander. Eienaars verkoop deesdae hul grond aan saaiboere, wat heinings span en onder die wild begin maai.

Om duidelike redes is Masailand nie vergelykbaar met die Krugerpark nie, sê Van Zyl. Dis bosveldwêreld waar geen beeswagter vee teen roofdiere kan beskerm nie en om heinings en krale in die gebied op te rig is ondenkbaar. Dit sal onmiddellik die Krugerpark se aantrekkingskrag vir toeriste bederf en daarmee saam, die eend wat die goue eiers lê.

BOTSWANA SE ERVARING vertel die meer algemene storie van Afrika: die voortdurende tweestryd tussen natuurbewaring en beesboerdery, met eersgenoemde wat gewoonlik die stryd verloor.

Pete Hancock van die World Conservation Union (IUCN) in Gabarone, sê dis ondenkbaar om beeste in bewaringsgebiede in Botswana toe te laat. Die oomblik dat beeste in 'n gebied met volop wild inbeweeg, moet 'n veterinêre heining gespan word om die beeste weg te hou van veral buffels en wildebeeste, draers van bek- en klouseer en korridor-siekte. Laasgenoemde word versprei deur die bruinoorbosluis wat terloops, endemies is in die Krugerwildtuin.

Wanneer sulke heinings gespan word, soos nou weer in Botswana met die halfvoltooide Noordelike Buffelheining aan die bo-punt van die Okavango-delta, vind 'n geweldige afname in wildgetalle plaas. Die jongste *Africa Environment & Wildlife* wys op navorsing deur twee Amerikaanse wetenskaplikes, Douglas en Jane Williamson, oor die afname in wildgetalle ná die oprigting van die Suidelike Buffelheining in 1981. Die wildebeesbevolking in die Kalahari het binne twee jaar afgeneem van 300 000 tot net oor die 2 000. Net rondom die Xau-meer is 50 000 in een jaar dood.

DIE GEVEG VIR die oorlewing van die Okavango Delta, 'n delikate dun sluier lewe wat oor die woestynsand gegooi is deur die wonderwerk van die delta-vloede, het reeds begin. Beesboere het onlangs byna daarin geslaag om 'n stuk grond van 4 230 vk km wat regdeur 'n tak van die delta sny, op te eis. Die vloedvlaktes word kort-kort aan die brand gesteek vir vroeë groen weiding. Beeste ding mee met die waterkoedoe (sitatunga) en seekoeie, asook met buffels, sebras en wildebeeste vir gras. As die vloedplein oorbewei word, sal die jaarlikse vloede nie deur plantegroei getem kan word nie en die sensitiewe gebied tydens die droë seisoen in 'n woestynland omgeskep word.

Hancock sê die ervaring in Botswana is dat kommunale boere geneig is om te veel beeste aan te hou omdat niemand individueel aanspreeklik gehou kan word vir oorbeweiding nie.

Terug by die Krugerpark. Conrad Steenkamp, omgewingskonsultant van Johannesburg, sê hy vermoed 'n politieke bymotief oor die voorstel oor die gebruik van bewaringsgrond vir vergoeding van landelike gemeenskappe en vir weidingdoeleindes. Die rede vir die vermoede: dit is reeds baie duidelik dat die bewaring meer ekonomiese en ekologiese sin het as beesboerdery en dus voorrang moet geniet. Die toerismepotensiaal tersyde, is die verdienste uit wildboerdery 15 keer hoër as met beesboerdery - sonder dat die drakrag verlaag hoef te word.

**In 'n verteenwoordigende dorp van 400 naby Krugerpark, besit tien inwoners beeste, waarvan die helfte deur twee besit word.**

Gemengde bees- en wildboerdery is onder beheerde omstandighede wel moontlik, maar Steenkamp beklemtoon ook die probleme met veesiektes weens die kontak met veral wildebeeste en buffels. Zimbabwe het nie verniet hulle reservate, afgesien van 'n paar eksperimente, behou nie.

**"My hele benadering vanuit 'n weidingkundige oogpunt is dat die wild in die Krugerwildtuin drasties verminder sal moet word indien hulle ernstig is met beesboerdery in die gebied."**

"Kan die beweidingsopsie werklik gemeenskapsontwikkeling dien? In 'n verteenwoordigende dorp van 400 naby Krugerpark, besit tien inwoners beeste, waarvan die helfte deur twee besit word. Die beesbesitters is 'n klein elite (amptenare, polisiemane, onderwysers) wat net hulle posisie sal kan konsolideer indien hul boerdery bevoordeel word. Sinvolle ontwikkeling is egter gemik op die armstes in gemeenskappe."

Steenkamp sê dis eenvoudig nie waar dat mense rondom die wildtuine geen voordele uit die park trek nie. Dit was miskien in die verlede waar, maar behalwe werkskepping is 'n groot mate van konsensus reeds bereik oor hoe hulle betrokkenheid gereël kan word: die meeste van die voorstelle in die verslag is dus reeds de facto beleid by die meeste beduidende bewaringsinstansies.

Mense het 'n aanspraak op bevoordeling uit bewaring, maar reservate is uiteindelik 'n beperkte hulpbron. Gemeenskappe moet poog om 'n ekonomie te bou wat verder strek as 'n afhanklikheid van boerdery en afsetmarkte binne reservate en 'n selfstandige aandeel aan toerisme ontwikkel.

Hy meen 'n meer opregte benadering sou wees om die landelike gemeenskappe inligting te gee wat hulle bemagtig om funksionele besluite oor hulle eie toekoms te neem. Die huidige uitlatings skep egter verwagtinge waaraan prakties net met moeite en hoë totale koste voldoen kan word, en daarmee ook langtermyn geloofwaardigheidsprobleme vir die ANC.

Dirk Neethling, veearts van Potgietersrus wat pas aangewys is as Wildboer van die Jaar, sê behalwe die probleme met veesiektes, "kan roofdiere en beeste eenvoudig nie saambly nie". Hulle gaan in konflik kom - en die eerste ding wat gaan gebeur, is dat roofdiere uitgeskiet sal word. Die ander oplossing is omheining.

En dít is 'n duur storie. Beesheining kos tussen R800 en R1 200 per kilometer en wildheining is heelwat duurder. "My hele benadering vanuit 'n weidingkundige oogpunt is dat die wild in die Krugerwildtuin drasties verminder sal moet word indien hulle ernstig is met beesboerdery in die gebied. Want die oomblik as die dravermoë van die grond oorskry word, en daar kom 'n groot droogte, gaan dit katastrofale gevolge hê. In die droogte van 1983 het 30 000 beeste in Venda gevrek."


TIENIE DU PLESSIS, omgewingskonsultant van Pretoria, bestempel die konsepverslag van Hanekom en Liebenberg as "paternalisme en amperse rassisme".

"Hulle dink daar is hierdie grootse demokratiese eenheid rondom die wildtuin en as mens nou die grense oopmaak vir beeste gaan almal bemagtig word. Intussen is dit net 'n paar mense wat reeds die mag in hul hande het wat voordeel hieruit gaan put". Terwyl mens nie apartheid moet miskyk nie, is beesboerdery, net soos wildbewaring, nie heilig nie.

Wat tel, is of dit meer geld maak as beesboerdery en dit is reeds oor en oor bewys dat sogenaamde ekotoerisme baie meer geld maak as beesboerdery. In Botswana, Kenia en Zambië is die beleid deesdae om pryse in wildparke so op te stoot, dat minder maar ryker mense die gebiede kan besoek, sê Du Plessis. Hanekom en Liebenberg is dus reg dat die wildtuine nie vir armes toeganklik is nie. Maar te veel armes veroorsaak juis skade aan die ekologie. "Dit het niks te make met apartheid nie, maar alles met geld". ■



Die huilboerboon in blom. Maar net in warm klimaatstreke.



Old Faithful, die karee, 'n vinnig groeiende boom, altyd blare aan en gehard teen temperatuurwisseling.

lewenstyl

# plant 'n boom wat aard

deur martie meiring

DIS dalk net onpatrioties om nie vanjaar 'n boom te plant nie. Die land het daardie boom nodig - in méér opsigte as net om die osoonlaag te wil beskerm.

Om bome te plant, sê Geoff Meyer, tuinboukundige in Pretoria, is nou sommer regtig regstellende optrede! Maak reg waar ons voorheen verbrou het en belê nou in die toekoms.

Goed en wel om so 'n politieke kwint by boomplantery te bring, maar feit bly staan Boomdag het sommer 'n nasionale viering geword.

Wie plant bome?

Mense met vertroue in die toekoms, sê Meyer. Mense wat die grond liefhet. Mense wat die natuur liefhet en baie mense plant bome om iets te gedenk - 'n geboorte, 'n promosie, die verjaardag - of die dood - van 'n geliefde. Dis tegelyk 'n herinnering en 'n belofte.

Vanjaar se "boom", die huilboerboon, is wel 'n allerpragtige boom, maar nie sommer maklik om oral te plant nie. Van koue hou hy nie baie nie, maar in warmer streke is dit 'n boom wat sommige jare die allermooiste blomvertoning gee.

Meyer het 'n gids vir inheemse bome opgestel wat maklik gevolg kan word. In Pretoria sou die kiepersol en die Acacia Karoo 'n goeie plan wees. In Johannesburg die pragtige vaderlandswilg, en ook die wilde olyf. In die Laeveld, Zoeloeland en die Noordkus aard die koorsboom majesteitlik goed; in Durban die "Umdoni", die pragtige waterbessie; Port Elizabeth en omstreke is goeie aarde vir die Erythrina Caffra, die kafferboom wat soms om een of ander rede ook die koraalboom heet; George is natuurlik Podocarpus (geelhout) wêreld en in Kaapstad en omgewing is dit fynbos, protea en ericas. Die Weskus vra ook fynbos tot dit in die noorde goeie wêreld vir kokerbome word. Beaufort-Wes soek fynbos (ook vygies) en in Bloemfontein is dit maar 'n goeie idee om die ou gunsteling, old faithful karee (Rhus Lancea), te plant. Met die Karoo op Bloemfontein se agterdeur is dit dalk 'n goeie idee om sommer baie karees te plant.

NOORD VAN PRETORIA by Pietersburg waar dit sommer ook koud kan word, aard Acacia Karroo en by Louis Trichardt kan jy sommer 'n paar jakkalsbessies plant.

Meyer sê 'n boomplanter se eerste wet is om nie 'n tiensentse plant in 'n vyfsentse gat te plant nie. Onthou jy plant vir honderd jaar vorentoe. Maak dus die gat diep en vierkantig (nooit rond nie, want 'n ronde gat laat wortels rondomtalie draai. Een derde kompos met twee derdes tuingrond moet goed gemeng word, maar bemesting moet bo-op die grond gegooi word. Net 'n bietjie beenmeel kan in die gat self gegooi word. Maak jou dammetjie om die plant en op die eerste dag kan jy drie tot vier keer goed water gee en wag dan so 'n week voor jy wéér gee (wortels wat te veel water kry, krul terug pleks van dieper of wyer).

Wanneer die boom begin groei, is dit gerade om sy onderste takke te snoei tot so op vyf jaar wanneer die boom net mooi menskophoogte sal wees en dus 'n skadu oor jou kan gooi. Laat die sytakke dan goed sprei.

Omdat inheemse bome gewoonlik net van reënwater afhanklik is, het mense nog nie agtergekom nie dat 'n inheemse boom maar net so vinnig kan groei soos 'n uitheemse ene as hy darem meer dikwels in die tuin water kry.

deur louis kirstein

# naasteliefde?

## Dis nie net 'n heenkome wat hulle by **Koos Nell** se Refuge in Christ gekry het nie, sê drie vroue

WAT skuil werklik agter die mure van die Angelo-hostel naby Boksburg wat Koos Nell se Refuge in Christ huisves?

Nell self hou hom aan die wêreld voor as 'n miljoenêr-weldoener, wat deur die Here besiel is om mense te help.

Maar drie vroue wat in sy Refuge 'n heenkome gaan soek het, beweer hulle het meer as net Christelike liefde gekry. Een van die vroue sê 'n beter naam vir die Refuge sou gewees het "the smallest whorehouse in Texas".


Die vroue praat van Nell se "tirannie" en "sekslus" en sê daar is nog ander vroue wat nie meer daarmee kon saamleef nie.

Oor dié bewerings wil Nell niks sê nie - dis sy "private lewe", sê hy.

"AS JY NIE wil toegee nie, moet jy padgee," beweer een van die drie vroue. "Sommige mense wat dit nie langer daar kon hou nie, het verkies om liewer 'n boemelaarslewe op Johannesburg se stasie te gaan lei."

'n Vrou wat ses jaar met Nell getroud was, beweer sy "rondslapery" het veroorsaak dat sy sifilis gekry het. "Ek moes intussen 'n histerektomie ondergaan."

'n Ander vrou sê sy wou eers nie die stories glo wat almal vertel het nie. "Eers toe hy dit met my probeer, het ek die waarheid besef. Ek het dit nie toegelaat nie, en het my swangerskap as verskoning gebruik om uit sy kloue te ontsnap."



Koos Nell......"dit is my private lewe." Foto: Sally Shorkend

Vrees dat hulle hul enigste verblyfplek sal moet prysgee, dwing talle vroue in die hostel om te swyg oor die "haglike omstandighede", beweer die vrou.

Een vrou wat wel bereid is om te praat, bly nog in die hostel en wil nie haar regte naam gebruik nie, want "as Nell weet ek het besluit om met jou te praat, sal hy die lewe vir my hel maak".

Sy sê haar nagmerrie het sowat vier jaar gelede begin toe sy en haar man by Nell se vorige "mission" ingetrek het. "Een aand was my man dronk en toe gooi hy ons televisiestel stukkend. Hy is daarvoor tronk toe.

"'n Paar dae later het ek buite my kamer gesit. Nell het verbygeloop en gesê ek moet na sy konsultasiekamer gaan. Daar het hy eers met my gepraat. Dit is ook net daar waar hy seks met my gehad het. Ek wou dit nie gehad het nie.

"Toe ek hom 'n paar maande later vertel ek is swanger, het hy gesê ek moet nie bekommerd wees nie - hy sal na my en die kind kyk. Ons sal goeie kos eet - nie dié wat vir die res van die mission se mense gegee word nie - ons sal mooi klere kry, in 'n woonstel gaan bly. Hy sou ook onderhoud betaal.

"Vandag het hy 'n ander lover wat in nommer twee bly - en ek sit met die gemors. Sy vrou bly alleen in die woonstel terwyl hy hier tussen ons bly. Hy kom kyk net na sy kind wanneer hy so voel. Die ander dae groet hy haar nie eens nie.

"Hy betaal geen onderhoud nie. Nie vir één van die kinders wat hy hier by verskillende vroue het nie," beweer die vrou.

"Wanneer ek alles wil pak om by my suster te gaan bly, dreig hy om die welsyn te bel sodat hy die kinders kan hou. Ek wil tog nie my kinders verloor nie," sê sy.

NELL SÊ AL wanneer hy 'n vrou met die welsyn sal dreig is wanneer hy weet die vrou kan nie na sy buite-egtelike kinders omsien nie.

Al bewering teen hom waaroor Nell bereid is om te praat is dat hy en die dagbestuur 'n weelderige lewenswyse geniet ten koste van die ander bewoners.

Dis alles leuens, sê Nell. Hy koop sy eie vleis, terwyl die res van die bestuur dieselfde kos eet as die ander mense. Hy vat ook nie vir hom en sy gesin die beste klere wat geskenk word nie, want hy het 'n klerewinkel, Texas Clothing, in Johannesburg. (Kyk 'n mens in die telefoongids, vind jy nie so 'n onderneming nie.)

Hy hét wel elf kinders, sê Nell, maar nie almal is buite-egtelik nie. Hy skryf die meeste van sy kinders toe aan die losbandige lewe wat hy gelei het vóór die Here dit op sy hart gelê het om die mense te help.

Is hy werklik 'n miljoenêr? Niemand weet nie. Nell wil ook nie sê hoe oud hy is nie. Hy beweer hy was tien jaar lank 'n chemiese ingenieur by Sasol. Toe erf hy baie geld. Afgesien van dié rykdom, sê hy, het hy ook 'n plaas naby Lydenburg waar goud ontdek is en 'n plaas naby Kemptonpark. Die plaas naby Lydenburg gaan hy glo verkoop en die ander een gaan hy aan sy gewese vrou skenk.

In antwoord op die bewerings wat teen hom en die dagbestuur gemaak is, het Nell die hele dagbestuur van die Refuge laat vergader. Hulle het onder aanvoering van ene Joe kort-kort die Here geprys vir die wonderlike mens wat Nell is en ontken dat hulle hoegenaamd weeldeiger as die ander lewe.


Hulle wou ook nie oor enige van die seksuele bewerings teen Nell praat nie en sê dit is sy "private" lewe.

Een van die lede sê as Nell haar 'n drukkie gee, is dit uit Christelike liefde en nie omdat hy haar bed toe wil vat nie. ■

# tekens uit ons tyd

deur gavin younge

## roger palmer laat jou weer kyk na jou wêreld




Roger Palmer voor sy werk *Imperial Measure*, 1993, installasie in SANK.

ROGER PALMER, inwonende kunstenaar aan die Universiteit van Kaapstad se Sentrum vir Afrika-Studies, het pas as genooide kunstenaar 'n tentoonstelling in die Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum in Kaapstad gehou.

Wanneer hy nie navorsing doen en tentoonstel in Suid-Afrika nie (verlede jaar het hy saam met ons eie "teks"-kunstenaar Chickenman Mkhize aan die Sentrum vir Afrika-Studies tentoongestel) onderrig Palmer kunsstudente aan die Glasgowse Kunsskool.

Ná 'n besoek aan Suid-Afrika in 1985 (hy's getroud met Zoë Wicomb, 'n Suid-Afrikaanse skrywer wat teruggekeer het vir 'n kontrak-pos aan die Universiteit van Wes-Kaapland) het hy gewerk aan 'n stel van 20 foto's afgeneem in die verlate dorpie Beeswater in Klein Namakwaland. Ná 18 maande se werk aan die foto's het hy die tentoonstlling *Precious Metals* saamgestel, wat in die Serpentine en ander voorste kunssale vertoon is en die Bill Grant-prys gewen het vir die beste fotografiese tentoonstelling van 1987.

As deel van sy foto van 'n wit Cortina se dop het Palmer dié inskripsie aangebring:

> FOR THE BLACK HEADED DORPER, THE IDEAL IS A WHITE SHEEP WITH BLACK CONFINED TO THE NECK AND HEAD. SOME BLACK SPOTS ARE PERMISSIBLE ON THE BODY AND LEGS.
>
> IN THE CASE OF THE WHITE DORPER, PIGMENTATION IS ACCEPTABLE AROUND THE EYES, UNDER THE TAIL, AND ON THE UDDER AND TEATS.


Ter verdediging van die te opsigtelike politieke nuanses (toe hy destyds sy vrou wou vergesel op 'n besoek aan haar bejaarde ouers, het die raswette hulle gedwing om apart te woon), het Palmer bloot gesê hy was geïnteresseerd in die verkenning van metonimiese en metaforiese assosiasies.

Dié assosiasies is verken in sy tentoonstelling in Julie in die SANK. Losweg gegrond op die uiters beperkte frases wat as noodsaaklik beskou word vir basiese menslike kommunikasie in Suid-Afrika ('n fraseboek gepubliseer deur die Nasionale Raad van Vroue van Suid-Afrika), verken sy tentoonstelling, getitel *Colour Blind*, die ABCs en 123s van kruiskulturele kommunikasie in tekeninge wat in die kunsmuseum gemaak is, skilderye, borduurwerke en foto's.

PALMER IS DIE ELFDE kunstenaar wat deur die SANK genooi is om 'n "inwonende" tentoonstelling te hou - ná Willie Bester, Sue Williamson, Angela Ferreira, Peter Schutz en Beazy Bailey en andere. Die formaat is altyd dieselfde - die kunstenaar werk in 'n "oop" ateljee en besoekers kan die werke besigtig, met die kunstenaar gesels en oor die algemeen betrokke raak by die proses en, deur verwante werkwinkels, die tegnieke wat die kunstenaar gebruik.

Sedert die begin van die program in 1989 het die klem verskuif van die uitstal van werke na die maak van kunswerke. Op dié manier, is gehoop, sou eietydse kuns meer toeganklik gemaak word vir die publiek. 'n Belangrike deel van die program wat dikwels misgekyk word, is die werke wat elke genooide kunstenaar uit die vaste versameling kies om vertoon te word as 'n toevoegsel, of venster waardeur hul eie werk bekyk kan word. Die dag toe ek sy keuse besigtig het, was Palmer besig om Turner se *Lake Nemi* langs Albers se vierkantige maan te hang. Delaunay is verbind met Arp en terug na Delaunay. Die plasing van die ►

werke was uitstekend. Daarnaby het Braque se kubistiese ets nuwe lewe gegee aan Hamilton se *Interior with monochrome* ('n volgehoue belangstelling in gloeilampe?). Op die vloer was Moteyane se *Concorde* op pad na Maswanganyi se *DF Malan*. Palmer het geglimlag.



*Third Class Non-Whites I-VIII* **deur Roger Palmer. 1993, fotografie, 163x132 cm.**





***Words, Words, Words* deur Chickenman Mkhize. 1992, emaljeverf op bord, draad, sowat 50 cm hoog.**

IN SY VOORWOORD tot Roland Barthes se veeleisende essay *S/Z* merk Richard Howrd op: "nature is in fact culture". Dié aforisme is so oud (1974) soos die revolusie wat die modernistiese veronderstelling omvergewerp het dat kuns outonoom is, dat dit beliggaam word in iets so prosaïes liggaamlik soos "vorm"; en dat dié "vorm" al is wat ondersoek hoef te word in enige kritiek, resensie of waardering.

Ons weet nou die teenoorgestelde is waar: kuns is onseker, veelwaardig en soms onstellend onliggaamlik. Nietemin worstel Suid-Afrikaanse kykers steeds met kunstenaars soos Palmer, selfs wanneer hul onderwerp in naam die landskap is.

Palmer se werke is nie eenvoudig nie. Ons het gewoond geraak aan beelde wat as 't ware hul stem verhef. Sy beelde is tevrede daarmee om hul ironieë te fluister. Die eenvoud van sy tekstuele stellings wek selfvertwyfeling. Ons neem nie meer ons eie konstruksies waar nie. Ons sien nie tekens soos "Richtersveld, Coloured Area, Entry Strictly Forbidden" nie. Die meeste wit Suid-Afrikaners kan nie tot sewe tel in Sotho, Zoeloe of Xhosa nie. Palmer weet dit, en ontrafel die spoel van kant en doringbos wat ons verweef het in die matrys wat ons kultuur noem.




***Last Chance/Laaste Kans*** **deur Roger Palmer. 1993, borduurgare op linne (Carol Fester), 129x200 cm.**

DIE WERKE IS in sewe groepe gerangskik. Die tekeninge *in situ* (graffiti?) dien as maatstaf vir die hermeneutiese "verwewing van stemme" in die ander ses, gekodeerde werke. In my bespreking van dié werk bied ek nie soseer 'n semiotiese verslag nie (as tekens alleen verloor die werke dubbelsinnigheid), maar 'n simboliese lesing van Palmer se "reeds geskrewe" tekens.


Die tekeninge op die pilare van die kunssaal is voltooi tydens sy "inwoning". Die eenhede is afgemeet in voete met 'n liniaal wat in Namibia gekoop is, en die stuk heet *Imperial Measure*: 'n kommentaar op koloniale ekspansie (kroon-onderdane?).

*Last Chance/Laaste Kans* is 'n presiese borduurwerk (deur Carol Fester) op Engelse linne. Iewers naby die middel van elke paneel word die frases First time, Second choice, Third prize en Last chance uitgespel. Die kleur en lettertipe verander met elke reël. Die tweede paneel dra dieselfde inligting in Afrikaans. Albei is woordeliks en in presiese volgorde oorgeneem uit die Nasionale Raad van Vroue se fraseboek. Soos Lelyveld se boek *Move your shadow* (uit Bold se Fanagalô-fraseboek se afdeling oor gholf) is Palmer se kriptiese waarskuwing 'n aanhaling. In albei gevalle is dit belangrik om die konteks van die aanhalings te herstel sodat hul betekenisse uitkristallisseer uit die oplossing wat ons taal noem.

Maar as gevonde teks is die fraseboek van geen blywende belang vir Palmer nie en hy wil nie hê sy werk moet beskou word as verslaggewing of enige vorm van joernalisme nie.

*Third Class Non-Whites I-VIII* is 'n reeks van agt byna identiese foto's van die syfer 3 wat die SA Spoorweë voorheen aan albei punte van hul sjokoladebruin waens geverf het. Vir ons as Suid-Afrikaners, so gewoond aan kennisgewings wat toegang verbied en toelaat, is dié foto's straks nie baie boeiend nie. Palmer se titel vir die tentoonstelling, *Colour Blind*, erken dat ons nou (dood)graag die verlede wil besweer. Maar die verlede wil nie weggaan nie. So onlangs soos Februarie 1993, toe Palmer die werk *Colour Blind II* gemaak het, het 'n verroeste kennisgewingbord by elk van die drie ingange tot die Richtersveld steeds toegang vir almal behalwe "Kleurlinge" verbied.

Dit is natuurlik nie Palmer se boodskap nie. Hoewel hy belangstel in tekens, en hoewel sy medium die punte van elke letter interrogeer, is Palmer geen boodskapper nie. As kykers moet ons ons eie Laaste Kans vind. ■




***Colour Blind*** **deur Roger Palmer. 1993, akriel op seildoek, 150x283 cm.**

Gavin Younge is 'n beeldhouer en adjunk-professor aan die Universiteit van Kaapstad.




Het die kind 'n toekoms?



# hier's klaar te veel mense ...

**BEVERLEY MITCHELL** kyk na die bevolkingsontploffing



Dr Nthato Motlana... Dis almal se probleem. (Foto: Sally Shorkend)

"AS ek 'n vrou van die platteland vertel Harry Oppenheimer het net twee kinders, sal haar antwoord wees: Harry Oppenheimer het die versekering dat hy sy kinders sal sien grootword - ek nie."

Aldus dr Nthato Motlana, nuwe voorsitter van die Bevolkingsontwikkelingsraad.

Motlana, 'n gewilde en reguit man, is nie bang vir heupvuur nie. Bevolkingsgroei moet nóú op die onderhandelingstafel geplaas word, sê hy. Ook: die neiging om groot gesinne in terme van ras, kleur en kultuur te wil sien, moet eindig. Agterlikheid, onkunde en armoede is wat bevolkingsontploffings veroorsaak.

Wat wel waar is en terstond reggestel moet word, is die verskynsel dat die wit kindersterftekoers in Suid-Afrika sowat 6-8 uit 'n duisend is, maar dat swart kinders teen 57-60 uit 'n duisend sterf.

Motlana se voorskrif vir die genesing van die skrikwekkende omvang van bevolkingsgroei in Suid-Afrika is om nie eens na mediese of politieke redes te soek nie, maar onmiddellik met opvoedkundige programme te begin. Terwyl 'n "beloning" wel aangebied kan word vir gesinne om minder kinders te hê, moet dit uiters omsigtig aangepak word. Dit help byvoorbeeld nie om aan 'n swart vrou 'n huis te belowe vir skuiling terwyl bekostigbare behuising nog glad nie vir almal beskikbaar is nie.

Dink op kort termyn, sê Motlana, en moenie beloftes maak wat vals kan word nie. Hy prys dan ook die Indiese voorbeeld van belonings (in sommige state is mense radio's gegee as hulle hul kinderskry beperk het) - maar hy waarsku teen die afskuwelike Chinese "oplossing" toe wetgewing ouers gedwing het om net één kind te hê.

MOTLANA SIEN NIE dat belastingtoegewings enigsins vir mev Ngobese van die platteland sal help nie. Sy sal a) nie so 'n "vergunning" verstaan nie, en b) sy verdien nie genoeg om eens belasting te betaal nie. Maar hy dink sterilisasie moet op aanvraag gebied kan word en dat vroue wat reeds drie of vier kinders het, toegang tot sulke operasies moet hê.

Die kwelvraag oor aborsie bly vir Motlana ook problematies. Eintlik kan net wit vroue aborsies bekostig, want hulle weet hoe om die nodige wettige voorskrifte van dokters en sielkundiges te kry. Maar hy glo tog dat vrye keuse wel toelaatbaar moet wees en dat die arm vrou toegang tot aborsie-operasies moet hê.

Motlana beveel wel wetgewing aan wat vroue sou beskerm teen die eis van mans wat om sogenaamde viriliteits- en statusredes daarop aandring om baie kinders te hê.

'n Tweekind-gesin is die ideaal, sê hy. Maar pas op vir langtermynoplossings.

Gertrude Shope, president van die ANC-Vroueliga, is absoluut gekant teen aborsie as 'n middel om die bevolkingsgroei te stuit, maar sy glo wettige aborsie moet ewe toeganklik wees vir swart en wit vroue.

Shope wil graag 'n ontwikkelingsbeleid sien wat die vrou se lewensgehalte sentraal stel. Haar gesondheid en haar gesinslewe is belangrik. Deur opvoeding sal sy ook leer kleiner gesinne beteken dat minder huise nodig sal wees, en dat onderwys meer bekostigbaar sal wees. ■

## kindersterftes

**PER 1 000 BEVOLKING IN SUID-AFRIKA.**

| Jaar | Asiër | Swart | Kleurling | Wit |
|---|---|---|---|---|
| 1980 | 24.4 | 70 0 | 60.7 | 13.1 |
| 1985 | 16.1 | 60.6 | 40.7 | 9.3 |
| 1990 | 10.6 | 52.8 | 39.4 | 8.6 |

## MÔRE IS TE LAAT

IN Suid-Afrika word 3 000 babas elke dag gebore, 40 persent van die bevolking is brandarm, oor tien jaar sal 9 miljoen mense werkloos wees - 'n kwart van die bevolking.

Behuising word teen 350 000 eenhede per jaar benodig.

50 persent van die bevolking is ongeletterd.

In 2005 sal plakkerkampe soos woude om die huidige stede groei, kos en water sal min wees, siektes sal vermeerder en maklik versprei.

So tik die minute na rampspoed: te vinnig, te veel monde. Dis ons grootste probleem, die bevolkingsaanwas. Môre is te laat, daar moet nóú gered word.



## WIE KOM VAN WAAR?

Volgens statistieke van die Departement Binnelandse Sake, het die immigrantetal met uitsondering van Hongkong, sedert 1990 begin afneem. In 1990 was die totale immigrantetal 14 499, waarvan die meeste (7 560) uit Europa, dan volg Afrika (3 084), en dan Asië (2 837).

In 1991 lyk die getalle so: Europa, 5 767; Asië, 3 650; Afrika, 2 065. En in 1992: Europa 3 869; Asië, 3 005, Afrika 1 266. Die land van waar die meeste immigrante kom, is die Verenigde Koninkryk. In 1992 het die getal op 3 395 gestaan, in 1991 op 2 489, en in 1992 op 1 370. Dan volg Zimbabwe, wat in 1990 'n getal van 1 637 immigrante opgelewer het, in 1991, 889, en in 1992, 379.

Portugal en die Republiek van China, oftewel Taiwan, volg kort op hulle hakke. Uit Portugal het daar in 1990 1 414 immigrante gekom, wat in 1991 afgeneem het tot 757 en in 1992 tot 310. Uit Taiwan het daar 1 382 immigrante in 1990 gekom. In 1991 neem dit toe tot 1 959, en in 1992 plat dit af na 986. Immigrante uit Hongkong neem steeds toe. In 1990 was dit 114, in 1991, 236 en in 1992, 761. Ook uit Joegoe-Slawië het die aantal immigrante toegeneem van 115 in 1990, 156 in 1991, en 422 in 1992. Van die totale immigrantetal van 8 696 in 1992, word 4 132 beskryf as "ekonomies bedrywig", terwyl die res uit nie-werkende vroue, kinders en studente bestaan.

Hieronder tel 448 ingenieurs, 317 mediese praktisyns en 10 mediese spesialiste. Die meeste immigrante kom uit die klerklike en verkoopsberoepe (997), en uit bestuurs-, uitvoerende en administratiewe beroepe (520). Die getal sluit ook 425 ambagsmanne en vakleerlinge in, 189 onderwys- en verwante beroepe, en 77 rekenmeester en verwante beroepe.

# ... en steeds stroom duisende van buite in

deur ina van der linde

## Watter bydrae lewer immigrante tot die land?

OORBEVOLKING en werkloosheid aan die een kant, en 'n voortdurende stroom immigrante aan die ander kant. Straatsmouse wat op sypaadjies met Taiwannese en Chinese moet stoei vir elmboogspasie, ingevoerde ingenieurs terwyl werkloosheid ons eie ingenieurs in die gesig staar, en swak opgeleide dokters wat die land binnekom terwyl ons eie medici die land verlaat: Hoe rym dit dan?

Danie Schutte, minister van Binnelandse Sake, sê hul kantoor in Genève ontvang daagliks by die 2 000 navrae van voornemende immigrante, veral uit voormalige Oosblok-lande. Die Wet op Vreemdelingebeheer lê streng riglyne neer vir immigrante. Hulle moet 'n aanwins wees vir die land en 'n beroep beoefen waaraan daar hier 'n skaarste is.

Schutte twyfel soms oor die gehalte van die kwalifikasies van sommige hooggeskoolde immigrante. Maar dit beteken nie die immigrante is nie van hoogstaande gehalte as mense nie, sê hy.

Willem Odendaal, Direkteur Vestiging van Binnelandse Sake, sê die nuwe nie-diskriminerende, "kleurlose" Wet op Vreemdelingebeheer skryf streng vereistes voor vir die toelating van professionele mense, en die professionele verenigings en rade, soos die Raad vir Ingenieurs en die Mediese en Tandheelkundige Raad, is verantwoordelik vir die registrasie van professionele mense voordat hulle vaste verblyfreg in die land kan kry.

Op grond van die bevindinge van die rade besluit die Keurraad - 'n paneel van vyf mense wat deur die minister aangestel word - oor verblyfpermitte.

Indien gekla word oor die gehalte van kwalifikasies, is dit 'n probleem wat voor die deur van die professionele rade gelê moet word.

Dr Riaan Badenhorst van die Maatskappy vir Immigrasie, meen by sogenaamde skaars beroepe is die probleem die bepaling van die waarde en gehalte van mense se kwalifikasies. En die egtheid van sertifikate - hou maar veral die Russe goed dop, waarsku hy.

Hiervoor het die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing 'n teenmiddel. Dries Drost het die evaluering van buitelandse opvoedkundige kwalifikasies tot 'n fyn kuns ontwikkel. Sonder om geheime te verklap, vertel hy dat mens net so kan kyk na 'n lettertipe of 'n naam op 'n sertifikaat, in boeke rondkrap, of die houer so bietjie hoef te pols om te weet daar's fout. Daar's heelwat vervalsings. Maar niemand is verplig om deur die RGN of enige ander instansie getoets te word vir die egtheid van sertifikate of aansprake nie en dit word beskou as 'n leemte.

Die rede waarom steeds byvoorbeeld ingenieurs ingevoer word, is omdat daar steeds tekorte ondervind word in gespesialiseerde rigtings van dié beroep, sê die 1991-jaarverslag van die Nasionale Mannekragkommissie (NMK). Daar's veral 'n tekort aan chemiese, elektroniese, elektriese, meganiese en vervoer-ingenieurs, asook aan ingenieurstegnici (elektronies en instrumentasie), rekenaarwetenskapberoepe (sagteware stelsel ingenieurs en rekenaar stelselontleder) en ambagsmanne (metallurgies, chemici, wiskundig-verwante beroepe, veeartsenyberoepe, stads- en streeksbeplanners en rekenmeesters).

Maar daar's 'n oorskot aan administratiewe beroepe (klerke, verkoopspersoneel, sekretariële personeel, tiksters, ongekwalifiseerde rekenmeesters en boekhouers) en ambagte soos messelaars en pleisteraars, en onderwysers in sekere rigtings. Tog blyk dit dat die meeste immigrante juis in sommige van die beroepe staan.

Badenhorst meen daar moet sterker gestaan word op 'n beleid dat geen immigrant toegelaat word waar daar 'n Suid-Afrikaner is om die pos te vul nie.

Dit laat ons nog met die opsigtelik toenemende aantal Oosterlinge wat geen woord Engels ken nie en op ons sypaadjies kom smous. En dit blyk dat ons hier te make het met 'n ander kategorie immigrante.

Odendaal sê ander maatstawwe geld sogenaamde "entrepreneurs" wat die land binnekom. Geen vereistes word aan sulke immigrante gestel wat kwalifikasies betref nie. Al wat nodig is om hier te kan bly, is dat hulle 'n bedrag van R250 000 in 'n Suid-Afrikaanse bank deponeer. Dis 'n manier om buitelandse kapitaal die land in te bring, om ekonomiese bedrywighede aan te moedig en werkskeppingte bevorder. Die bedrag is volgens hom te min en sal opgeskuif moet word.

Teoreties kan iemand wat op dié manier die land ingekom het, doen wat hy wil. Die departement kry net met hulle te doen wanneer hulle kom aansoek doen om nog personeel die land in te bring, maar andersins word geen opvolgwerk gedoen nie.

En dan word gewys op 'n groter probleem: dié van duisende en selfs miljoene onwettige immigrante nie net uit buurlande nie, maar ook deesdae uit Oosterse lande, wat op die grondvlak met ongeskooldes meeding. En dis veral hier waar die mededinging op sy felste en ongenaakbaarste is. ■



Bill Curry... hy baseer Boesman wel op Miley - maar nee, hy baseer sy biskop in The Game nié op Biskop Tutu nie. Hy sweer.

# as jy nie lag nie, waar's jy dan?

'n Mens vat die werklikheid maar soos dit kom, sê Bill Curry

deur martie meiring

foto:: sally shorkend

BILL CURRY loop, lag en groet soos 'n klein stoute kabouter. Baie mense het al so gesê. Hy hou niks daarvan nie. Maar what can you do? As jy nie lag nie, waar is jy dan? vra hy.

Daar's g'n groot drama in Bill se lewe omdat hy sg coloured was en die feit dikwels aan sy lyf gevoel het nie. Hy's nog nie wit nie, maar as hy aan die coloured-dae dink dan kan hy wragtie lag vir al die sports.

Of, soos die keer toe hy by witmense in Tamboerskloof gaan kuier het en skielik besef het: "My god, dis mos ant Nettie se huis gewees." Nee wat, sê hy, sulke tye maak jy maar soos Boesman: dis die realiteit, dis hier, dis soos dit is.

Curry in die rol van Boesman in *Boesman en Lena*, Athol Fugard se klassieke stuk wat nou in die Mark aangebied word, wil nie te hoogdrawend raak oor die betekenis van Boesman nie, maar hy kan lekker vertel waar sy Boesman vandaan kom.

Van Miley af.

MILEY EN MONA was twee bergies wat van Bill hul beskermheer, held, goeie gewer en tugman gemaak het.

Dit was toe Bill nog in Breestraat in die Kaap gebly het en een aand die deur vir twee bebloede, vloekende, bitterdronk wesens oopgemaak het. Baklei, baklei het hulle aangemeld vir tog so 'n bietjie hulp, en so 'n bietjie kos, en miskien so 'n slaapplekkie, né?

Dit was Miley en Mona. Bill het skoon Friars Balsem op hul wonde gesmeer en hulle het nie eens die brand gevoel nie.

Hulle kon verdwyn vir dae aaneen en dan weer opdaag, gewoonlik smoordronk, kaalgesteel en bitter lief en dankbaar vir Bill.

Die liefde tussen Miley en Mona verklaar vir hom die liefde tussen Boesman en Lena - ene van besit. "Dis al wat hulle het. Kyk, aanmekaar verloor hulle alles. Goed word altyd gesteel - die bietjie wat hulle het, 'n vloed kom en daar gaat hulle laaste goed, soos Lena sê in sy moer in. Al wat oorbly, is mekaar. Hulle kon mekaar dooddonner, maar op die ou end kan die een nie sonder die ander nie."

BILL ONTHOU DIE "adellikheid" van sy Mona-Lena. "Hier kom sy verby, ewe, né, met net so 'n groot bleddie rooi hoed op en 'n wit lint tot däär. Die ene Lady Bracknel. En sy seil verby sonder om rond te kyk."

Hy vind dit moeilik om stil te sit en hy seil self verby soos Lady Bracknel-Mona. Was dit maar altyd in sy bloed - hierdie acting?

Eers later. Hy het teen die hange van Seinheuwel grootgeword, was in Trafalgar High (die enigste hoërskool vir swartmense) en ná Hewat College het hy gaan onderwys gee - maar dit was nie sy lyn nie. Amateurtoneel het hom getrek en net waar hy kon, het hy gespeel. By die Eoangroep ook. Tot hulle darem te gatkruiperig met die owerheid geword het.

Hy was een van die Ruimte-manne. Dit was Brian Astbury (Yvonne Bryceland se man) se onafhanklike teater (Space op Engels). Daar het hulle toneel geworkshop.

BAIE SPORTS GEHAD. Een aand was hy usher (jy moes als kon doen in die Ruimte) en vier sulke mannetjies en vier sulke vrouentjies met beehives en pienk strikkies in die hare kom in. Hy dog, o, hel, dis mos net polisiemanne dié (en dit was nog heavy apartheiddae) en wragtig hier kom vier swart ouentjies in en gaan sit in dieselfde ry. Hy wat Bill is, het net gedink over to you, whoever, maar hy wou hom breek oor die spulletjie. Niks het gebeur nie.

Trouens, verhoudings was daardie jare baie goed met sommige van die owerheid. Alte dikwels het hulle 'n diskrete oproep gekry om net te sê die polisie sal maar vanaand kom kyk.

Op dié manier het hulle gekgeskeer deur kleurlinge met maskers en wit handskoene op die verhoog te laat optree.

"Kyk, jy moes mos maar gespot het met die hele spulletjie."

Curry se rol van die biskop in TV se The Game kom tot 'n einde. "Nee, man,ek ken nie vir biskop Tutu nie. Die mense dink maar ek maak hom na," sê hy. Wie glo hom?

"Al ding van die bleddie TV is jy moet klein speel" - hy beduie met duim amper teen die voorvinger: "Só klein."

En vir 'n klein outjie met 'n groot styl, was dit wragtig damn moeilik! ■


vrye weekblad

Die enigste nuustydskrif in Suid-Afrika wat die naam werd is

As jy vir 'n jaar lank op Vrye Weekblad inteken teen die reeds verminderde bedrag van R100, ontvang jy Rod Stewart se heel beste CD ooit. Dié CD sou jou andersins R70 kos.




Rod Stewart se nuwe *Unplugged... And Seated* (Tusk) volg kort op die hakke van Eric Clapton se bekroonde *Unplugged*. Dit vorm deel van MTV se live akoestiese opnames van bekendes se musiek. Stewart-aanhangers behoort die nuwe weergawes van ou gunstelinge soos "Maggie May" en "Hot Legs" te geniet. Rod se uitsonderlike aanslag kan ook gehoor word wanneer hy Tom Waits se "Tom Traubert's Blues (Waltzing Matilda)" aandurf. Treffers op *Unplugged... And Seated* (beskikbaar op CD en kasset) sluit in "Have I Told You Lately?" en "Tonight's the Night".

Intekenare kry Vrye Weekblad vóór die naweek in hul posbusse, of, in die geval van Groter Johannesburg of Pretoria, by hul voordeure afgelewer. BTW en afleweringskoste is by die R100 ingesluit. Jy kan ook vir ses maande inteken teen R60, maar dan kry jy nie 'n CD nie.

Dié spesiale aanbod geld net vir 'n beperkte tyd en net die eerste 25 intekenare kry Stewart se CD - so stuur dadelik dié vorm aan VWB-intekenare, Posbus 177, Newtown 2113. Jy kan per tjek, posorder of kredietkaart betaal.

Ja, ek wil graag die Rod Stewart CD hê.

Naam: ..............................................

Adres en poskode: ..............................

..........................................................

..........................................................

Telefoonnommer: ................................

Kredietkaartnr: ...................................

Vervaldatum: Maand ............ Jaar ...........

Handtekening: .....................................


❑ tuisaflewering

❑ per pos

vrye weekblad

# beelde uit afrika

**ANDREW BANNISTER** en sy kamera verken die vasteland van sy geboorte










Lamu, Kenia-kus

daar's ander nuus ook

# op radio afrika

EK was desperaat om Afrika te verken, want my lewe lank was ek vasgekeer hier in die suidpunt. Dit is die vasteland van my geboorte, maar tot 'n paar maande gelede was die meeste grense gesluit vir ons, tensy jy op amptelike "bevrydingsake" was.

Ek wou gaan werk soek as 'n fotograaf in Europa, maar ek wou darem eers my eie wêreld beter leer ken. Ek het gereken dit gaan my omtrent ses maande vat om deur Afrika na Europa te toer as ek so drie weke in elke land deurbring. Twee maande later was ek net duisend kilometer van die huis af - en my toer was heeltemal te genoeglik en interessant om my by só 'n skedule te hou.

My roete het só geloop: van Maputo op met die Mosambiekse kus na Tanzanië op pad na Nairobi; dan na die Keniase kus en af verder suid na Zanzibar; in Tanzanië in om na die Ngorogoro-krater te gaan kyk; terug na Nairobi; Uganda; dan Oos-Zaïre en vinnig deur Rwanda en Tanzanië na Nairobi waar ek iemand ontmoet het om saam terug te ry na Johannesburg via Tanzanië, Malawi, Mosambiek en Zimbabwe - 'n reis van nege dae.




Bannister in Quelimane

HOUDING IS WAARSKYNLIK die belangrikste ding as jy reis. Met die regte houding word dinge wat vir ander ondraaglik is, vir jou 'n avontuur en iets om later oor te lag. As jy nie gewoond kan raak aan vuil toilette of kos wat nie so higiënies soos Ma s'n is nie, gaan jy dit nie geniet om vir onder R1 000 'n maand te reis nie. Soos die lewe is reis wat jy daarvan maak. Jy kan natuurlik in groot gerief en styl reis as jy baie geld het - maar dan kan jy nie die land geniet soos iemand wat saam met die locals eet, slaap en reis nie. ▶

BLADSY 30

BO: Landbouers, Morromeu, Mosambiek

ONDER: Mosambiek-eiland



Zanzibar, Tanzanië

AS JY ENIGE rassistiese houdings koester, gaan 'n reis deur Afrika vir jou hel wees - veral as die mense nog ontdek jy is 'n rassistiese Suid-Afrikaner of 'n Boer. Maar as jy geen rassis is nie, word jy verwelkom as 'n broer.

In ses maande in Afrika het ek net een keer vyandiggesindheid ervaar - en dit was toe ek met twee idiote in 'n kroeg in Nairobi sit en argumenteer het terwyl heelwat bier gevloei het. (Terloops, dis ook nie 'n goeie idee vir 'n Suid-Afrikaner in Afrika om te erken jy is 'n ondersteuner van Inkatha nie.)

Baie Suid-Afrikaners het die persepsie dat Afrika 'n gevaarlike, onder-ontwikkelde plek is wat nie meer gered kan word nie. "Daar is net slegte nuus oor Radio Afrika," is die gesegde.

Ek sal plekke soos Somalië en Liberië nie besoek tensy iemand my hope geld betaal nie, maar vir die res is dié persepsie van Afrika baie ver van die werklikheid. Ek dink nie enige ander vasteland kom naby Afrika wat gasvryheid, geduld en skoonheid betref nie. En jy kry dié eienskappe veral in gebiede wat nie deur toeriste oorstroom word nie. ▶



Zanzibar, Tanzanië




Lamu, Kenia-kus



Maxixe, Mosambiek




Beira, Mosambiek



Pigmees, Kiru-meer, Zaire




Kabale, Uganda

DIE HULPVAARDIGHEID en vrygewigheid van sommige van die mense wat ek ontmoet het, het my amper skaam gemaak. Stel jou voor: iemand op 'n bus wat sy bietjie kos deel met die passasiers wat niks het nie. Iemand wat jy nou net ontmoet het, wat aanbied om vir jou geld te leen. Iemand wat jou, 'n totale vreemdeling, 'n kamer vir die nag aanbied en dan enige vorm van betaling weier. Of om vir 'n maaltyd te probeer betaal - net om te ontdek iemand aan die ander kant van die vertrek wat waarskynlik minder as R100 'n maand verdien, het klaar vir jou betaal.

Dit beteken natuurlik nie jy moet almal vertrou wat jy ontmoet nie, veral nie in die groter dorpe nie. Maar in Afrika het ek nog nie een relaas gehoor van 'n reisiger wat gemug is nie - behalwe dié wat in Johannesburg was. Ek het 'n hele paar vroue ontmoet wat alleen gereis het, en hoewel hulle hul vervies vir die Afrika-benadering van seksualiteit, het ek ook nog nie gehoor van verkragtings nie - behalwe die paar sensasionele media-scoops die laaste paar jaar.

In Afrika se tradisionele gemeenskap is die lewe vir 'n man baie makliker as vir 'n vrou, maar as 'n vrou se vel dik genoeg is, is daar min probleme om alleen na kroeë of bergtoppe te gaan. Gesonde verstand en miskien 'n verkragtingsproei of elektriese skokker behoort met die selfvertroue te help.

Die grootste werklike gevaar is serebrale malaria. Dit kan jou binne 'n paar dae doodmaak, so drink maar die pilletjies en smeer die muskietweerder aan.

En geweld? Wel, die meeste Afrika-lande het 'n vrede waarop Suid-Afrikaners jaloers kan wees. Tanzanië is al vreedsaam sedert die eerste paar maande ná onafhanklikheid meer as twintig jaar gelede. Die berugte Uganda het een van die beste presidente ter wêreld. En so aan.

Dis nie dat ek wil skuld uitdeel nie, maar my indruk is dat heelwat van Afrika se probleme vandag te wyte is aan die Koue Oorlog waar die Ooste en die Weste korrupte diktators aan bewind gehou het omdat hulle in dié magsblokke se sak was.

Heelwat van die internasionale hulp het ook 'n twyfelagtige rol gespeel. In sommige lande is dié hulp gebruik om korrupte leiers aan bewind te hou wat andersins omvergewerp sou gewees het. Dit het baie gedoen om die selfrespek te ondermyn van Afrikane wat hulself nou sien as onmagtig om enigiets op hul eie reg te kry. Nou is daar plek-plek 'n houding van: wag vir die buiteland om probleme op te los, eerder as om dit self te doen en só ook self te leer.

Afrika betaal vandag meer terug aan lenings as wat ontvang word, en steeds sien Kenia buitelandse lenings as die oplossing vir oorlewing!

Afrika moet teen sy eie pas en op sy eie manier ontwikkel, maar dit is nogal moeilik om nee te sê vir aanbiedinge van Westerse "hulp" - met toutjies daaraan, natuurlik.

Ek gaan nog steeds werk as fotograaf in die Weste soek. Maar ek is vandag meer van 'n Afrikaan as vóór my reise. ■

# die drang om te vernietig

*Lem* deur PJ Haasbroek, Human & Rousseau, R59,99.

**GERRIT OLIVIER**

PJ HAASBROEK deins nie vir verbale oordaad terug nie: "Die son se sweisvlam is reg bokant die universiteitsterrein. Die wolke het oor die berg teruggedeins voor die woedende lig in die middel van die hardeblou koepel. Die son skroei deur Koch se hare tot op die vel van sy skedel, flits van motorruite en sink in sy oë, binne-in tot in sy brein." (54)


'n Mens kan 'n bloemlesing van passasies uit Lem saamstel waarin die oorweldigende hitte en bedompigheid van Noord-Natal, gekombineer met die geil woekerende natuur en die skerpte van son en lig, 'n byna surrealistiese milieu skep.

Maar "milieu" is hier nie 'n gepaste woord nie. Wanneer Van Biljon op pad werk toe voorgelê word, raak die aanvallers en natuur in die beskrywing met mekaar verstrengel. "Dit is die varings wat Van Biljon voorlê. (...) Die son flits verblindend, skroei tussen die stemme in en weerkaats blink in die oë van die varings." (60)

Van Biljon word doodgemaak deur 'n groep swart stryders, maar sulke passasies personifiseer die natuur self tot aanvallende mag, wis die grens uit tussen die dreigende swoelheid rondom die karakters en hulle eie gewelddadige optrede.

Afgesien van die opvallende kontraste tussen lig en donker, binne en buite, kultuur en natuur (kyk hoofstuk 4), is daar 'n duidelike skakeling van die son en die lig met geweld. 'n Ontploffing is 'n flits van lig, die son 'n mes, die penis 'n lem. Die lem van die titel wat op die buiteblad afgebeeld word, verskyn in 'n posisie wat geen twyfel laat dat die sentrale woord "doodsteek" op moord én verkragting dui nie.

Los van enige rasionele of psigologiese verklaring vir die karakters se optrede is die "natuurlike" vernietigingsinstink waaraan hulle hul oorgee, of wat langsamerhand die oorhand oor hulle kry, die eintlike protagonis in *Lem*. Die aanval op die dorpie Bukavo - die mees volgehoue gruwelikheid in Afrikaans - is 'n bevestiging hiervan.




OP KOCH, die stil bonkige man wat gou reeds as hoofkarakter na vore tree, het Zoeloeland ook 'n ander uitwerking. As historikus is hy aanvanklik, en ietwat naïef, geobsedeer met oorsaak en gevolg. Hy het die ambisie om uiteindelik alles te begryp, feitlik die hele geskiedenis in 'n kousale verband te skik sodat die toekoms voorspel kan word.

Stap vir stap egter - en op 'n wyse wat van groot literêre vernuf getuig - word Koch gestroop van al sy idealistiese veronderstellings. Die onvoorspelbare oorweldig hom: hy verloor sy besef van kontinuïteit. Alles word vir hom toegespits op die oomblik, en tegelykertyd raak hy afgestroop van sy kontak met die karakters in sy omgewing.

Wat dan van Koch oorbly, is die roofdier - en so word hy die gelyke van Xamca, die swart teenspeler wat op 'n merkwaardige wyse ook die enigste ek-verteller is. Xamca, en nie die onbeholpe en potsierlik afgebeelde studente en rektor van die universiteit nie, is die een aan wie Koch hom uiteindelik sal meet.

Die hoogtepunt van die verhaal vind plaas wanneer Koch - 'n roofdier nou, wat met fyn berekening en sonder verdere nadenke gereed maak vir die stryd - en Xamca teenoor mekaar te staan kom in Koch se tuin. Van dié oomblik af word *Lem*, ten spyte van die feit dat die boek handel oor die burgeroorlog ná 'n regse staatsgreep, die verhaal van Koch en Xamca se kragmeting. Vir die ander karakters, in die besonder die ongeloofwaardige akademiese opsweper Richards, is daar geen belangstelling meer nie.

DIE STELSELMATIGE OPBOU tot Koch se eerste konfrontasie met Xamca is uiters spannend en soms selfs geraffineerd, al voel 'n mens dat die son, die lig en die natuur dalk té blatant in die beskrywings die ware akteur word. Alles wat hierop volg, is teleurstellend en mis die skerpte van Haasbroek se korter prosa.

Die aanval op Bukavo is so verregaande ritualisties en bloeddorstig dat dit 'n mens afstomp. Die politieke motivering wat hieraan ten grondslag mag lê, is in dié stadium van die roman heeltemal op die agtergrond en ondergeskik aan die loslating van primitiewe, natuurlike drifte - én aan die feit dat die slagting uitgevoer word as 'n demonstrasie ten behoewe van Koch.

Daarna tref ons Koch aan as mynwerker in Pretoria, as kroeganger, as bokser, as die intellektueel wat nou nog net soldaat en kameraad kan wees - en dit bly vir my 'n ope vraag of die roman die leser ook krities na hierdie proses wil laat kyk. Is dit wat gebeur as daar eenmaal geswig word voor primitiewe instinkte? Of is dit wat elke man wesenlik is?

DIE LAASTE HOOFSTUKKE van *Lem* klink na 'n ordinêre spanningsverhaal, met af en toe moeë introspektiewe passasies soos die volgende: "Sonder vryheid van keuse word die sin van sy optrede deur ander se planne bepaal. Dit moet die finale vervreemding wees, dink hy, om jouself bloot as objek te ervaar." (232) Die konsentrasie en fokus van die eerste gedeelte, al het dit soms aan die uitspattige en aan mooiskrywery gegrens, het uit Haasbroek se teks verdwyn. Daarby is die ontvoering van Koch na Mosambiek ook op die vlak van die spanningsverhaal nie oortuigend nie.

Terwyl Koch vroeër vroue wou "doodsteek" uit frustrasie oor sy mislukte verhouding met Ariane, vind 'n mens hier 'n sentimentele byeenkoms: "Lank hang hulle in die donker tussen hemel en aarde, omring deur die geur van hul lywe, oorweldig deur 'n genadige versadiging. Inmekaargestrengel, aanmekaargeheg: een." (234)

Die slot van die roman kan alleen as simplisties beskou word. Koch en Xamca wat begin baklei, in 'n ligkring omring deur donkerte en nuuskieriges - as dit as basiese gegewe moet oorbly, of as embleem van "Afrika", dan beteken dit dat al die kompleksiteite van die geskiedenis, die revolusie en intermenslike relasies gereduseer word tot 'n man-teen-man-konfrontasie agter die kraalmuur. ■

# die verlore stem

*Wat het geword van Peter Blum? Die speurtog na die Steppewolf*
deur JC Kannemeyer. Tafelberg. R34,95

**FANIE OLIVIER**

ONDANKS die groot geskarrel destyds oor "die mens agter die boek" is belangstelling in en onthullings oor die lewe van Afrikaanse skrywers vandag 'n uitsondering.

Hoeveel Afrikaanssprekendes (selfs studente in die letterkunde) stel belang in Peter Blum se lewe - vir die meeste net nóg 'n digter opgeneem in 'n bloemlesing? Wat is die nut van Kannemeyer se vraag *Wat het geword van Peter Blum?*, met die subtitel *Die speurtog na die Steppewolf?*

Oor wat geword het van Blum nadat hy Suid-Afrika skielik 23 jaar gelede verlaat het, het dié stuk dokumentasie in ieder geval nie veel te sê nie. In dié opsig is die titel misleidend.

Wel verskaf dit maklike toegang tot wat geword het van ander werk van Blum. In die "Naspel" word verspreide tekste van dié digter (gepubliseer in *Standpunte* en *Die Burger*) opgeneem, asook die volledige brief wat Blum, uit Londen, aan NP van Wyk Louw geskryf het ná die lees van Louw se bundel *Tristia*. Ander dinge ontdek jy in die hoofgedeelte van die boek self.

DIE SPEURTOG na wie en wat Peter Blum nou eintlik was, is egter 'n prentjie van 'n ander kleur. In 'n lekker leesbare vertelling (" 'n Narrasie in veertien episodes", noem die skrywer dit), stel Kannemeyer ons bekend aan die lewe en die werk van een van die belangrikste digters in Afrikaans.

Dit doen hy deur die verwerking van veral korrespondensie tussen Blum en drie vriende: Jac Louw, Jan Rabie en Ernst Lindenberg. Ander korrespondente vul belangrike gapings: onder hulle Ina Rousseau (met wie Blum 'n vurige kort verhouding gehad het) DJ Opperman, Koos Human.

Deur dié briewe ontdek 'n mens dat daar naas die wonderlike digter ook 'n uiters begaafde kritikus en skerp, fyn leser in Blum geskuil het. Hier was 'n kritiese stem wat baie meer vir die Afrikaanse letterkundige lewe moes beteken het.

Ons leer ken die hele Afrikaanse literêre lewe in die laat-veertigerjare en die dekade van vyftig, veral soos die uitgesproke en liggeraakte Blum dit ervaar het. Met die blik van 'n buitestaander (wat hy nooit wou wees nie!) staan hy uitgesproke in alle betekenisse van die woord.

En dis nie net die letterkundige wêreld wat genadeloos aan die kaak gestel moet word nie.

"Wat help al daardie gesanik oor wêreldkultuur en die groot Europese geesteswêreld," skryf hy aan Jan Rabie. "As julle bokkers by elke verkiesing soos selfmoordlustige lemmings geestesverlore die see instroom juis vir daai Christelike Nasionaliste stem wat daarop uit is om jul geeste aan bande te lê en jul dinkvermoë in te span tot die groter glorie van volkswankultuur en eiegeregtige breinvervetting!"

Hoe mis mens nie die ontmaskering van ons eietydse politieke bedrog, die kapitalistiese vertonerigheid en kleinburgerlike sekerhede nie. En die skrywende humor waarmee dit alles gebeur, ingebou ook in die taalspel waarmee Blum die hogeres gelyksny?

BESTAAN DAAR IN ons tyd nog briefwisseling van dié aard, waarin daar met venyn, met insig, met 'n wye verwysingsagtergrond gepraat word oor die wêreld van boeke en skryf? Formuleer daar nog mense hul sieninge oor die gemeenskap so onbeskaamd en selfversekerd, maar met 'n beroep op die stem van 'n hele Westerse tradisie?

Is daar, buiten Breyten Breytenbach, enige skrywer ▶




**Die lewendige kwartaallikse Amerikaanse filmtydskrif *Cineaste* was tot dusver onbeskikbaar weens die kulturele boikot. Die jongste uitgawe bekyk die omstrede *Malcolm X* uit 'n verskeidenheid oogpunte - vir én teen die rolprent. Daar word ook gekyk na wat in die Oos-Europese rolprentwêreld gebeur sedert die val van die Berlynse Muur en nuwe gay rolprente soos *Swoon* en *The Living End*, wat 'n bohaai in Amerika veroorsaak het, word bespreek. Die leesstof is prikkelend en in 'n toeganklike styl. Cineaste is net beskikbaar by Phambili Books in Johannesburg. Die telefoon- en faksnommer is (011) 29-4944.**



# het skisofrenie peter blum vernietig?

DEUR PHIL DU PLESSIS

DIE Afrikaanse digter Peter Blum het in Mei 1960 uit dié land vertrek, nadat dit geblyk het hy sou nie maklik die een ding kry wat hy van Suid-Afrika wou hê nie - burgerskap. As Joodse kind wat voor die Nazi's gevlug het, het hy van ander lande net 'n vae herinnering gehad. Hy het hom in 'n Afrikaanse gedagtesfeer ingeleef.

Sewe maande tevore druk hy sy teleurstelling só uit in 'n brief aan WEG Louw: "Om hierdie redes voel ek dit met 'n mengsel van weemoed en bitterheid dat ek nog nie ten volle deur hierdie land aanvaar is nie."

Dié gevoelens word digterlik uitgedruk in sy vers "Voltaire op Ferney":

*Wie orden en dink, boer altyd tussen twee ryke,*
*dus asem ek vry in hierdie grenslandlug*
*half buite 'n Frankryk, groot in wanpraktyke,*

*wat op my denke, ek op sy lafheid, stuit,*
*terwyl elke nag Genève, klein en stug,*
*sy poorte teen my soos teen die duiwel sluit.*

Sover bekend het Blum ná sy vertrek nooit weer 'n gedig in Afrikaans geskryf nie. Sy ▶

toegeneëntheid tot die kultuur het in haat verander. Sy korrespondensie met ou kennisse in Suid-Afrika het opgedroog en alle bande met sy ou tuisland is uit Brittanje onherroeplik verbreek.

Van 1974 tot met sy dood was al teken dat Blum nog lewe, poskaarte van 'n besonder skatologiese (of soos Barend Toerien dit het in die Tydskrif vir Letterkunde by 'n paar briewe aan hom geadresseer, "skunnige") aard, wat hul ontvangers hoogs ontstel het.

Dié kaarte was veral gerig aan DJ Opperman (aan wie hy eens 'n "joviale" of "demoniese" keuse van foto's vir sy verseboek aangebied het, met snedige verwysings na bloemlesings) en WEG Louw (wat nie veel gehelp het met aansoeke om burgerskap nie, met 'n byna demoniese vreugde in die moord op HF Verwoerd).

Dit is egter moeilik om die geestelike verandering wat in Blum plaasgevind het, heeltemal te verstaan. Die spitsvondighid, die kreatiwiteit en die verbeeldingrykheid wat in sy gedigte en sy briewe uit die vyftigerjare so duidelik spreek, het in dié kaartjies met hul obsessionele beledigings heeltemal verstar. Lees jy uitsprake soos dié:

*O Pooperman. Joe sooty clank*
*I have a wonderful idea for you!*
*A new Bloomlesing!*
...
*I have even thought of a title*
*for your bloomleasing of smouse graps*
*A HUNDRED YEARS OF HOGGENHEIMER*

*Rather fine, don't you think.*
*Best wishes for Tsafendas day.*
...
*I celebrate (far more than the Great Trek!)*
*The day on which Oom Henkie cacked in heck.*

wil jy sê: die man is gek!

Die antisemitisme sluit aan by rassistiese opmerkings in die gedig "Bolander in die Binneland" uit Enklaves van die lig.

*"Die kaffers sit my af. Hul praat ons taal maar krom,*
*en hul velle stink na luiperd, asgaai en trom."*


Jode, kaffers en Afrikaners land in dieselfde vervolgende kategorie: dieselfde taal vir gehate wesens.

Blum was altyd liggeraak, maklik om te glo dat mense teen hom is en uiters venynig. Niks was vir hom heilig nie en hy het min waarde geheg aan persoonlike verhoudings.

In sy laaste brief aan Toerien (1965) reduseer hy dié se gehegtheid aan Ingrid Jonker tot "skunnige" verwysing na seks. "Onthou: die piel gaan 6 duim diep. As sy jou bedfellow was op enige geleentheid en vir enige tydperk sal ek natuurlik mooier praat van haar. Jou ontliggaamde romantiek kan ek nie waardeer nie: ek is mos die apostel van die geslagsdaad (met FL) in Afrikaans."

Die indruk van 'n paranoïede, skisoïede persoonlikheid word gewek. Hy het beslis nie 'n gebalanseerde karakter gehad nie. Al die moeilikheid wat hy tydens sy verblyf in Suid-Afrika ervaar en veroorsaak het, kan nie net aan sy kreatiwiteit, of sy reaksie op die Calvinisme en apartheidspolitiek hier toegeskryf word nie.

Dit is moontlik dat daar selfs tydens sy verblyf in Suid- ►




# 'n seun word groot

*All Shook Up* deur William Bedford, Picador.

**WILLIAM PRETORIUS**

IN William Bedford se *All Shook Up* (Picador) is die sestigerjare 'n tyd van heimwee en onsekerheid vir die 16-jarige Stephen Godard, wat emosioneel en fisiek dobber deur 'n gevoellose landskap, 'n verhouding met Caroline, die slim dogter van 'n kernfisikus, 'n vriendskap met Matthew, wat 'n pyniger blyk te wees, en los werkies as 'n hoenderplaas-arbeider en 'n polisieman. Bedford hanteer dit alles met merkwaardige sensitiwiteit en 'n klem op realisme. Hopelik sal die slapband-uitgawe dié onderskatte skrywer aan 'n breër publiek beskikbaar stel. Sy vorige roman, *Happiland*, was op die kortlys vir die 1990 Guardian Fiksieprys.


## ► die verlore stem

wat die moed (of die talent) het om Afrikaans te vat en hom te knie en te draai en te meet en te pas en te las? Of wat met soveel gemak hoogvaardigheid nek kan omdraai deur die keuse van 'n spotnaam vir een van die groot geeste?

Want is die skrywery in Afrikaans nie nog steeds wat dit toe was nie " 'n mug's game - jy's afhanklik v/d goeie wil en goeie smaak van 3-4 mense"? Met ewe veel bedenkinge oor wat die goeie smaak nou eintlik moet beduie.

Met dié studie oor Peter Blum bewys Kannemeyer weer dat sy eie bydrae as navorser moeilik oorskat kan word (die enkele leedvermakerighede eenkant gelaat). Hy maak 'n venster groot oop op 'n boeiende era in die Afrikaanse letterkunde en oortuig my byna dat Blum se vertrek miskien "die grootste enkele verlies was wat die Afrikaanse literatuur tot op datum gely het". (6)

*Wat het geword van Peter Blum?* moet wyd en lekker gelees word, en Afrikaans Stereo moet 'n dankie kry vir die subsidie uit die Skrywersfonds wat dié publikasie moontlik gemaak het. ■




Pimlico is 'n reeks sagtebandboeke met 'n boeiende verskeidenheid herdrukke en nuwe uitgawes. Tim Jeal se *Livingstone*, oorspronklik in 1973 uitgegee, is 'n hoogs leesbare uitbeelding van dié ontdekkingsreisiger. Ook in die Pimlico-reeks - die omslae is onmiddellik uitkenbaar - is *The African Experience* deur Roland Oliver, 'n nuwe, prikkelende geskiedenis van die vasteland wat begin met die pre-koloniale idille en eindig met Mandela se vrylating. Daar's ook boeke soos *The Literary Outlaw* deur Ted Morgan, oor die lewe van William Burroughs; *The Art of Memory* deur Frances A Yates, 'n elegante verslag van die rol van die geheue in die geskiedenis; *The Fall of Berlin* deur Anthony Read en David Fisher; *Surviving the Holocaust* deur Avraham Tory; en John Richardson se onlangse pryswenner, *A Life of Picasso*.

▶ Afrika tekens was van dieper geestelike krankheid as net 'n persoonlikheidsteurnis.

Blum se pa is in 'n sielsieke-inrigting in Johannesburg oorlede. Volgens sy gedig "Die Kranksinnige", oor 'n ou man in 'n sielsieke-inrigting wat moontlik oor sy pa handel, lyk dit of dié aan skisofrenie gely het.

Een simptoom van dié siekte is 'n obsessie met sintuie. Soos Ernst Lindenberg gesê het, is die drieluik "Drie Uiterstes" in Enklaves van die lig belangrike sleutels tot Blum se psige. Daar is 'n beheptheid met en oorsensitiwiteit wat die sintuie vir visie en gehoor betref.

Die beroemde "Man wat mal word" wys 'n insig in skisofrene gedagtestoornis, met konsepte wat ineenvloei in die talle neologismes, wat net te na aan die psigotiese waarheid is om bloot skeppende vindingrykheid te wees. Die laaste woord, WOKNAKWYF, is ondeurdringbaar, verby die rede. Vir my is dit profeties.

Toe Blum se kommunikasies uit Brittanje tot die invul van gedrukte kaartjies gekrimp het, pryk op die agterblad van die kaartjies onder die ander raaisels nog 'n ondeurdringbare private woord:

*Realisme*
*Vrijmoedigheid*
*IBREVDIP*
*London*

Kannemeyer sê volgens Ina Rousseau, het Blum altyd met pluisies in sy ore geslaap. Was dalk gepla deur hallusinasies, eerder as net 'n hipersensitiwiteit vir geraas?

Ek is oortuig daarvan Blum was skisofreen. Die verarming van gedagteprosesse wat die poskaarte wys, die selfverwaarlosing en gebrek aan kommunikasie met die medemens aan die einde van sy lewe wat Kannemeyer uitwys, is tipies van dié tragiese siekte.

Ek is oortuig dat die laaste twintig jaar van Blum se bestaan werklik "leeg en sinloos" was, soos Kannemeyer dit stel, tipies van 'n skisofreen se verarmde geesteslewe. Akute psigotiese ervarings kan sin hê, maar die lang nadraai van die siekte is bloot organiese verval.

Gerrit Olivier, in sy bespreking van Kannemeyer se boek in De Kat, praat van Kannemeyer se "dramatiese psigologiese verklaring": dat Blum se haat jeens Suid-Afrika en die Afrikaanse lettere; sy geestelike verval, 'n a-politiese rede het. Hy aanvaar dit nie en dit is sy kritiek teen die boek.

Kannemeyer gaan na my mening nie ver genoeg nie, omdat dit hom buite sy veld sou voer. Blum was sieker, die tragedie groter as wat iemand nog in die openbaar gesê het.

Die stres verbonde aan Peter Blum se persoonlike geskiedenis; die verwerping wat hy hier in die land ervaar het, gekoppel met 'n genetiese tendens wat in sy pa se siekte geopenbaar is, het gelei tot die afbraak van die persoonlikheid wat tipies is van skisofrenie. ■

boeke

# hoe gaan dit by die boekmense?

**WILLIAM PRETORIUS**

DORON LOCKETZ het oortollige boeke uit sy private versameling begin verkoop op vlooimarkte in Johannesburg. Nou besit hy Yeoville Bookstore (648-2002) en Book Dealers (726-4054) in Melville, Johannesburg, en hy's pas terug van die Miami Boekefees - " 'n boeke-hemel".

Britse en Amerikaanse boeke word daar met "verstommende" intensiteit bemark: boeke word gratis weggegee, dit wemel van bekende skrywers, daar's tonne handelsware: boekmerke, leeslampe, kaarte, sakwapens, magnete, plakkate, kennisgewingborde, ens. En natuurlik T-hemde - met slagspreuke soos: "Outside a dog, a book is a person's best friend. Inside a dog it's too hard to read."

Daar's werkwinkels, eindelose uitgewerspartye, en vir $20 kon jy brekfis eet met Margaret Thatcher, wat haar memoires kom bekendstel het. Jy kon ook dans na die maat van 'n rock-groep met Stephen King en die rillerskrywer John Grisham as lede.

Kan so 'n fees ooit hier gebeur? Miskien. Maar die plaaslike mark is te klein, sê Doron, die geletterheidsyfer te laag en die boekpyse te hoog. Dis 'n uitdaging vir plaaslike uitgewers - "as jy almal sover kry om plaaslike boeke te lees, sal hulle ander boeke ook lees."

Doron het 'n voorraad boeke aangekoop - ook 'n groot seleksie oor feminisme, 'n onderwerp wat al hoe gewilder raak, sê hy, veral in sy boekwinkel in Yeoville.

DIE BAKEN-BOEKWINKEL Exclusive's in Hillbrow, Johannesburg, sluit einde Augustus. Maar die stad sal nie heeltemal sonder boekwinkels gelaat word nie. Alan Street het Select Books (836-0511) in Bank City in die middestad oopgemaak. In 'n terneergedrukte ekonomie? Ja. Hy's optimisties. "Boeke is uitstekende waarde vir geld," sê hy, "self in moeilike tye."

Hy het eers deeglik nagedink: " 'n Klein ou soos ek kan dit nie bekostig om te eksperimenteer nie, so ek moes vasstel watter soort boeke lesers wil hê."

Verrassend genoeg is daar 'n vraag na gehalte-leesstof, nie net blitsverkopers nie, hoewel hy 'n keur van dié in voorraad hou. Lesers soek verskeidenheid, sê Street, en het ontdek "gehalte beteken nie noodwendig verveling nie."

EN DAAR'S 'n nuwe tweedehandse boekwinkel, The Book Shop (339-3482), in die Braamfonteinsentrum, Berthastraat, waar jy steeds eerste uitgawes teen billike pryse kan kry. Eienaar Jackie Pentz sê hy wil klante waarde vir geld gee en die groot verskeidenheid boeke ingeprop in sy winkeltjie sluit fiksie - "die klassieke met 'n paar blitsverkopers" - wetenskapfiksie, literêre kritiek, sport, akademiese boeke, ens in.

Hy's "sterk op Africana en die plaaslike geskiedenis, ook onlangse arbeidsgeskiedenis, vakbonde en swart politiek wat onderdruk is."

En hy's trots op sy vermoë om skaars boeke op te spoor, enigiets wat 'n leser wil hê. Hy voorsien boeke aan klante tot in Australië en die VSA. ■

# vrouefront

## wat's kiesergeletterdheid **nou onder ons meisies**

deur sus strydom

KOM 'n vriendelike versoek om vriendelik genoeg te wees om my huishulp(e) wat (glo) ingeskrewe lede is van die XYZ-party (ag, kom, u weet van watter party ek praat!) die geleentheid te gun om 'n seminaar vir verkiesing-geletterdheid by te woon.

Nou weet ek nie hoe vriendelik die seminaar gaan wees nie, maar buurvrou, 'n lid van hierdie o, tog, so welwillende party, meen dit sal rasend goed wees en rasend voordelig vir die land, om nie te praat van hoe rasend opvoedkundig dit oor die algemeen gaan wees vir ons dierbare, getroue huishulpe nie.



Sus het 'n huishulp, reken, en sy is heeltemal téén die politiek, téén die munisipaliteit en téén die taxi's en téén die tsotsi's, in daardie volgorde. En sy wou ook niks weet van 'n vergadering van die Women's Lobby nie. Sy't ander dinge, sê sy, wat veel meer eisend op haar aandag, haar tyd en haar welwillendheid is.

Soos?

Soos, demmit, haar kind deur standerd nege te kry, haar borduurwerk vir die kerkprojek klaar te kry en saam met Grace koomste naweek Tembisa toe te gaan.

Sy weet van die politiek. As sy in 'n taxi klim, of sy loop in die township die straat af is daar altyd iemand wat vir haar iets wil vertel van die "party". Al die mense sluit by al die "parties" aan vir rus en vrede en dat hul huise nie afgebrand raak nie.

Kyk, sê Sus, om na vroue met hul voete op die aarde te vry, sit nie in elke man se broek nie.


Hier in die Front (dis nou ons losse groepie wat altyd sufficient consensus kry want ons vat niks nonsens van niemand nie) het ons reeds die kwessie van kiesergeletterdheid deeglik bespreek, ons het al die grondwet deeglik bespreek en ons het die Nuwe Suid-Afrika ook al deeglik bespreek. Die slotsom is dat al hierdie betaalde/gekoopte agente wat die groot partye aanstel om vir lede te smous net mooi hul geld en hul tyd mors.

Dis nou 'n nuwe nasie, dié. Soos filmsterre kom klop hulle aan die deur, drink jou koffie, gebruik jou telefoon, praat met jou oor jou huishulp, om liefdeswil en dan kan hulle nie eens sê vir wat jy gaan stem en wat daardie stem vir jou in die sak gaan bring nie.

Toe Loes met die flikvlooiende agent kom gesels, wou sy net weet hoekom hy nie regte werk kry nie - en dis wat ek ook wil weet. Nou kom smous hulle met die politiek en 'n hele nuwe genre van liegstories word gebore. Seg die identiese Arnold Schwarzenegger (net die ene is heelwat swarter as die wit Schwarzenegger) vir Loes sy soek tog vrede, sy soek tog goeie opvoeding vir haar kinders, sy soek tog werk en kos en klere, nie waar nie? Toe sê Loes sy't meeste van daardie dinge, dankie, al wat sy wil weet is, hoekom is margarien nou duwwel die prys, hé?

Gotcha! Daar sit die ou met sy bek vol tande. Tyd gemors, charm gemors, stomgeslaan voor die werklikhede van die lewe.

(Loes sê sy wil anyway nie seminaar toe gaan nie want sy wil nie Egoli mis nie.)



# die see word voller

## die scuba-gier pak al hoe meer suid-afrikaners beet

deur ina van der linde

Beter as in 'n akwarium. Marietjie Houghton, 'n duiker van Pretoria, kan byna aan die visse raak. FOTO'S: EMILE HOUGHTON

SCUBA-DUIK, daardie sport wat vroeër net vir macho-manne bedoel was, word deesdae heeltemal oorgeneem deur jappies - natuurlik tot die volslae weersin van Die Manne.

Bosman en Van der Merwe se Tweetalige Woordeboek vertaal scuba as vryduik. Maar ongelukkig vir die taalpuriste beteken die woord "vryduik" nie juis veel vir deelnemers aan dié sport nie - behalwe as dit sou verwys na die motorplakkers wat spog: "We do it deeper."

Scuba is die afkorting vir "self-contained under water breathing apparatus", en dis nou maar eenmaal hoe dit in die volksmond leef.

Scuba-duikers beweer dis die sport wat die vinnigste groei in die land. Die bergfietsryers sal dit dalk betwis. Maar daar is - soos die fietsryers ook sal kan getuig - groot geld te make uit enige sport wat goed genoeg gepropageer word.

Winkels wat in duik-toerusting spesialiseer, het die laaste paar jaar soos paddastoele verrys. En saam met hulle die klubs wat scuba-kursusse aanbied - en gewoonlik verbind is met 'n winkel wat duiktoerusting verkoop. Van Nelspruit tot Pretoria tot Bloemfontein duik die mense - 'n see ofte not.

Dan is daar natuurlik die duur glanstydskrifte wat die sport bevorder en die jongste toerusting aan blinkoog lesers bekendstel. Dis die plek om duikgeesdriftiges te oortuig: Hi doll, jy kan glad nie klaarkom sonder daai neonpienk duikbril wat pas by jou pienk-en-blou duikpak (wat pas by jou pienk geverfde boetiek-naels) nie.

En wat van daai pienk paddavoete oftewel "vinne" soos dit deesdae genoem word. Of die bypassende pienk duikhorlosie-cum-rekenaar, wat jou wys hoe diep jy is en sommer jou totale duiktyd onderwater vir jou bereken. G'n wonder Die Manne snork van verontwaardiging nie. In die goeie ou dae moes jy jou kop en tydtabelle gebruik.

Maar dit kan 'n duur plesiertjie word. Om 'n duikkursus vir beginners te volg kos tussen R450 en R700, plus klubgelde wat wissel tussen R100 en R300. En as jy die toerusting nuut wil koop, sal dit jou nog so R7 500 uit die sak jaag. Dit sluit die hele toetie in - van die basiese duikpak, bril, snorkel en paddavoete tot by scuba-toerusting soos 'n duiksilinder, asemhalingstoerusting en 'n spesiale reddingsbaadjie wat bekendstaan as 'n dryfkompensator. Dié baadjie kan onderwater op- of afgeblaas word sodat 'n duiker sy diepte kan reguleer.

WAT SOU DIE VADER VAN DIE "akwalong" van dié swierige spulletjie dink, wonder 'n mens. Toe Jacques Cousteau die moderne duiksilinder ▶

ontwikkel het, het dit sommer nog rof gegaan onderwater. In 1942, vertel hy in sy boek *The Silent World*, het hulle nog op 'n vlak seebodem rondgeloop en lug gesuig deur 'n tuinslang gekoppel aan 'n pomp bo water.

Neonpienk duikpakke? Aikôna. Destyds het hulle met vetgesmeerde lywe geduik om die ergste koue af te weer. Later het Cousteau vir hom 'n pak van rubber-materiaal aanmekaargewerk - 'n ontwerp waarmee sportwinkels vandag duisende rande verdien.

In 1947 het hy sy lyf proefkonyn gehou om 'n studie te doen van die sogenaamde "ekstase van die dieptes" - 'n uitwerking wat die stikstof in saamgesperste lug by sekere dieptes op die liggaam het. Onder die groot druk onderwater word die stikstof wat jy op land skadeloos inasem, opgeneem in die bloedstroom en dit kan eienaardige waanbeelde en hallusinasies veroorsaak. (Dié probleem is later uitgeskakel deur helium pleks van stikstof met die suurstof in die silinders te meng.)

"Op 200 vt het ek die metaalagtige smaak van saamgeperste stikstof geproe - en is ek onmiddellik en ernstig aangetas deur die ekstase-uitwerking," vertel Cousteau. "My kop was vol verwaande gedagtes en uitbundige vreugdes. Die enigste ding wat ek kon verstaan, was dat daar geen dak of vloer in die blou kamer is nie.

"Ek het die potlood opgetel en op 'n bord geskryf: 'Stikstof het 'n vuil smaak!' Ek kon later nie onthou dat ek die potlood vasgehou het nie. Nagmerries uit my kinderjare het my gedagtes oorheers. Ek was siek in die bed, angstig met die besef dat alles in die wêreld dik is. My vingers was worse. My tong was 'n tennisbal. My lippe het grotesk opgeswel...

"Op 'n diepte van 264 voet het die water 'n onaardse gloed verkry. Op 297 voet was ek die diepste onafhanklike duiker in die geskiedenis. In my gehalveerde verstand is die bevrediging wat ek hieruit geput het, gebalanseer deur 'n satiriese selfveragting."

COUSTEAU WAS 'n pionier, 'n avontuurlike verkenner van die onbekende. Vandag het die sport vir die taaistes onder ons 'n sport vir sissies en modepoppies geword. Bygesê, danksy Cousteau, ook 'n taamlik veilige sport - mits die veiligheidsmaatreëls goed ingeprent is.

Maar dis nie heeltemal sonder gevaar nie - en juis dié feit is deel van die sport se bekoring, sê 'n geesdriftige duiker. "Jy weet daar is twee verdiepings water bo jou, en as iets verkeerd loop, kan jy doodgaan. Dit sorg vir 'n ekstra tikkie adrenalien."

En elke duiker word opnuut 'n ontdekkingsreisiger soos Cousteau. "Dis 'n heel ander wêreld wat jy binnegaan onderwater - 'n wêreld wat onafhanklik van die mens bestaan," sê die duiker. "Jy kom as 'n besoeker daar aan. En jy verstom jou aan 'n ganse stelsel van lewe wat jou nie nodig het nie." ■

## duur plesier

### Wat kos dit jou om 'n scuba-duiker te word? So lyk 'n kwotasie by 'n groot duikwinkel in Pretoria:

**DUIKKURSUS:** R400 vir tieners (16 en ouer) en studente en R500 vir volwassenes. Die mees gespesialiseerde kursusse kos R700.

**DUIKPRAKTIES:** R316 vir vyf duike by Sodwana om te kwalifiseer. Dit sluit verblyf vir drie nagte in. Klubs vra tot R60 per persoon wat nie lid is van die klub nie om hulle op die see uit te neem om te gaan duik.

**KLUBGELDE:** R40 tot R100 om aan te sluit, plus R8 per maand. Party klubs vra tot R300 per jaar. **DUIKBRIL:** R130 - R300 **PADDAVOETE:** R320 - R500 **SNORKEL:** R53 **DUIKSTEWELS:** R170 **DUIKSILINDER:** R1 200 - R1 500 **ASEMHALINGSTOESTEL (REGULEERDER):** R1 280 tot R2 000 **DRYFKOMPENSATOR:** R1 900 - R2 500 **DUIKPAK:** R600 - R800 **GORDEL MET GEWIGTE:** R75 - R90

# scuba-skade

## wat doen die duikers aan die seelewe?

NOUDAT die duikgier hoog loop, neem die stroom duikers wat die see invaar jaarliks met honderde nuwelinge toe. En 'n hoogtepunt vir hulle is om losgelaat te word op die tropiese koraalriwwe by die gewilde duikersparadys Sodwana aan die Natalse noordkus.

Sodwana is deel van die groter St Lucia en Maputaland Marine-bewaringsgebied wat deur die Natalse Parkeraad beheer word. Die beloning vir die duiker is van 'n ander wêreld: duisende veelkleurige visse wat tussen die sagte en harde korale deurswem, wuiwende seewier en neonkleurige seeslakke en wurms.



**Die tweebalk-anemoonvis leef in simbiose met groot see-anemone, waarvan die netelselle vir die meeste visse giftig is. Wanneer gevaar dreig, retireer die vis tussen die giftige tentakels in tot die gevaar verby is.**

Maar bewaringsbewustes in Natal is bekommerd. Verlede jaar het die geesdriftige duikers 92 000 duike op die riwwe in Sodwana aangeteken - gemiddeld 253 duike per dag. Een duiker kan gewoonlik sowat twee duike per dag inkry en bly gewoonlik sowat 30 minute lank onder water voordat die suurstof gedaan is.

Daar is sowat vyf riwwe in die Sodwana-gebied, tussen sowat 3,2 km en 19,5 km die see in. Party dae is daar tot 20 bote wat duikers vervoer by een rif te sien.

In Desember lyk dit op die verafgeleë strand - wat in die reënseisoen net met 'n vierwielvoertuig bereik kan word - soos 'n warm somersdag op Clifton, met 'n paar verskilletjies. Waar Sodwana so 15 jaar gelede nog 'n ongerepte paradys vir die soekers na stilte en afsondering was, wemel die strand deesdae van vierwiel-voertuie en jaag daar voortdurend groot ski-bote in en uit die baai - sommige met duikers op en ander met vissermanne.

'N NUWE ORGANISASIE met die naam Environmental Divers International (EDI) probeer duikers nou bewus maak van die skade wat onnadenkendes kan aanrig deur stukke van korale af te breek of daarteen te stamp. Conrad Hennig, woordvoerder van EDI, sê die meeste skade word aangerig wanneer onervare duikers nie weet hoe om hul dryfkompensators (die op- en afblaasbare baadjie wat 'n duiker se diepte beheer) te gebruik nie en dan teen die korale stamp of daaraan vashou wanneer hulle deur die ondersese strome ▶

rondgepluk word. Die regte swemtegnieke moet aangeleer word sodat duikers nie riwwe hoef te gebruik om hulself weg te skop of onnodig daarteen stamp nie. Hy vertel van die groot krapmerke op korale by die sogenaamde Tweemylrif.

Sagte en harde koraal is besonder delikaat. In sy boek *Ocean World* sê Jacques Cousteau waar net 'n stukkie van die sogenaamde takbokhoring-koraal (*acropora*) afbreek, kan 'n hele meter weens bakteriële infeksie doodgaan.

Dit word bevestig deur Sue Wells, 'n marinebioloog en redakteur van die World Conservation Union se *Coral Reefs of the World.* Duikers kan skade veroorsaak bloot deur op koraal te staan, daarteen te stamp, of toe te laat dat hulle dieptemeters en drukmeters agter hulle op die rif sleep. "Selfs ligte druk op die lewende weefsel van korale kan die slym beskadig wat 'n koraal-kolonie teen infeksie en stof beskerm."

Peter Weber skryf in die boek *Reviving Coral Reefs*, wat pas verskyn het, dat 30 bote daagliks die riwwe by die eiland Grand Cayman in die Karibiese See besoek. Hul ankers en kettings wat op die riwwe sleep, het die meeste van die riwwe in rommelhope omgeskep. Die vyf-ton anker van een boot het glo 'n area van 3 100 vierkante meter in een dag beskadig.

Die Sinai-kus in Egipte word jaarliks deur 75 000 duikers besoek en aansienlike skade is reeds sigbaar by drie van die vier gewildste terreine in die Ros Myhammed-gebied.

Die Panos Instituut in Londen, wat navorsing doen oor omgewingsbewaring en ontwikkeling, beskryf koraalriwwe as die marine-ekwivalent van reënwoude. Dit beslaan net sowat 0,17 persent van die oseaan en kom meestal voor in vlak, tropiese en sub-tropiese oseane tussen die Steenbok- en die Kreefskeerkring. Die riwwe is boonop van die oudste ekosisteme op die planeet - 500 miljoen jaar oud.

RIWWE BESTAAN uit miljoene diertjies - koraalpoliepe - wat elkeen in 'n beskermde kalksteenskelet woon. Die delikate skelette word gevorm deurdat koolsuurgas, oftewel kalsium-karbonaat, uit die oseaanoppervlak verwyder word om kalksteen te vorm.

Mikroskopies klein alge woon in die korale en verskaf voedsel in ruil vir beskerming. Wanneer koraal blootgestel word aan besoedeling, buitengewone temperatuur of beskadiging, gooi hulle hul alge-huurders uit en word wit as gevolg hiervan. Dit staan bekend as bleiking. Indien korale vir 'n lang tydperk blootgestel word aan ongunstige omstandighede, verhonger hulle en sterf.

Skade aan die riwwe, sê Hennig, kan verhinder word deur beter opleiding deur duikinstrukteurs vóórdat die duikers in die see losgelaat word. Daar is duikklubs wat uitstekende opleiding gee, maar ook ander vir wie die geld belangriker is as die standaard van opleiding. Dis veral teen laasgenoemde dat Hennig dit het.

Duikers moet behoorlik geleer word om hul dryfkompensators so te gebruik dat hulle nie teen die riwwe bots of daarop trap nie. Deel van 'n duikkursus behoort 'n Duikkursus behoort kennis



**'n Bedding korale wat lyk soos Namakwaland in blomtyd. Die sagte poliepe is duidelik sigbaar bo die kalksteenskelette. As gevaar dreig, trek die poliepe terug in die skelette.**

oor die see-ekologie in te sluit en 'n deeglike kennis van die skade wat aangerig word wanneer skulpe of korale verwyder word.

Maar Hennig, en 'n mede-stigter van EDI, die haaikenner dr Beulah Davies, meen dis onmoontlik om beperkings op die aantal duikers of bote te plaas wat per dag die see invaar. Daar moet eerder toegesien word dat dié wat wel duik, goed opgelei is.

Voorts pleit hulle vir deeglike navorsing oor hoeveel mense werklik daar duik en watter skade aangerig word, deur sekere gedeeltes van riwwe vir duikers te sluit en dan te kyk hoe dit vergelyk met die oopgestelde riwwe.

Hier is ook 'n vangplek. Hennig het self 'n aantal duikwinkels en bied self duikkursusse aan. Onder meer 'n omgewingskursus wat R700 kos en waar meer geleer word oor onderwater-ekologie.

Beteken dit nie dat die EDI duikkursusse (en duikwinkels) op 'n slim manier bemark deur omgewingsbewaring as foefie te gebruik nie? "Dit is so dat scuba-duik 'n baie winsgewende bedryf is," sê Hennig. "Maar ons probeer om winsgewend te bly deur die mense wat ons oplei te behou. Dis tot die bedryf se voordeel om bewaring toe te pas, want as die riwwe vernietig word, is dit die bedryf self wat die meeste gaan verloor."

Ander groot duikklubs soos Ocean Divers International sluit ook omgewingsbewaring in by hul kursus. Dit word al hoe meer beklemtoon, sê 'n woordvoerder.

Omgewingsbewustes is dit eens. Die aantal duikers op Sodwana hoef nie beperk te word nie. Op die ou end sal almal daardeur verloor: die duikklubs, die duikbedryf én die Natalse Parkeraad.

Jeff Gaisford, skakelbeampte van die Natalse Parkeraad, sê die koraalriwwe in die St Lucia en Maputaland-gebied bestaan uit sagte sandsteen waarop korale en ander seeplante groei. Die talle duikers wat in Sodwana gaan duik, sal ongetwyfeld 'n uitwerking op die riwwe hê.

Maar hy verskil van EDI oor die omvang van die skade. Navorsing deur die See-Navorsingsinstituut (SNI), wat sekere semi-permanente moniteringsgebiede van die riwwe afgepen het, wys dat die groot aantal duikers verbasend min nadelige invloed op die gebied het. Die meeste "duikskade" is beperk tot die kante van skeure en rotsagtige canyons waaraan duikers geneig is om vas te hou.

'n Span van die SNI onder leiding van dr Mike Schleyer bestudeer die laaste maande die uitwerking wat duikers en storms op die koraalriwwe het. Hulle het bevind dat storms ter see baie groter skade aan die riwwe veroorsaak as die duikers. Groot golwe veroorsaak sterk ondersese strominge wat groot stukke koraal afbreek. Die vallende koraal beskadig die delikate sagte koraal en ander plante. Dié skade is duidelik te sien by Tweemylrif. Dis dus nie die dom duikers wat die riwwe verniel nie, maar storms.

Nogtans stem Gaisford, self 'n ervare duiker, saam dat duikers moet leer om hul duikkompensators so te gebruik dat hulle so min moontlik aan die riwwe raak en verkieslik sowat 'n meter bokant die riwwe swem.

As jy dus die geld, die regte toerusting en 'n vierwiel-voertuig het, en die gedrag op die strand en onder die water kan verduur, sit vir jou 'n duikbril op en join the club!


# christi speel pop



deur christi van der westhuizen

✓★★★★★ verslawend ★★★★ oorrompelend ★★★ oulik ★★ beige ★ nat

# suede kamp uit



Michael Franks



'n Big Mountaineer



Rod Stewart

**★★★★★ Suede - *Nude***

Gallo: **CD**

STERIELE klein ditties gesing deur blonde Barbie-poppe deurdrenk die rakke en radio-speellyste al jare lank. **Veral die tagtigerjare het gebuk gegaan onder dié oninspirerende fenomeen waarvan die uiterste versinnebeeldings sekerlik Madonna en Michael Jackson is. Groepe soos U2 en Sting se Police (albei ewe pretensieus) moes vergoed vir die binnegoedlose idole van daardie era.**

Maar nou's ons in die jare negentig: reeds twee nuwe tendense het hul merk gemaak: techno en grunge. Veral laasgenoemde dui op 'n kreatiewe herlewing in pop.

Albei het in Amerika ontstaan. Die vraag is: waar is die Britte? Tradisioneel (so "tradisioneel" soos pop kan wees) het Britse pop vir dramatiese vernuwing gesorg. Dink aan die Beatles, Led Zeppelin, Bowie, punk.



Anderson in volle swang

In die tagtigerjare is Britse pop oorheers deur sag-in-die-kop-musiekfabrieke (soos Stock, Aitken & Waterman) wat minderjarige Australiërs en Levi-verpakte tweelinge in ons oorgate geforseer het. Die zoem van dié eendagsvliegies sterf gewoonlik vinnig weg - om net weer vervang te word deur nóg minderjariges in knap kleertjies.

SUEDE spring tot ons redding. Hulle is vier jong Britte in voeling met die meer indrukwekkende figure in pop. 'n Gevoel van *déjà vu* oorval die luisteraar meer as een keer: Brett Anderson, die hoofsanger, het die melodrama van Morrissey *sans* morbiditeit gekombineer met die histrioniese sangstyl van Bowie.

*Nude*, hul debuutplaat, is deurspek met moreel dubbelsinnige, provokatiewe, soms poëtiese lirieke en vuurspuwende, hoogs estetiese kitaarwerk - vergesel deur Anderson se dodelik teatrale stem. Hy sit camp terug in pop: sy sang is met tye amper histeries, dan gevoelvol, dan koketterig.

Die lirieke neig onbeskaamd na die homoërotiese. 'n Uitlokkende Anderson sing spuls in "The Drowners": "...my brother... writes the line wrote down my spine/ It says 'Oh do you believe in love there?'/ So slow down... you're taking me over/ And so we drown, Sir we drown, stop taking me over." Diep husky backing vocals verleen bykomende erotiese tekstuur aan die song.

Suede vang die *Zeitgeist* soos ervaar deur die X-generasie (die twentysomethings) oortuigend vas. "So Young" beskryf dié generasie as jonk en "gone". Die "gone"-tema (verlorenheid, rigtingloosheid) duik 'n paar keer op. In "Breakdown" spesifiseer hy: ná 'n treffende beskrywing van die lewe in die voorstede ("Back where the dogs bark/ where still life bleeds the concrete white") maak hy die opmerking dat sy verstand "gone" is. In "Sleeping Pills" is hy "Gone gone to Valium".



Suedeheads: Simon Gilbert (tromme), Anderson, Butler (kitare) en Mat Osman (bas)

Ligsinnig is die seuns nie. Die aangrypende "She's not dead" handel oor 'n vrou wat tot haar einde gekom het met "exhaust in her hair". 'n Somber prentjie van die verlies van 'n minnaar en die daarmee gepaardgaande ver-grysing van die lewe word geskets in "Animal Nitrate" ('n skerp verwysing na amyl nitrate ofte wel poppers).

Anderson bekla sy sosiale onaanvaarbaarheid in die dramatiese "Pantomime Horse". Bernard Butler se atmosferiese kitaarspel vul Anderson se wanhoop briljant aan.

Suede bring welkome verligting van die squeeky clean, nikseggende pop van vandag. Sanitêr is hulle nie. Wel uiters talentvol met 'n sensuele aanvoeling vir die riskante.

# en:

**★★ Michael Franks**

***Dragonfly Summer***

Tusk: **KASSET**

Franks is 'n vriendelike kêrel: hy maak onveeleisende agtergrondmusiek vir 'n lomerige Sondagmiddag. Sagte saxofone vul die jazzy klanke fyntjies aan - net so fyntjies soos sy stemmetjie die ordentlike, unoffensive lirieke prewel.

**★★★ Big Mountain**

***Wake Up***

Rampant Records: CD


Mense wat oorpyn het van pseudo-reggae *à la* UB40 sal 'n sug van verligting slaak by die aanhoor van Big Mountain se rustige loslit reggae. Hier is 'n edge wat opvallend afwesig is by die Britse werkersklas-seuns - al wat steur, is die positivistiese boodskappies (soos "anything is possible as long as we believe") in die meeste liedjies.

**★ Rod Stewart**

***Unplugged... And Seated***

Tusk: **KASSET**

Stewart moet verheug wees oor MTV se akoestiese herlewing van verloopte popsterre se musiek - nou kan hy weer vervelige sentimentele ballades uitkras én 'n paar dollars inpalm. Huidige tendense in popmusiek - of die wêreld - beteken niks vir Rod nie: al wat hy op sy brein het, is "Hot Legs", mama. En dan wonder hy raunchy: behoort daai paar hot legs aan 'n skoolmeisie? Indien wel, des te beter. Net Rod kan die volgende sing sonder om te stik: "Hey, Mr DJ, keep those records playing/ 'cause I'm having such a good time dancing with my baby."



Douglas is D-Fens

# vallende siekte

## Regisseur Joel Schumacher se *Falling Down* vang die gefrustreerde *zeitgeist* vas

deur christi van der westhuizen

DIS 'n oggend soos enige ander. Hy stap by sy werkplek in en so in die loop bring hy 'n outomatiese geweer te voorskyn. Ná 'n paar minute lê vyf mense dood en is agt verwond. Hy trek vir oulaas die sneller en sterf tussen mense wat die afgelope vyftien jaar kollegas van hom was. Onderhoude met kennisse beskryf hom as 'n teruggetrokke mens wat nie baie praat nie. Hulle kan dit nie glo nie.

Dié is nie 'n scenario uit 'n geweldadige *Terminator Two*-agtige skop, skiet en donder film nie. Dit stem wel ooreen met gevalle wat die laaste tyd gereeld in die nuus voorgekom het. En nou ís daar 'n film daaroor.

Met *Falling Down* kyk regisseur Joel Schumacher, bekend vir films soos *Flatliners* en *St Elmo's Fire*, na persoonlike en sosiale vervreemding. "Dit kyk na daardie gevoel van 'n groeiende woede, 'n groeiende frustrasie, 'n groeiende ineenstorting van die gemeenskap. Ek het gevoel daar is 'n diep, donker, groeiende kanker in die strate van ons stede en dat dit ons lewens beïnvloed.

"Mense probeer dié onoplosbare probleem vermy, terwyl dit gehanteer moet word, of anders gaan meer en meer mense disintegreer. Hierdie film probeer die probleme tot uiting bring op 'n donker humoristiese manier," sê Schumacher.

Die probleme waarna hy verwys, strek van rassisme, seksisme en homofobie tot by sakkerollers en onaptytwekkende kaasburgers - dus van die kleiner irritasies van die lewe tot die meer ondraaglike issues wat 'n mens gefrustreerd en magteloos laat voel.

DIE FILM SPEEL in Los Angeles. Een bloedige warm oggend word 'n gewone Janrap genaamd D-Fens in 'n verkeersknoop vasgevang. Dié keer vererg hy hom. Te voet durf hy die pad na sy vervreemde vrou se huis aan.

*En route* verander D-Fens in 'n moderne kruisvaarder, 'n moralistiese elimineerder wat ongeregtighede in sy pad platvee met behulp van 'n pasgevonde indrukwekkende arsenaal.

Michael Douglas, wat laas - potsierlike lyfie en al - in *Basic Instinct* gesien is, speel D-Fens, eens 'n amptenaar in die verdedigingsdepartement wat homself eensklaps werkloos vind. D-Fens vind die ontnugtering (om onverwags uit 'n knusse, stabiele werkomgewing geruk te word) te veel en bring dit tot uiting op 'n lewensgevaarlike, self-destruktiewe wyse.

Douglas beskryf die draaiboek as "a breath of fresh air". "Dit hanteer die verlies van die middelklas in Amerika, mense wat die Protestantse etiek gevolg het, wat hul ganse lewens lank hard gewerk het en niks het om daarvoor te wys nie."

Robert Duvall speel Prendergast, 'n gemoedelike polisieman op D-Fens se spoor. Schumacher meen Prendergast is 'n spieëlbeeld van D-Fens. "Deel van die briljansie van die draaiboek was dat Prendergast 'n man is met dieselfde probleme as D-Fens. Hy word nie waardeer nie, hy is 'n vergete man. Hy het huweliksprobleme. Hy het 'n kind verloor op die aakligste manier denkbaar. Hy is strydend, maar bly steeds selfloos."

INTERESSANT GENOEG is die film geskiet ten tyde van die Los Angeles-onluste. Volgens Schumacher was daar sekere mense wat wou hê dat hy die verwoesting in die stad deel moes maak van *Falling Down* - soortgelyk aan Spike Lee se styl in *Malcolm X* om hedendaagse figure en gebeure in films wat in die sestigerjare speel, te gebruik. Vir Schumacher sou dit uitbuiting van die tragedie om kommersiële redes beteken het. "Daar was 'n sekere deel van my wat gedink het 'wel, ek's seker naby aan 'n sekere waarheid hier', maar ek sou verkies het om dit nie te gesien het nie."

"Ek het nogal geglimlag, maar die glimlag was eerder profeties en hartseer as selfingenome," vertel Douglas. "Jy kon die klimaat in Los Angeles voel. Aan die een kant was ek bekommerd oor die stad - maar aan die ander kant het ek lewendig en in voeling met my instinkte gevoel."

Aangesien *Falling Down* sensitiewe sake hanteer, was Schumacher en Douglas ongemaklik oor die moontlikheid dat die rolprent as rassisties geïnterpreteer kon word. "Wanneer mens 'n stedelike verhaal soos dié doen en jy wil getrou wees aan dit wat in 'n stad voorkom, kan jy nie anders as om oor rasselyne te tree nie. Ons was senuagtig daaroor, maar ons het gemeen dis 'n integrerende deel van die verhaal. Die bad guys is regdeur die spektrum versprei - hulle is ook wit," sê Douglas.


Menige kyker sal hulle vereenselwig met die gefrustreerde D-Fens - in die negentigs voel mens 'n soort waansin het posgevat: van die afgryslikhede in Bosnië-Herzegovina tot die afskuwelik sinnelose moord op onskuldige kerkgangers deur gesiglose monsters in Suid-Afrika. Magteloosheid kan 'n mens noop om sake in eie hande te neem. Schumacher reageer: "Ja, ons is almal gefrustreerd, en, ja, dit sal wonderlik wees om 'n masjiengeweer uit te ruk as enigiemand ons 'n harde tyd gee. Natuurlik sal ons almal dan al dood gewees het." ■

# resensies

★ ★ ★ ★ ★ Voortreflik
★ ★ ★ ★ Sterk aanbeveel
★ ★ ★ Sien Gerus
★ ★ So-so
★ Vermy as jy nugter is



Die oulike Brad Pitt



Kelly Lynch

# film

Deur CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN

## net jou oë geniet dit

**★★ A RIVER RUNS THROUGH IT**

Robert Redford het 'n stemmingsvolle film oor struwelinge binne 'n gesin probeer maak. Die eindproduk is 'n Camel-advertensie: wonderskone natuurtonele met heelparty skote van harige mans-arms. Redford slaag nie daarin om die hooftema van die film (manlike kameraderie en 'n daarmee gepaardgaande onvermoë om uiting te gee aan gevoelens) suksesvol uit te bou nie - moontlik omdat sy akteurs te lig in die broek is. Dit lyk of voorkoms - eerder as toneelspel - die dryfveer agter die keuse van hoofspelers was. Brad Pitt is baie mooi, maar sy karakter bly ongedefinieerd: al wat die kyker opval, is sy perpetuele cutie pie-glimlaggie en versigtig gestileerde haartjies. Craig Sheffer is minder mooi en 'n effens beter akteur; Tom Skerrit is aantreklik, maar oortuig glad nie as die stoere patriarg nie - hy is veels te vriendelik. Die film het te veel stiltes: die mans (al drie oënskynlik intelligent) se eensin-"gesprekke" bestaan uit niksseggende clichés. *A River Runs Through It* is 'n mooi, maar substansielose film.

## met 'n gigolo in die middel

**★★★ THREE OF HEARTS**

DIE drama in *Three of Hearts* wentel om 'n konvensionele tema: die liefdesdriehoek. Maar dié is 'n ietwat ongewone liefdesdriehoek: 'n lesbiër (die wonderlik off-beat Kelly Lynch van *Drugstore Cowboy*-faam) probeer haar gewese minnares (Sherilyn Fenn) terugwen deur 'n gemoedelike gigolo (William Baldwin) te huur om haar te verlei en dan haar hart te breek. Die hoop bestaan dat Ellen (Fenn) sal terugkeer na haar eertydse beminde. Dié meesterplan sorg vir heelparty komiese gebeure. Tog is die film menslik: die wisselwerking tussen Lynch en Baldwin is eg en oortuigend. Baldwin verras met 'n sensitiewe vertolking: hy is meer as net 'n sekskat. Dieselfde kan nie vir Fenn gesê word nie: haar spel is beperk tot die gebruik van haar wenkbroue. Artistieke pretensies kniehalter ongelukkig die film: regisseur Yurek Bogayevizc hou van uitgerekte tonele met onnodig interessante komposisies. Die film sloer aan: drie moontlike slottonele gaan verby voor die film uiteindelik eindig.

# kabaret

## Passievolle Pascal

HUL aanhangers was miskien veral soldate en homoseksuele, maar Edith Piaf en Marlene Dietrich se invloed strek vandag - sestig jaar ná hul heyday - oor alle grense heen. En Danièle Pascal se vertolking van die twee reuse laat die asem wegslaan.




Neethling en Pascal

Pascal vang die stemming van Piaf en Dietrich in kabaret roerend vas: sy is met tye weerloos, kinderlik, dan uitdagend. In die narratief tussen die liedere vertel sy Piaf en Dietrich het vervulling in die kollig gevind - weg van die koue lig van harde werklikheid. Pascal leef dít uit: sy is meer as 'n uitstekende sanger: sy vertolk die rolle aangrypend. Elke maniërisme en gesigsuitdrukking beeld die tragiek van veral Piaf se lewe aandoenlik uit.

Janine Neethling vul die vertoning met flair aan: haar gevoelvolle klavierspel weerspieël Pascal se passie.

Ongelukkigheid is hanteerbaar solank ekstase moontlik is, vertel Pascal. Dié vertoning vang dit volmaak vas. - CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN

● Pascal se *Paris to Berlin* is in die Berea Park Club, Van der Waltstraat, Pretoria te sien. Lees die onderhoud met Pascal en Neethling in die volgende uitgawe van Vrye Weekblad.



Dale Cutts en David Clatworthy

# teater

## Wat is 'n speler sonder 'n dramaturg?

### Is daar hoop vir Suid-Afrikaanse teater?

Deur BEVERLEY MITCHELL

VAN Sophocles tot Shakespeare tot Tennessee Williams, het dramaturge deur die eeue inspirasie geput uit wrywing in families en onvergeetlike teater geskep: OEDIPUS REX, MOEDER COURAGE, KONING LEAR...

Twee toneelstukke wat nou dié wrywing probeer aanspreek, is Charles Fourie se DIE EEND in die Arena, Staatsteater, Pretoria; en die jong Amerikaanse dramaturg Jon Robin Baitz se SUBSTANCE OF FIRE, in die Alexanderteater in Braamfontein. Maar of dié twee dramaturge onvergeetlike teater geskep het, bly 'n netelige vraag. Wat hulle wel onderstreep, is die tragiese gebrek aan prikkelende teater in Suid-Afrika.

DIE EEND probeer om 'n lekkerlagklug aan die een kant te wees, en aan die ander kant 'n ernstige stuk wat die rol van die kuns in die gemeenskap oor die algemeen, en onder die Afrikaner in besonder bevraagteken. Dié "komedie" is losweg gegrond op karakters en gebeure in Antonin Tsjechof se DIE SEEMEEU, maar Fourie se karakters is 'n klomp Vrystaters op die plaas Aardsrand. Hul begeertes, liefdesverhoudings, illusies oor die kunste en hul politieke uitkyk is die stof van die toneelstuk. Die wrywing tussen ma en seun, Anna Omo (Antoinette Kellermann) die ma, en Janneman (Brian Webber) die seun, lei tot 'n tragiese einde.

DIE EEND het al die potensiaal om goeie teater op te lewer, maar omdat Fourie probeer om te snaaks, te slim en te relevant te wees, werk dié "komedie" nie op alle vlakke nie. Mens kan amper jammer voel vir Fourie want hy ís 'n ernstige skrywer, maar wil Suid-Afrikaanse gehore ernstige teater sien?

Fourie het probeer om twee soorte gehore te lok - die intellektuele en die slapsticksoeker. Met laasgenoemde het hy goed geslaag: gehore het geskater toe woorde soos "poep, moer, fok, drol..." geuiter is. 'n Man agter my het van woede gebrul toe Samson Khumalo (die boy op die plaas) aan Wilmien Rossouw (Misoes) se borste vat: "Kyk hoe vat daai kaffer aan haar wit tiete!"

In SUBSTANCE OF FIRE red die akteurs wéér die toneelstuk. Dit handel oor die wrywing in 'n Amerikaanse uitgewery wat aan 'n Joodse familie behoort. Die pa, Isaac Geldhart (Dale Cutts) is 'n sterk moralistiese karakter wat gebuk gaan onder die skuldgevoelens van iemand wat die Nazi-doodskampe oorleef het. Sy sterk wil, onbuigsaamheid en beheptheid met die verlede en die publiseer van obskure tekste oor die Joodse slagting hou rampspoedige finansiële implikasies in vir die maatskappy. Sy kinders span saam om hulle pa as voorsitter uit te skop. Dale Cutts lewer uitmuntende spel. 'n Paar mense in die gehoor het egter aan die slaap geraak omdat hulle nie kon byhou met die omslagtigheid van die teks nie. Maar miskien was dit die nagemaakte Amerikaanse aksente wat die meeste mense gepla het - veral wanneer die akteurs vergeet het om dit vol te hou.

Het ons regtig nou die kwaal van Suid-Afrikaanse teater raakgesien: swak dramatekste? Duidelik het ons in ons teater alreeds 'n merkwaardige gehalte onder akteurs bereik. Die strewe na beter tekste, beter idees en groter verskeidenheid word nou baie dringend.


*Orrelmusiek* IS STEUREND EN OPRUIEND.



*As Johannes Kerkorrel laat waai, gaan party mense se harte staan. Ander se voete begin jeuk. Afrikaanse musiek is lankal nie meer 'n eentoondeuntjie nie. Want Afrikaanssprekendes dans nie meer almal na dieselfde pype nie.*

*Die klanke het uitgespat in 'n duisternis nuwe rigtings en by Afrikaans Stereo vang ons dit alles op. Ons luister met 'n fyn oor en voer jou die beste terug. In stereo. Simfonieë, nuwe klanke, volkswysies uit 'n verre, vergete verlede, jong stemme, vars stemme, kabaret, musiek uit die stamlande, wysies van oral.*


*Ons lei jou 'n hele nuwe wêreld binne en vertel jou dinge oor musiek, oud en nuut, wat jou ore sal laat tuit.*

*Ons dink onafhanklik en ons saai landwyd uit op 100/104 FM: Diepteprogramme, insigprogramme, nuus, musiek, drama, humor. Ons is reg om 'n hele paar nuwe snare te roer.*

AFRIKAANS STEREO 100-104 FM

*r a d i o s o n d e r g r e n s e*

LINDSAY SMITHERS-FCB 5898/1/A



Die einde van 'n legende. David Campese, die Wallabies se staatmakervleuel, kan net verslae toekyk hoe Pieter Müller oorduik vir die Springbokke se eerste toetsdrie.

# nog ver van 'n wêreldspan

deur johann gerber

## Springbokrugby het nog soveel kwesplekke dat Suid-Afrika geen rede het om windgat te raak nie

GROOTMOEDIG, soos dit wêreldkampioene betaam, het die Australiese rugbyspan in hul oomblik van rou Suid-Afrika nog 'n rugbyles geleer: moenie windgat raak nie.

Die Aussies, veral dié wat nie in die eerste toets gespeel het nie, en veral dié wat oor die spel skryf en kommentaar lewer, het die laaste tyd hul eie volkslied gesing - "O Lord, it's hard tot be humble."

Toe kom 'n bra middelmatige spannetjie uit "Africa" en takel die afgod af wat die Australiese se nuusmedia van die Wallabies gemaak het.

Vir ten minste die blanke Suid-Afrikaners was dit ná 'n tyd van politieke smarte die beste lafenis wat hulle kon vra.

Eintlik moes Francois Pienaar se span veel verder gewen het.

'n Span met die ervaring van gemiddeld 12 of 15 toetse per speler sou die Wallabies verneder het. Die Springbokke het die kanse gehad om nog 'n dosyn punte aan te teken, maar is nog te groen in internasionale rugby. Die selfvertroue om soos 1974 se Leeus die teenstanders te vertrap, ontbreek nog. Eers wanneer die kern van dié SA-span minstens 12 of 15 toetswedstryde agter die blad het, sal die bokke 'n goeie span begin word. Dit kan voor die volgende toernooi om die wêreldbeker gebeur.

Springbokrugby het nog soveel kwesplekke dat Suid-Afrika geen rede het om windgat te raak nie. Die brakkolle lê veral langs die veld, waar die keurders en afrigters ná jare van isolasie nog nie soveel vordering gemaak het soos 'n groepie uitsoekspelers nie.

Provinsiale keurders wat 'n speler soos Chris Maree uit 'n span weglaat, behoort ontslaan te word. Hulle het Noord-Transvaal in 'n krisis gedompel, en 'n belowende speler sy selfvertroue ontneem en sy vordering vertraag.

Die Vrystaat-keurders speel klimtol met Hentie Maartens, wat pond vir pond die beste skrumskakel in Suid-Afrika kan word. Dat Jannie de Beer teen Noord-Transvaal so goed gespeel het, is te danke aan die tyd wat Maartens hom gegee het.


Dit is wat die bokke nodig het: 'n skrumskakel.

ROBERT DU PREEZ en Joost van der Westhuizen se talente word oorskadu deur hul grootste gebrek - hulle kry nie die bal vinnig by die losskakel nie. Die twee Springbokke het soos alle lang skrumskakels 'n onvermoë om laag op die grond te werk. Hul voetwerk en hande is te stadig en hulle probeer te dikwels, omdat hulle so groot en sterk is, eers self twee of drie treë hardloop voor hulle uitgee. Die Suid-Afrikaanse keurders kan gerus 'n lysie van die beste skrumskakels van die laaste dertig jaar saamstel. Dan sal hulle besef die bestes is nie ses voet lank nie.

Skrumskakels en snelbouler word eers gemeet en dan gekies. Lang skrumskakels en kort snelboulers op internasionale vlak bestaan om-



Die triomfantlike spanmaats Balie Swart en James Small ná die wedstryd.



Die bebloede Springbokkaptein, Francois Pienaar, en sy spanmaat James Small omhels mekaar nadat die Springbokke die Wallabies met 19-12 gewen het.



Uli Schmidt, Springbokhaker, verlaat die veld twee minute voor die einde van die eerste toets.

trent nie. Selfs Wallis se Robert Jones was maar 'n sukkelaar vergeleke met Gareth Edwards, Sid Going, Chris Laidlaw en Dawie de Villiers.

Met 'n goeie skrumskakel sou Hennie le Roux nie sy plek in die span verloor het nie en kan Joel Stransky nog 'n goeie losskakel word.

Die Springbokke het nog nie spelers wat sterk vir 'n wêreldspan oorweeg kan word nie. Uli Schmidt is steeds die beste, maar selfs James Small is nog maar bloot 'n goeie vleuel, Pieter Müller belowend en Tiaan Strauss talentvol.

Theo van Rensburg gaan uit die internasionale arena verdwyn as hy nie leer om te alle tye te konsentreer nie. Hy behoort dringend 'n afspraak met Gary Player te maak.

Nogtans het die bokke oortuigend gewen teen 'n span wat omtrent op water kon loop soos die Aussie-sportskrywers en kommentators te kere gegaan het. Nou lê selfs David Campese se reputasie aan skerwe. Die Aussies sal terugslaan, met al die talent en ervaring wat hulle 'n kampioenspan gemaak het. Hulle sal die Springbokke seker nog 'n ordentlike pak slae gee, maar vir hulle het die wiel verby die bopunt gedraai. Die Bokke is aan die teenoorgestelde kant op pad boontoe, maar nog nie by die negeuur-merk verby nie.

Die span het gelukkig in James Small se benadering die voorbeeld wat alle spelers behoort te volg. Hy glo, soos Paul Bayvel jare gelede, eenvoudig nie dat enigiemand hom kan oorskadu nie. Dieselfde eieskap lê dik in die middelveld, waar Müller en Heinrich Fuls hulle nie sal laat verneder nie.

As die voorspelers dieselfde benadering aan die dag lê sal dit veel beter gaan. ■

# wynproe

deur henry nolte

## koöperatiewe genot



DIE Noltes is geesdriftige ondersteuners van die wynkoöperasies. Terwyl ons saam met almal kla dat wyn deesdae so duur is, is dit waar ons 'n kissie of twee gaan oplaai vir die verjaardag-opskop of doopmakietie.

Ja, koöperasiewyne is uitstekende waarde. En met die nuwe ywer onder die wynmakers kom daar verbasende gehalte uit daardie groot kelders. G'n wonder nie dit is die koöperasies wat nou met die groot uitvoer-na-Engeland wyne aan supermarkte soos Sainsbury's, Tesco en ander voorsien.

Dit was 'n local-is-lekker-gevoel om verlede jaar daar in Sainsbury's onder meer Swartland Koöp se colombard op die rak sien. So teen drie pond iets, 'n billike prys daar. Ons weet lankal Swartland maak waarskynlik die beste colombard. En verlede jaar s'n met sy vol, forse neus en uitbundige vrugtigheid het ons almal se harte verower, Dit was kampioen op die 1992-jongwynskou, top droë colombard by die Wyn-van-die-maand-klub en kry 'n volle vier sterre by John Platter.

Alles welverdiend, want dié heerlike droë wyn met sy verleidelike koejawel/grenadella-geur en krokante nasmaak gee 'n vorstelikheid aan wat veronderstel is om 'n nederige stookwyndruif te wees. En teen 'n uiters billike prys.

Vanjaar s'n - pas op die rakke - is van dieselfde aard. Dit het al wéér 'n Wyn-van-die-maand gewen. Dis sakpas, eersteklas-kuierwyn. 'n Hele kartonvol kos net R61,20 by die kelder op Malmesbury.

Uit dieselfde stal kom nog 'n beskeie wyn met 'n adellike inbors. Swartland steen is ewe bemind. Ook 'n topwyn met deurdringende vrugtigheid en tintelende frisheid. Die 1993-oesjaar is soos tevore 'n vol, voorbarige chenin blanc en kos net R4,89 by Rebel en R57,60 'n kis by die koöp.

Nog 'n top-wynkoöp is ons gunsteling op pad Stellenbosch toe: Eersterivier Kelder. Vriendelike Manie Rossouw het al jare gelede Diner's Club-wynmaker gewen met sy sauvignon blanc en daardie glorie leef jaar ná jaar voort in sy wyn van dié druif. Daar's 'n herkenbare eie karakter aan Eersterivier se sauvignon blanc: 'n volheid, elegant vrugtig, en 'n droë grasagtigheid wat lank in die mond bly. Dis ook wyn wat goed verouder en met die jare 'n ryker diepte kry.

Vanjaar se sauvignon blanc is weer lekker en agter die jeugdigheid proe 'n mens 'n vrugtige kompleksiteit wat goed sal verouder. Dit kos 'n gerieflike R81 per karton by die kelder.

En terwyl jy daar is, koop sommer 'n bottel of wat van hul ongewone spesiale laatoes gewürztraminer. Dié vol geparfumeerde wyn met sy driftige aromas van rose en ryk speserye is pure romantiek. Vir my werk die onderskatte gewürztraminer uitstekend as laatoes met 'n goeie dosis suiker. Skink dit op 'n helder somersdag oor ys. R6,50 'n bottel daar.


Vir die deurdrenkte soettand moet 'n mens die koöp noem op die pragtige Nuy, daar duskant Worcester. Hier maak Wilhelm Linde die beste rooi en wit muskadel - pure plesier, en hoe ouer hulle word, hoe lekkerder.

Adresse en telefoonnomers van dié wynkelders is in jou John Platter.

# ontdek 'n eetplek

deur herman lategan

## 'n outydse bordvol



Die Kaapse Tafel
Koningin Victoriastraat
Kaapstad
Tel (021) 23-1651

VAN die Kapenaars moet 'n mens geen lojaliteit verwag nie. Toe die Waterfront met al sy magdom restaurante sy verskyning gemaak het, het veral twee gebiede erg daaronder gely. Seepunt en die Kaapse middestad is *en masse* deur die dubbelhartige hordes verlaat, sodat hulle hul koslus in die hawe kon gaan temper.

Oornag het dié twee areas in 'n droewe maanlandskap verval, waar net die bergies en verwaarloosdes snags oorgebly het. Die een restaurant ná die ander het sy deure toegemaak. Maar daar is 'n paar eetplekke wat ondank alles maar net nie wil gaan lê nie.

Een van hulle is Die Kaapse Tafel Restaurant aan die bopunt van Koningin Victoriastraat en net 'n klipgooi van die Parlement. Graham Hughes, die eienaar, sit al twintig jaar egte Kaapse kos hier voor. Graham sê sy plek is al jare lank veral onder regslui, skrywers en politici gewild. ID du Plessis, wat in dieselfde gebou gebly het, was amper elke dag daar vir sy bord kos. Vandag is dit nie vreemd om regter Goldstone daar te sien nie.

John Vorster en Eschel Rhoodie het só gereeld hier geëet, dat hulle selfs hul eie private tafel gehad het. Graham vertel dat Vorster eendag erg ontsteld uit die restaurant weg is. Dit word vermoed dat dit daardie dag was, oor 'n gemoedelike bord kos en wyn, dat hy aangesê is om te bedank.

Die aand wat ek die eetplek besoek het, was daar heelparty mense. Sagte agtergrondmusiek en onderbeklemtoonde dekor het 'n onpretensieuse stemming geskep. Die diens was flink en die vars geur van gemmer, naeltjies en nartjieskille het in die lug gehang. "Omdat Kaapse kos sterk beïnvloed was deur die Maleierkookkuns, kook ons meestal met vars kruie en speserye," sê Graham. "Ek kook ook graag met kaneel, knoffel, rissies en koljander."

Ons begin met 'n bottel Zevenwacht Blanc de Blanc (R17,95). Dié droë, maar vrugtige wyn smaak perfek met my seekosbobotie (R10,95) en my proegesel se snoekpatee en melba-roosterbroodjies (R6,75). Die bobotie word voorgesit met geelrys, rosyntjies en tuisgemaakte perskeblatjang. Dit is vol vis, calamari en groot mossels en smaak net reg op 'n tipiese koue Kaapse winter.

Vir hoofgeregte is daar stomende springbokpastei met kweperjellie (R25,95) en waterblommetjiebredie (R25,74). 'n Treffende eienskap van die hoofgeregte is die vars groente wat op jou bord geskep word. Boerboontjies, groot stukke geroosterde pampoen en ratatouillie. En die man is nie skaam met sy porsies nie! Die lamsvleis wat saam met die bredie voorgesit is, is so sag (en geurig) dat dit eintlik van die bene afval. Van die ander hoofgeregte is tamatiebredie, smoorsnoek en hoender - breyani met sambal, om maar net 'n paar te noem.

Die nageregte (R7,75) word op 'n tafel uitgestal en soos in die ou dae kan jy soveel opskep soos jy wil. Vra Hennie Aucamp, hy sal weet. Ek self het al met my eie oë gesien hoe hy amper 'n hele bak Moeder Eva se appelpoeding verorber. Daar is ook koekstruif, koeksisters, melktert en pere wat in rooiwyn gekook word. Die verskeidenheid wissel van dag tot dag.

Die rekening vir twee met 'n bottel wyn, maar sonder nagereg, is maar R69,65. Middag- en aandete word bedien en in die middag is die etes goedkoper.

fynproe

# Ja, cowboy, laat haar 'n slaggie lê en lees

## *nettie pikeur* vat 'n man kombuis toe

METEENS is daar 'n nuwe man op die horison. Hy is gestewel en gespoor nes 'n cowboy van ouds, maar die stewels en spore kry gedaante in 'n nuwe waardering vir Pierneef, Sandveldstoele wat hy self restoureer, 'n holle lag as jy praat van Moët & Chandon, en hy kan nie net 'n babadoek omruil nie, maar die dingetjie se pap ook aanmaak en dit in sy mond stop.

Maar dit is sover sy kookkuns strek. Onse nuwe man het 'n diep verborge geheim: hy kan 'n keurige maaltyd in 'n restaurant bestel, maar hy kan not 'n damn kook nie. Hy weet nie wat is grasuie en tiemie en soutvleis nie en wat maak jy met lewer?

Bedaar, sir. Het ek jou nie al vertel Mies Pikeur kan 'n kind van tien leer *coq au vin* maak nie? Ek gaan jou binne 'n paar eenvoudige lesse leer kook. Hier val ons dus met die deur in die interessantste deel van die huis. Kyk, ek aanvaar jy het 'n kombuis: Stoof, yskas, 'n skoon tafelblad van minstens anderhalwe meter by 50 cm. Jy het ook lopende water, en nog belangriker, 'n yslike stapel koerantpapier. Want dit gaan jou lewe vergemaklik.

ONS BEGIN DUS by kookgerei en om dit te koop, is pret. Gaan alleen, dis jóú kombuis. Die Franse noem kombuisgoed *batterie de cuisine* - die Nuwe Man praat Frans. Hier is sy basiese lys van onmisbare gereedskap, en hy kan dit alles gaan koop sonder om die grimmig-vrolike gesegdes van die bankman op TV te onthou.

Een oggend benodig jy 'n groot vulgêre supermark, 'n larney plek soos Boardmans en 'n Clicks. Bind jou hare vas, trek jou desert boots aan, en gaan koop:

- Drie kombuismesse. Een is klein en skerp vir groente opsny (beskerm die punt met 'n wynkurk wanneer jy hom nie gebruik nie), nog een is gerieflik vir dinge soos tamaties en komkommers sny. Slegs die laaste een is geriffel - die ander se lemme is glad. Hul prys is direk aan gehalte verwant - betaal soveel jy kan.
- 'n Baie sterk, skerp kombuisskêr in sy eie houer aan die muur. Dit sny hoenders op, knip gare deur, snipper grasuie, stroop plastiekdraad van elektriese koord, en so aan.
- Twee 30 by 15 cm houtborde.
- 'n Duur bliksnyer - Italiaans is die beste en jy sal flou word van die prys, maar dis beter as flou word van die bloed van goedkoop bliksnyers.
- 'n Pepermeul.
- Emalje-ysterpotte en panne is swaar en goeie hittegeleiers. Hulle is ongelooflik sterk en weerstaan brand en mishandeling. Moenie potte en panne koop met handvatsels wat in die oond smelt nie - warm handvatsels is die prys wat jy vir veelsydigheid betaal. (Dus: twee pare stewige oondhandskoene.) Falkirk-ysterpotte in alle groottes is altyd handig en my ovaal Franse yster-emalje het al honderd bredies, boboties, poedings en soppe gekook. Kry tog potte en panne met deksels, as jy kan.
- 'n Vergiettes (dis 'n sif, man, groot en van metaal); 'n maatbeker, nie van glas of plastiek wat onder kookwater sal bars nie; 'n whisk (neem minder plek as 'n eierklitser) 'n gatjieslepel en soplepel so groot as moontlik; 'n plat eierskepper; minstens vier houtlepels; 'n rasper; 'n pastalepel met tande.
- Swaar aluminiumfoelie en ses vadoeke.
- Verder benodig jy 6 eetborde (Clicks of Sotheby's, nes jy wil), 6 kleinbordjies, so 4 erdebakkies of potjies, al die breekware wat jou ouma aan jou opdwing, veral die opskepborde en regop bakke, plus handevol opskeplepels en teelepels by vlooimarkte, 'n bak om pasta of slaai te maak en uiteindelik, 'n elektriese voedselverwerker.

Pak jou *batterie de cuisine* uit, vind plek om alles steeds byderhand te hou ('n ou erdepot is voortreflik vir eetgerei met lang stele) en draf af om 'n paar basiese bestanddele vir jou geliefde se eerste ontbyt te koop: 'n halfpond botter, ses eiers, 'n bossie grasuie (dis nou chives), 'n Franse brood, so R3 se cheddarkaas, los peper vir die pot. En 'n *Business Day* vir jou geliefde in die bed.

Nou maak jy vir julle roereiers met brood. Moenie dink dis sommerso nie. Geen water of melk by die mengsel nie, and watch the whole thing like a hawk.

### ROEREIERS MET BROOD EN KAAS

Draai die brood in foelie toe en druk in die oond op hitte 140 grade. Haal 'n pan uit en plaas op 'n plaat so teen 2 as dit 1 uit 6 gemerk is. Sny met jou messie 'n klont botter so groot soos 'n duifeier (come on, cowboy) en smelt in die pan. Rangskik 'n skinkbord met 2 borde, 2 klein bordjies, sout, botter in 'n potjie, peper, messe en vurke, alles op jou ouma se geborduurde lappie en 2 servette. Vat 'n erdepotjie en breek 4 eiers daarin, rasper twee eetlepels kaas by en voeg twee draaie swartpeper by, asook drie snippers grasuie wat jy met jou skerp kombuismes knip: Jy sal uiteindelik leer 'n pot groeiende grasuie op die vensterbank is 'n beter idee.

Klits die eiers met jou whisk, en bekyk die botter in die pan. Is dit gesmelt? Gooi die hele eiermengsel in die pan. Vat jou houtlepel en begin dadelik en stadig die eiermengsel wegtrek van die rande, die klonte roer en die spul rondkrap tot dit nog loperig is maar begin lyk soos Zerban's se restaurantscrams. Haal van die stoof af en skep dadelik op twee borde.

Haal die brood uit die oond, draai toe in 'n servet, en bedien die salige perfekte eiers, brood en botter sonder om hoegenaamd 'n fuss te maak oor sy lê en effekte lees. ■

# klipoog

## die vreemde land vol gewone mense

KLIPOOG is jammer dat *Ordinary People*, die reeks oor "gewone" Suid-Afrikaners Donderdagaande op TV1, nou einde se kant toe staan, want dit is van die boeiendste en noodsaaklikste kykstof wat ons al gekry het. Die fynste ironie van die Weekly Mail Television se reeks is natuurlik die titel - want om 'n "gewone" lewe in Suid-Afrika te lei, moet 'n mens in dié tyd van storms seker as kluisenaar iewers in 'n grot bly.

Klipoog meen dis geregverdig dat "uitsonderlike" gebeurtenisse soos die AWB se inval by die World Trade Centre in die reeks ingesluit is - nie net omdat die TV-span heel toevallig dié dag daar was nie, maar omdat dié melodramatiese mense in kakie-klere vir die huidige ook 'n "gewone" deel van ons abnormale land is.

Abnormale land? Klipoog sê so omdat gebeure soos dié soort buitensporige politieke geweld - wat in "gewone" menslike bestaan hoogs uitsonderlik behoort te wees (Klipoog droom nou van 'n "normale" samelewing) in - Suid-Afrika al so deel geword van die daaglikse bestaan dat ons dit skaars meer ongelooflik vind. Dit ís abnormaal om nie meer deur elke geweldsdaad, elke menslike dood tot in jou murg geskok te word nie. Bloot om te kan aanhou funksioneer, distansieer 'n mens jou noodwendig in sekere mate van die werklikheid.

MAAR DIT LEI ewe noodwendig tot emosionele afstomping - en hiervoor is die Ordinary *People-reeks* 'n uitstekende teenvoeter. Die krag van die reeks lê daarin dat dit nie gaan oor "onsigbare" politieke magte nie, maar oor werklike enkelinge en die manier waarop hul afsonderlike lewens deur die "gewone" Suid-Afrikaanse werklikheid beïnvloed word. Jy leer jou onsigbare bure ken.

Twee van die treffendste episodes tot dusver vir Klipoog was die een oor die bankrot boer se plaas wat opgeveil is en die nag in Sebokeng. In dié twee aflewerings is onderbeklemtoning meesterlik gebruik - die enkele handgebaar, die enkele sin wat boekdele spreek. In die veiling-episode byvoorbeeld: die boerseun wat toekyk hoe op sy familie se besittings gebie word en bitter brom dat een van die kopers nes 'n "aasvoël" lyk; die bejaarde plaaswerker wat nou nêrens het om heen te gaan nie en bloot sug: "Dis verby."

Maar die nag in Sebokeng was vir Klipoog sover die onstellendste. Niks dramaties het dié nag gebeur nie, maar die uitgebeelde lewenswyse in Sone 7 - "Angola" vir die inwoners - is 'n surrealistiese nagmerrie waarvan elke Suid-Afrikaner wat snags rustig slaap kennis móét neem.

Klipoog sê surrealisties, want hoe anders kan 'n mens dié nagtonele beskryf: die polisie-pantserwaens wat soos lomp oerdiere deur die donker waggel, die comrades wat al singende ("Ons is vegmasjiene") hul slote in die pad grawe om die motors van sluipmoordenaars te stuit; die eensame vrou wat in haar huisie sit en vrees dat die mense wat haar bure geskiet het, wéér sal kom; die dronk (wit) motoris wat in die vroeë oggendure midde-in dié waansin verdwaal, die verskrikte (swart) motoris wat deur die comrades gestop word en hulle verbouereerd aanspreek as "gentlemen".

En die polisiesersant op patrollie se droë kommentaar: "Ek glo nie in dié stadium is daar iets anders wat ek wil doen nie - dis lekker, daar's baie aksie."

Wat dié episode ook tot 'n hoogtepunt verhef het, was die spel met lig en duisternis: die aand, die nag, die oggend, die elektriese ligte van die pantserwaens teenoor die vuur waarby die comrades hitte soek, die eensame vrou se verligte venstertjie nietig in die nag, en so meer.

Klipoog is geïmponeer deur die knap redigeerwerk waarmee die rustof van die *Ordinary People*-reeks telkens saamgevoeg word om 'n samehangende, meesleurende eenheid te vorm. Kommentaar word subtiel gelewer - nie regstreeks nie, maar deur kontraste: soos in die Sebokeng-aflewering die teenstelling tussen die gesigspunte van die comrades wat hulself as bewakers van die gemeenskap beskou en die polisiesersant wat beweer dis juis die Self Defence Units wat die meeste "probleme" veroorsaak.

Almal "gewone" Suid-Afrikaners - maar hoe verskillend is die Suid-Afrika's nie wat hulle afsonderlik beleef.

### Droomwêreld

HOE noodsaaklik 'n reeks soos *Ordinary People* is om TV-kykers in voeling te bring met die werklikhede om hulle, word onderstreep deur 'n ligsinnige teenpool daarvan soos *Top Billing*, die yuppie-droom wat elke Vrydagaand gedroom word.

Dié droom bly van week tot week so onveranderlik soos die twee breë glimlagte wat dit aanbied. Dis die droom dat jy wel in 'n land soos ons s'n vir jou 'n volmaakte klein wêreld kan skep - mits jy net goeie smaak en genoeg geld het.

Omring jouself met die regte huis, die regte wynglase, die regte modes, die regte snoekertafel en siedaar - jy's gepantser teen elke moontlike ongeluk. Maatskaplike euwels staan net soveel kans om tot dié wêreldjie deur te dring as wat kieme 'n kans staan om 'n gaatjie te maak in daardie twee stelle blinkwit tande wat so ongeërg wellewend van designer-sitkamer tot designer-sitkamer sweef.

Maar nou ja, 'n mens mag seker droom.


### Siek reklame

LOOP KLIPOOG dit per toeval mis - of het daai simpel TV1-advertensie genadig verdwyn? Dis nou die een waarin die gesin so deur die TV-programme rondrits en onder meer in 'n rugbybal beland.

Dit was om meer as een rede 'n simpel idee. Vir eers irriteer dit 'n mens oneindig as jy na 'n kanaal sit en kyk - en skielik word als onderbreek om jou te sê jy moet na dié kanaal kyk.

Boonop onderstreep dié besondere advertensie (wat seker ook peperduur was) die ergste couch potato-aspek van TV-kyk: dat jy naderhand nie meer onderskei tussen werklikheid en fiksie, oftewel tussen aktualiteit en advertensie nie, en als maar net gevoelloos voor jou oë laat verbystroom op 'n skerm waar lewe en dood niks meer is nie as tydelike afleiding. ■

# brolloks & bittergal



## die seisoen van boude en borste

Daar is heelwat ooreenkomste tussen ons en die Russe. Die jongste een wat duidelik begin word, is dat ons ewe behep is met kaal vroue en pornografie noudat ons sensuur opgehef word as wat die Russe was toe hulle wette verslap is.



Gaan kyk maar in jou naaste kafee na die aanteel van tydskrifte wat op die liggame van vroue konsentreer - meer en meer, kaler en kaler. Eers was tepels die deurbraak, nou is dit skaamhare. 'n Nuwe sekstydskrif, die Amerikaanse *Hustler*, het laasweek hier aangekom.

En dié week kom die liewe M-Net met 'n advertensie-tariewekaart waarop 'n poedelkaal vrou verskyn - soos in full frontal.

In die promosiemateriaal verklaar verkoopbestuurder Pete Oxlee dat M-Net op 29 Oktober die Penthouse Pet of the Year gaan uitsaai. "For the first time on South African TV screens the Publications Control Board will allow full frontal shots - another milestone in SA's 'starry' career."

Some milestone. Ag nee, man. Lyk vir Bittergal M-Net se winslus het sy goeie smaak verbygesteek.

## hier's 'n ding

**Die Franse brandewyndorpie Condom moes al baie spot met hul naam verduur, en nou cash hulle in daarop. Hulle bottel 'n spesiale Armagnac vir die sestigste verjaardag van die groot kondoomvervaardiger Durex.**

**Kan ons eie Kommando-brandewyn nie 'n trick hier leer nie?**

## voorspel tot onheil

Gepraat van *Hustler* en van banaal wees. In sy eerste uitgawe wat nou verbied is, is daar 'n artikel met die opskrif "Is there a future with the ANC?" En onderaan is daar 'n lok-paragraaf wat só lees (regtig, dis nié 'n Brolloks-grap nie):*The foreplay is nearly over. South Africa has its condom on and will shortly surge forward into destiny's erogenous zones. "Take me," she moans seductively. "And stop sucking off my tits - I've been ready for three years, dammit!"*

En in die artikel vertel die joernalis in besonderhede hoe (kastig, hoop ek) hy op pad na die ANC-hoofkantoor waar hy vir Carl Niehaus moes sien, eers by 'n escort agency in die omgewing in is: *"She agreed to give me a discount hand-job, which meant she wouldn't use her wedding-ring finger."*

Seks en politiek? Wel, ná vyftig jaar van NP-regering is dit seker ook nie nuut nie.

## blooming what?

Die Hoofman oor 'n paar honderd, Mangosuthu Buthelezi, gaan dalk nog die een ding berou wat hy nou die aand op Agenda kwytgeraak het. Op 'n vraag van joernalis Claire Robertson kap hy terug: "Does she say I'm a blooming kaffir that I can't think for myself?"

Want op 'n paar plekke het mense se koppe op en af geknik toe hy die vraag gevra het...

## geken aan jou vriende

Constand Viljoen word gesien as 'n ordentlike man, ten spyte daarvan dat hy so regs is jy kan met hom ploeg. Naas Carel Boshoff is Constand die mees besadigde en goedgemanierde regse leier wat ons in 'n lang tyd gesien het.

Maar Brolloks begin dink die volk moet dié ordentlikheid nie sommer so vir soetkoek opeet nie.

Constand het nou die laaste paar weke herhaaldelik pleidooie gelewer dat Afrikaners hulle by die AWB moet aansluit. Dit kan mos net beteken hy vereenselwig hom met die AWB.

En die AWB, dit weet ons almal mos nou, is 'n klomp onsmaaklike, onmanierlike skollies. Dié wat dit nog nie ná die Boere-inval by die Wêreldhandelsentrum besef het nie, moes die bekakiede boewe (en boewinne) dié week by die Rustenburgse landdroshof gesien tekere gaan het.

Hulle het vier AWB's kom ondersteun wat aangekla word dat hulle twee swartmense op 1 Julie vanjaar van 'n bewegende bakkie gegooi het. Dié ondersteuners se gevloek op die familie en vriende van die twee slagoffers in en buite die hof sou enige Christenmens, regs of links, bitterlik skaam gemaak het.

Dis jou vriendjies, Constand. Meng jou met die semels...

## al weer gatkruip

Brolloks het al tevore gekla oor Suid-Afrikaners se gatkruiperigheid voor die wêreld, veral soos dit in sport gemanifesteer word. Laas het Brolloks gekla oor Gary Pagel van die WP amper in die openbaar tereggestel is toe hy op die Franse rugbykaptein se kop getrap het.

Toe kom trap 'n Australiër op óns kaptein se kop in 'n voorval wat grotendeels ooreenstem met die Pagel-een. En niks gebeur nie. Tot 'n paar dae later toe Jannie Engelbrecht so onder sy baard brom dis darem nie krieket nie. En intussen raak die Australiese kommentators half histeries oor Uli Schmidt 'n man effens robuust afgestamp het toe dié hom wou tackle.

Daar is geen rede meer vir Suid-Afrikaners, wit of swart, om kruiperig te wees voor enigiemand in die wêreld nie. Inteendeel. ■

laastesê

# Niemand se eerste prys nie

**GERHARD ERASMUS,**

**professor in regte aan die Universiteit van Stellenbosch, sê aan Max du Preez die federalistiese beginsels in die konsepgrondwet maak voorsiening vir selfbeskikking.**



**Synde iemand wat self met die opstel van 'n land se grondwet gehelp het (Namibia), wat is jou eerste reaksie op die konsepgrondwet wat pas voorgelê is?**

Hierdie grondwet kan as 'n tipies liberaal-demokratiese grondwet beskryf word wat poog om demokratiese regering onder juridiese kontrole te skep (die gedagte van 'n regstaat). Dis egter baie belangrik om hierdie ideale in 'n hoogs verdeelde samelewing te probeer uitleef. Gevolglik word heelwat basiese beginsels gekwalifiseer. Die algemene indruk is egter positief.

**Watter soort grondwet is dit?**

Dit is 'n grondwet wat goed vergelyk met alle moderne demokrasieë. Dit bevat boonop federale kenmerke en mens sou dit kon vergelyk met 'n federale demokrasie soos Duitsland en ander lande wat ons vroeër Westerse demokrasieë genoem het. Ek wil egter beklemtoon dat ons grondwet in 'n totaal ander soort samelewing geïmplementeer sal moet word. Suid-Afrika is nie 'n homogene land nie, het nie 'n demokratiese tradisie nie en het ook nie ervaring van 'n federale bestuur nie.

**Is dit 'n gesonde beginsel om hierdie 'n oorgangsgrondwet te maak en om die finale grondwet deur die te verkose grondwetgewende vergadering te laat opstel? Sal dit nie beter wees om die grondwet voor die verkiesing op te stel om minderhede gerus te stel nie?**

Indien ons 'n finale grondwet redelik suksesvol in ons situasie wil implementeer, is daar twee algemene vereistes waaraan voldoen moet word. Die een is dat die grondwet op 'n demokratiese manier tot stand moet kom. Die tweede vereiste is dat die inhoud daarvan op 'n realistiese wyse die behoeftes van al die verskillende belangrike groepe aanspreek. Dit is die enigste manier om te verseker dat die meeste Suid-Afrikaners later bereid sal wees om die grondwet na te volg. Dit is baie belangrik om te besef dat hierdie grondwet deur onderhandeling en kompromis tot stand kom. Geen enkele party kan die eerste prys huis toe bring nie. Indien 'n party sy volgelinge wil oortuig dat hulle die tweede prys (dit wil sê die kompromis) moet aanvaar, moet hulle die versekering hê dat hulle eie demokraties verkose leiers mede-skywers van die kompromieë was. Ten einde minderhede vooraf gerus te stel, word daar nou reeds op sekere konstitusionele beginsels ooreengekom deur die partye wat op die oomblik by die onderhandelinge betrokke is. Hierdie beginsels moet 'n toekomstige verkose grondwetgewende liggaam bind.

**Is die voorstelle vir 'n grondwet nie te uitvoerig nie?**

Baie bepalings is gedetailleerd. Mens sou dit kon kritiseer omdat toekomstige uitleg en toepassing deur die howe hierdeur bemoeilik kan word. Aan die ander kant is die gedetailleerdheid onvermydelik omdat baie standpunte by die kompromisformulering in ag geneem moet word.

**Hoe volledig behoort kwessies soos die reg tot grondbesit en die reg tot lewe in 'n grondwet aangespreek te word?**

My persoonlike voorkeur is om 'n baie gekompliseerde en emosionele kwessie soos grondbesit liefs nie in detail in die grondwet te reël nie. Die eerste vereiste is nou om 'n werkbare demokrasie in Suid-Afrika te vestig. Daarna sal 'n reeks moeilike probleme een vir een aangespreek moet word ten einde die erfenis van apartheid ongedaan te maak. Grondbesit is een hiervan. Die rekonstruksie van Suid-Afrika sal tyd verg. Dit kan nie gelyktydig en onmiddellik in die grondwet gereël word nie. Dan sal ons nooit by die grondwet uitkom nie. In Namibia het die kwessie van grondbesit byvoorbeeld oorgestaan vir 'n latere spesiale kongres daaroor. Wat die reg tot lewe betref, sou ek verkies dat slégs die beginsel in die grondwet gestel word en dat kwessies soos aborsie en doodstraf deur die howe hanteer kan word.

**Is die soort Afrikanerstreekstaat wat Andries Beyers voorstel ingevolge hierdie grondwet moontlik?**

Ja, indien dit as één van die deelstate in 'n federasie gesien word. Die vereiste is egter dat die grense en die magte van so 'n deelstaat uitgewerk word as deel van die groter plan. Die betrokke Afrikanerdeelstaat sou nie meer regte en magte kon hê as die ander deelstate nie. Die federale grondwet sou ook die hoogste norm moet wees. Eie taal en kultuur is gewoonlik 'n deelstaatkwessie in federasies en sal ook in hierdie geval so kan geld.

**Die KP se kommentaar op die grondwet is: "Dis 'n resep vir burgeroorlog, verdere ekonomiese insinking, geweld en misdaad wat Suid-Afrika sal ruïneer." Kon die wit regses beter in hierdie grondwet geakkommodeer gewees het?**

Geakkommodeer om wat te verwerf? Ek het nog nie duidelikheid oor presies wat hulle eis nie. Sou dit daarop neerkom dat hulle byvoorbeeld die Transvaal, die Vrystaat en Noord-Natal as die ou Boererepublieke wil laat afstig, dan kan 'n mens met sekerheid voorspel dat die miljoene Suid-Afrikaners wat daar woon en nie so 'n stap steun nie, dit op gewelddadige wyse sal probeer voorkom. Nog groter geweld - volskaalse oorlog - is dan die gevolg. Die reaksie van die internasionale gemeenskap teenoor só 'n wit Afrikanerstaat sal totaal afwysend wees. Die metodes wat gevolg sal word om só 'n onwaarskynlike ideaal waar te maak, sal waarskynlik internasionale ekonomiese én militêre strafmaatreëls tot gevolg hê. My pleidooi sou wees om nie deur oorlog nie - want dié kan niemand wen nie - maar deur onderhandeling daardie Afrikaners se taal en kultuur-behoeftes binne 'n federale grondwet te akkommodeer. Federalisme bied beslis 'n basis vir selfbeskikking. ■

# Hoeveel langer moet 'n siekte wat 36 mense elke dag laat sterf dié behandeling kry?

Wat gaan ons laat besef hóé ernstig tuberkulose geword het? Dit laat meer mense per dag sterf as padongelukke, politieke geweld en selfs VIGS. 'n Kwartmiljoen mense het dit reeds. Tog is ons só geneig om dit te ignoreer.

Hoewel die Suid-Afrikaanse Nasionale Tuberkulose Vereniging alles moontlik doen om TB te voorkom, is die beskikbare fasiliteite nie in staat om die groeiende epidemie die hoof te bied nie.

TB raak buite beheer. Dis tyd dat ons drastiese maatreëls daarteen neem. Voor dit te laat is.

TB is 'n siekte wat niemand ontsien nie. Ryk of arm. Swart of wit. Ons almal is in gevaar. Enigiemand kan daaraan sterf. Meer as 13% van alle kinders wat in 'n SANTA-veldtog getoets is, het 'n primêre infeksie van tuberkulose onder lede gehad. En dit groei elke dag.

TB is aansteeklik en kan net deur 'n kiem veroorsaak word. Ondervoeding vererger die toestand. Dit begin met 'n hoes wat nie wil weggaan nie, en dan moegheid veroorsaak, nagsweet en bloed in die speeksel. Maar die ontstellendste aspek van TB is dat baie mense nie weet dit kan voorkom en genees word nie.

As u van iemand weet wat enige TB-simptome toon, laat hulle kliniek toe gaan vir 'n ondersoek.


As die toetse positief is, moet hulle behandeling kry en dit is volkome gratis. En slegs deur die volledige behandeling te ontvang, genees die TB-pasiënt.

Laat almal van ons die TB-probleem konfronteer. Deur weg te kyk, sal TB nie sommer net verdwyn nie. Maar mense sal ...

Vir meer inligting, skakel asb. ons TB-rooilyn (011) 29-9636, of u plaaslike SANTA-tak.

**Help TB Bestry.**




"My brandy, like my clothes, must have a Superior label."
Connoisseur V.O. Superior Brandy. For those who know.
A classic blend of style and taste.
Consistently smooth. Distinctive. Discerning.
THE WHITE HOUSE 2100/E